# *DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE PERSOON IN 'N GEEN-UITWEG (GEDWONGE) EGSKEIDING*

***SCHALK BASSON***

***Vir Lucille***

# VOORWOORD

Die wêreld waarin ons leef is stukkend omdat huwelike voortdurend onder druk kom. Daar is sekerlik nie 'n familie in ons samelewing wat nie op een of ander wyse deur 'n egskeiding geraak word nie. Al hoe meer kom die verskynsel na vore dat 'n persoon net eendag by die huis kom en vind dat sy huwelikmaat weg is of dat mense net eendag, teen almal se verwagting in, besluit om te skei. Die persoon wat op so 'n manier gedwing word om te skei, beleef egskeiding op 'n unieke manier. Die normale pastorale beginsels wat van toepassing is op 'n egskeiding is nie noodwendig in so 'n situasie toepaslik nie. Na 'n persoonlike ervaring wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding betref, hoop ek van harte dat hierdie studie 'n bydrae kan lewer om die pastor sensitief te maak vir die unieke behoeftes van so 'n persoon, en ook dat die riglyne wat in hierdie studie daargestel word, die pastor kan help om sinvol hulp te verleen in so 'n situasie.


Met die afhandeling van hierdie studie, bedank ek graag die volgende persone en instansies:

- Professor Ben de Klerk wat as studieleier aan my wonderlike leiding verskaf het. Hy was altyd bereid om te help ten spyte van die groot afstand en die min kere wat ons mekaar van aangesig tot aangesig kon sien.
- Die Noordwes Universiteit vir finansiële ondersteuning.
- My gemeente in Kenhardt, wat geduldig was met die tyd wat ek spandeer het aan die studie en my so goed ondersteun het met studieverlof. Mag my persoonlike groei in hierdie studie vrug dra in die gemeente.
- Mev. M. Bothma wat baie ure spandeer het aan die taalversorging van die skripsie – dit is goed om te weet dat dit wat hierin gesê word, taalkundig reg gesê is.
- My ouers, Schalk en Suzette, wat deur hul voorbeeld my van kleins af geleer het om om te gee vir ander en dat liefde vir jou naaste veel meer is as net 'n wettiese voorskrif.
- My vrou, Lucille, wat my op 'n baie spesiale manier ondersteun het in hierdie studie. Haar liefde en ondersteuning was waarlik 'n inspirasie vir my met die voltooiing van die studie. Sy was altyd daar, ten spyte van twee kinders in doeke en 'n besige program.
- En bowenal dank aan ons Heer, wat die Beskikker oor ons lewe is en ons lewens rig op die weë wat Hy wil. Soli Deo Gloria!


Schalk Basson

Kenhardt

Oktober 2007

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

**1.1. Probleemstelling** **1**
**1.2. Doelstelling** **2**
**1.3. Sentrale Teoretiese Argument** **3**
**1.4. Metode van Ondersoek** **3**
**1.5. Hoofstukindeling** **4**

HOOFSTUK 2: DIE TOEPASLIKE PASTORALE BEGINSELS VAN 'N GEEN-UITWEG EGSKEIDING 5

**2.1. Definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding** **5**
**2.2. Beginsels vanuit die Skrif rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding** **8**
2.2.1. Matteus 19: 1 – 12 8
2.2.2. 1 Korintiërs 7: 1 – 16 10
2.2.3. Afgeleide Skrifbeginsels toepaslik op 'n Geen-Uitweg Egskeiding 12
**2.3. Faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding** **14**
2.3.1. Die Aansoekende Party 14
2.3.2. Die Verwerende Party 17
**2.4. Toepaslike Pastorale Benaderings van 'n Geen-Uitweg Egskeiding** **19**
2.4.1. Die Fundering van 'n Diakonologiese Pastorale Model 19
2.4.2. 'n Narratiewe benadering gegrond op Skrifbeginsels 22
2.4.3. Afgeleide beginsels ten opsigte van die pastorale benadering van 'n Geen-Uitweg Egskeiding 24
**2.5. Basisteoretiese Pastorale Beginsels vir 'n Geen-Uitweg Egskeiding** **25**

HOOFSTUK 3: DIE PASTORALE BEHOEFTES VAN 'N PERSOON WAT IN 'N GEEN-UITWEG EGSKEIDING VERKEER 27

**3.1. Die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer aan die hand van vyf gevallestudies 27**

3.1.1. Die Geval van Louis 28

3.1.2. Die Geval van Daisy 31

3.1.3. Die Geval van Wilhelm 34

3.1.4. Die Geval van Hariet 37

3.1.5. Die Geval van Thinus 40

3.1.6. 'n Samevatting van die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer na aanleiding van vyf gevallestudies 44

**3.2. Die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer aan die hand van die naaswetenskappe van Psigologie en Sosiologie 45**

3.2.1. Die psigologiese aspekte wat oorweeg moet word in die bepaling van die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer 45

3.2.2. Sosiologiese faktore rakende die situasie van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer en bydra tot die pastorale behoeftes van so 'n persoon 48

3.2.3. 'n Samevatting van die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer na aanleiding van die literatuurstudie van die naaswetenskappe van Psigologie en Sosiologie 50

**3.3. 'n Samevatting van die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-uitweg Egskeiding verkeer 51**

HOOFSTUK 4: RIGLYNE VIR DIE VERWERKING VAN DIE TRAUMA VAN EN DIE BEDIENING VAN HOOP AAN 'n PERSOON WAT IN 'n GEEN-UITWEG EGSKEIDING VERKEER 52

**4.1. 'n Narratiewe Benadering ten opsigte van Verwerking van die Trauma van, en die Bediening van Hoop aan 'n Persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef 52**

4.1.1. 'n Narratiewe benadering ten opsigte van die verwerking van die trauma wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding tot gevolg het 52

4.1.2. Die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef deur 'n Narratiewe benadering 53

**4.2. Pastorale Hulp met die verwerking van die magteloosheid om gedwing te word in 'n egskeiding in teen 'n persoon se wil van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef 53**

4.2.1. Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma van die magteloosheid om gedwing te word in 'n egskeiding in teen 'n persoon se wil 53

4.2.2. Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die verwerking van die magteloosheid om gedwing te word in 'n egskeiding in teen 'n persoon se wil 54

**4.3. Pastorale Hulp met die hantering van die redes wat aangevoer was vir die Geen-Uitweg Egskeiding 55**

4.3.1. Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma wat die redes aangevoer vir die egskeiding tot gevolg gehad het 55

4.3.2. Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die hantering van die hartseer rondom die redes wat aangevoer was vir die egskeiding 56

**4.4. Pastorale Hulp ten opsigte van die selfbeeld van die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef 57**

4.4.1. Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma wat 'n persoon in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef in terme van sy/haar selfbeeld 57

4.4.2. Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die heropbou van die selfbeeld 58

**4.5. Pastorale Hulp ten opsigte van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek in 'n Geen-Uitweg Egskeiding 59**

4.5.1. Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma wat die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek teweeg gebring het 59

4.5.2. Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die oorkoming van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek 61

**4.6. Pastorale Hulp ten opsigte van die rouproses waar 'n Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef is as egskeiding** 62

4.6.1. Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma van die belewing van 'n Geen-Uitweg Egskeiding as die dood van 'n geliefde 62

4.6.2. Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van hulp in die rouproses waar 'n Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef word, as egskeiding 63

**4.7. Samevatting 64**

HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 65

**5.1. Inleiding 65**

**5.2. Finale Gevolgtrekking 68**

**5.3. Terreine vir Verdere Ondersoek 69**

OPSOMMING 70

ABSTRACT 71

SLEUTELTERME / KEY WORDS 72

BRONNELYS 73

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1. Probleemstelling

In die vakgebied Pastoraal is daar baie navorsing gedoen oor die pastorale bediening van persone wat egskeidings beleef. Baie is geskryf oor wat die Skrif van 'n egskeiding en die pastoraal-etiese en morele kwessies van egskeidingspastoraat aandui (Cornes 1993, Cosgrave 2001: 168 – 175). Wanneer die skopus op egskeiding verdiep, is daar egter, behalwe vir enkele vermeldings, nie genoegsaam navorsing gedoen oor die pastorale begeleiding van persone wat in die situasie van 'n egskeiding ingedwing word nie. In hierdie navorsing word gebruik gemaak van die uitdrukking: 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

Onlangse navorsing (die afgelope tien jaar) op die terrein van pastoraat aan die persoon wat in 'n egskeiding verkeer is baie min. Sover vasgestel kon word is daar nog geen navorsing gedoen oor die onderwerp van hierdie navorsing nie, nl. Die pastorale begeleiding van 'n persoon in 'n Geen-Uitweg Egskeiding. 'n Navorsingstudie sal begin by die vasstelling van die aard van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (Chetty 2002). Soos wat die benaming aandui, sal hierdie studie die omstandighede ondersoek waar 'n persoon in 'n egskeiding gedwing word deur bepaalde omstandighede of sameloop van omstandighede. Dit gebeur dat 'n persoon gedwing word om te skei, 'n persoon wat nie wil skei nie, maar moet skei omdat hy/sy vir 'n egskeiding gedagvaar word. Een maat in 'n huwelik is dikwels doodgelukkig en onbewus van sy die ander persoon wat nie gelukkig is nie. So gebeur dit al meer vandag dat iemand by die huis kom na werk en vind dat sy/haar huweliksmaat die huis verlaat het en kort daarna gedagvaar word vir 'n egskeiding. Faktore soos die post-moderne tydsgees waarin ons leef, huidige sosiologiese faktore, hedendaagse wetgewing en die gesinslewe van die moderne mens moet onvermydelik 'n rol speel in die totstandkoming van die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (Cornes 1993: 13 – 32). Omdat hierdie verskynsel al meer algemeen word is dit noodsaaklik dat die pastor genoegsaam toegerus word om die unieke pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer te verstaan en om so 'n persoon sinvol te begelei. So kan daar byvoorbeeld raakpunte wees met ander pastorale situasies soos die verwerking van die dood van 'n geliefde. 'n Unieke kombinasie van pastorale hulpmiddels en praktiese riglyne is van toepassing op die pastorale bediening aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding moet verwerk. 'n Kombinasie van pastorale model(le) sal aangewend moet word in die pastorale

begeleiding van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding moet hanteer. Modelle wat in hierdie instansie oorweeg kan word sluit in: die langtermyn rekonstruktiewe benadering van Clinebell (1992); die eskatologiese model van Louw (1997); MacArthur (1995) se herderlike pastorale benadering; die kerugmatiese "So-sê-die-Here" model van Thurneysen (1963); Hiltner (1949) se eduktiewe model; Heitink (1979) se bipolêre benadering; en Adams (1973) se noutetiese model. Nuwere tegnieke of ander invalshoeke soos die narratiewe gespreksmodel (Botha 2003) kan beslis ook oorweeg word as 'n sinvolle bydrae. Die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding vereis dat verskeie faktore verreken moet word in die rekonstruksie van 'n sinvolle lewe na 'n Geen-Uitweg Egskeiding. (De Klerk 2002) Wat sal dan die beste benadering of kombinasie van benaderings wees in die begeleiding van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding moet verwerk?

Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie is: Watter riglyne vir pastorale begeleiding van 'n persoon in 'n Geen-Uitweg Egskeiding kan deur middel van navorsing daargestel word?
Vrae wat hieruit voortspruit is:

- Watter toepaslike Skriftuurlik-pastorale beginsels kan vir 'n Geen-Uitweg Egskeiding geïdentifiseer word?
- Wat is die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer het?
- Watter praktiese riglyne kan aan die pastor gegee word vir die bediening van hoop aan en vir die verwerking van die trauma van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer het?

## 1.2. Doelstelling

Hierdie navorsing het ten doel om riglyne vir die pastorale begeleiding van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer te bied.
Die meer spesifieke doelstellings van die navorsing is om:

- Die toepaslike pastorale beginsels vir die bediening aan persone in 'n Geen-Uitweg Egskeiding te identifiseer
- Die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer te omskryf
- Riglyne neer te lê aan die pastor vir die bediening van hoop aan en die verwerking van die trauma van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer

## 1.3. Sentrale Teoretiese Argument

Daar bestaan bepaalde pastorale beginsels en riglyne vanuit die Skrif vir die bediening van hoop op 'n nuwe toekoms, aan die persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer het.

## 1.4. Metode van Ondersoek

Die navorsing in hierdie studie geskied vanuit die Gereformeerde teologiese tradisie. Voorts word gebruik gemaak van die metode van Zerfass (1974: 166 e.v.). Dit bestaan uit: 'n basisteorie wat uit die teologiese tradisie gevorm word: 'n metateorie wat uit ander grens- en hulpwetenskappe gevorm word en wat meehelp om praktykteoretiese perspektiewe te bepaal; en vanuit hierdie twee domeine, 'n poging om 'n nuwe of aangepaste praktykteorie daar te stel.

Ten einde die doelstellings van hierdie navorsing te bereik sal daar van die volgende metodes gebruik gemaak word:

- 'n Basisteorie sal gevorm word deur 'n omvattende studie van literatuur wat toepaslik is op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding sal gedoen word om die toepaslike pastorale beginsels van 'n Geen-Uitweg Egskeiding te identifiseer. Die literatuurstudie sal aandag skenk aan: die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding; die beginsels vanuit die Skrif rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding (insluitend etiese aspekte); moontlike faktore vanuit die gesinslewe en sosiale omgewing wat aanleiding kan gee tot die ontstaan van die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

- Op metateoretiese vlak sal, ten einde die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, behoorlik te kan omskryf, 'n kwalitatiewe empiriese studie gedoen word. Dit sal die intensiewe bestudering van vyf gevallestudies behels, deur middel van vraelyste en onderhoude. Hiermee saam sal 'n literatuurstudie van die naaswetenskappe van die Psigologie en Sosiologie rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding gedoen word, ten einde die pastorale behoefte van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, verder te belig.

- Met inagneming van die resultate van die literatuurstudie (die basisteorie) en die empiriese studie (die metateorie) sal daar aan die hand van literatuur beskikbaar riglyne neergelê aan die pastor vir die bediening van hoop aan en die verwerking van die trauma

van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer. Hierdie riglyne sal saamgestel word vanuit 'n breë verskeidenheid van pastorale modelle ten einde die spesifieke situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding die beste pastoraal aan te spreek.

## 1.5. Hoofstukindeling

Die skripsie sal aan die hand van die volgende hoofstukindeling aangebied word:

- Hoofstuk 1 Inleiding
- Hoofstuk 2 Die Toepaslike Pastorale Beginsels van 'n Geen-Uitweg Egskeiding
- Hoofstuk 3 Die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer
- Hoofstuk 4 Riglyne vir die verwerking van die trauma van en die bediening van hoop aan 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer
- Hoofstuk 5 Samevatting

# HOOFSTUK 2

# DIE TOEPASLIKE PASTORALE BEGINSELS VAN 'N GEEN-UITWEG EGSKEIDING

In hierdie hoofstuk van die studie word 'n basisteorie gevorm vir die pastorale bediening van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Dit word gedoen deur 'n omvattende studie van literatuur wat toepaslik is op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding te doen sodat die toepaslike pastorale beginsels van 'n Geen-Uitweg Egskeiding geïdentifiseer kan word. Die literatuurstudie sal aandag skenk aan: die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding; die beginsels vanuit die Skrif rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding (insluitend die etiese aspekte); en moontlike faktore vanuit die gesinslewe en sosiale omgewing wat aanleiding kan gee tot die ontstaan van die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Behalwe vir 'n literatuurstudie rakende die toepaslike pastorale beginsels van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, word verskillende pastorale benaderings wat op 'n Geen-Uitweg Egskeiding van toepassing mag wees, bespreek.

## 2.1. Definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding

Ten einde die pastorale beginsels wat op 'n Geen-Uitweg Egskeiding van toepassing is te identifiseer, sal die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding eers behoorlik gedefinieer moet word. Soos wat die benaming aandui, is hier sprake van 'n unieke vorm van egskeiding.

Die proses om 'n Geen-Uitweg Egskeiding te definieer moet onvermydelik begin by die definiëring van 'n egskeiding. Adams (1973: 32) se definisie van 'n egskeiding is duidelik: "A divorce is the repudiation and breaking of that covenant (or agreement) in which both parties promised to provide companionship (in all its ramifications) for one another. A divorce is a declaration that these promises are no longer expected, required or permitted." Hierdie definisie van Adams stel dit duidelik dat 'n egskeiding 'n gesamentlike verbreking van die huweliksband tussen man en vrou is. Egskeiding is derhalwe 'n doelbewuste optrede waartoe albei partye toestem, waarin die huweliksband verbreek word.

'n Geen-Uitweg Egskeiding is 'n vorm van egskeiding waarin een van die partye tot 'n egskeiding gedwing word. In 'n Geen-Uitweg Egskeiding moet een party deur die pynlike proses van 'n egskeiding gaan sonder dat hy/sy daartoe instem. Die kwessie van instemming is hier krities in die verstaan van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. In teenstelling met die definisie van 'n egskeiding

(soos dié van Adams waarna hierbo verwys word), is die party wat nie tot die egskeiding instem nie steeds emosioneel en moreel verbind tot die huwelik. Die party wat nie instem tot 'n egskeiding nie eerbiedig sy/haar verbintenis tot die huwelik soos op die dag wanneer die huwelik voltrek is. 'n Geen-Uitweg Egskeiding is derhalwe 'n egskeiding wat plaasvind sonder dat instemming deur albei partye daartoe bestaan.

Die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding was nie moontlik tot en met die verandering van wetgewing waarin dit vir een party (die gewillige party) moontlik geword het om 'n egskeiding af te dwing op 'n ander party (die onwillige party) nie (Chetty 2002: 28). Die feit dat daar in 'n egskeiding sprake kan wees van 'n onwillige party, 'n huweliksmaat wat glad nie daartoe instem nie, maak die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding 'n werklikheid. Die persoon wat nie instem tot die egskeiding nie en gedwing word tot 'n egskeiding word in hierdie studie beskou as die slagoffer van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

Die omstandighede wat daartoe lei dat 'n persoon homself/haarself in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding bevind, kan verskil van persoon tot persoon. Tog bly daar een gemene deler, naamlik die feit dat so 'n persoon teen sy wil en wens deur die proses van 'n egskeiding moet gaan. 'n Persoon kan onwetend en niksvermoedend gekonfronteer word met die werklikheid van 'n egskeiding. Die verskynsel dat 'n persoon na werk by die huis opdaag en vind dat hy/sy deur sy/haar lewensmaat verlaat is, kom al meer in ons samelewing voor (Chetty 2002: 103). Die gevolglike egskeiding wat uit so 'n situasie voortspruit, kan beskryf word as 'n Geen-Uitweg Egskeiding, aangesien een party in die huwelik nie toegestem het tot die stap van 'n egskeiding nie. Dit gebeur ook dikwels dat 'n egpaar struweling en probleme in hulle huwelik ervaar. Na vele pogings om dit op te los, besluit een party dat hy/sy net nie meer kan aangaan nie, terwyl die ander party nie kans sien om die huwelik te beëindig nie. As die eersgenoemde party voortgaan met 'n egskeiding en die laasgenoemde steeds volhou dat die huwelik nog 'n kans het, sou die laasgenoemde persoon 'n slagoffer van 'n Geen-Uitweg Egskeiding wees.

Vervolgens is dit belangrik om die onderskeid te tref tussen 'n Geen-Uitweg Egskeiding en 'n egskeiding wat uit nood geskied. Die punt waarop 'n Geen-Uitweg Egskeiding verskil van 'n egskeiding wat uit nood geskied, is die kwessie van toestemming tot die daad van egskeiding (Chetty 2002: 43). Persone wat hulle in situasies bevind waar 'n egskeiding onafwendbaar is, soos byvoorbeeld waar gesinsgeweld voorkom, gaan voort tot die daad van egskeiding omdat die krisissituasie waarin hy/sy hom/haar bevind, 'n egskeiding noodsaak. Dit bly egter 'n doelbewuste optrede van die betrokke party. Dit word onderskei van 'n Geen-Uitweg Egskeiding deurdat die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef geen toestemming tot die daad van egskeiding verleen nie.

In die literatuur wat bestudeer is, is daar baie bronne wat verwys na 'n Geen-Fout Egskeiding (No-Fault Divorce) (Plunket (1995) en Powel (2003)). Daar is 'n duidelike onderskeid te tref tussen 'n Geen-Fout Egskeiding en 'n Geen-Uitweg Egskeiding. 'n Geen-fout Egskeiding is 'n regsterm waarin daar in die proses van 'n egskeiding nie 'n aansoeker en 'n verweerder bestaan nie, maar waar albei partye bloot ooreengekom het op 'n egskeiding en die hof so 'n egskeiding toestaan op grond van die gemeenskaplike wens van albei partye om te skei. In wetgewing in Suid-Afrika rakende 'n egskeiding word daar nie voorsiening gemaak vir 'n Geen-Fout Egskeiding as 'n wisselvorm van die normale egskeidingsproses nie. Die verskynsel van 'n Geen-Fout Egskeiding kom onder andere reeds in Kanada en verskeie state van die VSA voor (Plunket (1995) en Powel (2003)). In Suid-Afrika moet daar egter steeds in 'n egskeiding 'n aansoeker en 'n verweerder in die regsproses van 'n egskeiding wees.

In die regsproses van 'n egskeiding kan alleenlik die hooggeregshof 'n egskeiding toestaan omdat 'n huwelik 'n wetlike ooreenkoms met regsimplikasies is (Wet op egskeiding 70/1979). Voor die hof is daar 'n duidelike onderskeid tussen 'n aansoeker om 'n egskeiding en 'n verweerder wat daarteen is. Die aansoek wat voor die hof dien, word ingedien in die naam van die aansoeker versus die naam van die verweerder. In die vasstelling van 'n definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is daar 'n duidelike onderskeid te tref tussen hierdie twee partye. Die aansoeker is die party wat die regsproses inisieer en die party wat uiteindelik in die hof verskyn ten einde aan die hof gronde te verskaf waarom 'n egskeiding toegestaan moet word. Die verweerder is die persoon op wie die dagvaarding tot 'n egskeiding beteken word. Die verweerder verskyn derhalwe nie in die hof nie en verskaf ook geen gronde tot die toestaan van 'n egskeiding nie.

Uit die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding blyk dit dat die aansoeker wat wil skei vanweë omstandighede wat hom/haar daartoe dwing, byvoorbeeld gesinsgeweld, nie beskou kan word as 'n slagoffer van 'n Geen-Uitweg Egskeiding nie. Die versoeking bestaan om persone wat aansoekers vir 'n egskeiding weens moeilike omstandighede is en in 'n situasie beland waar hulle amper gedwing word om te kies tussen twee euwels en dan uiteindelik 'n egskeiding kies, ook te beskou as slagoffers van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. So ook persone wat tot die besef gekom het dat daar geen manier is waarop hul huwelik kan voortgaan nie en dan, in 'n poging om die trauma en emosionele pyn te verlig, self optree as aansoeker in die egskeidingsproses.

'n Duidelike onderskeid moet hier getref word in die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding – alleenlik verweerders in die proses van 'n egskeiding sou beskou kon word as slagoffers van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Wanneer 'n persoon 'n aansoeker in 'n egskeiding is, om watter rede

ook al, kan so 'n persoon nie beskou word as 'n slagoffer van 'n Geen-Uitweg Egskeiding nie. Sulke persone is slagoffers van moeilike omstandighede wat aanleiding tot 'n egskeiding gegee het en die egskeiding is 'n gevolg van daardie omstandighede.

Vanuit die bostaande feite kan 'n Geen-Uitweg Egskeiding soos volg gedefinieer word: 'n Geen-Uitweg Egskeiding is die verbreking van die huweliksband, waarin twee partye trou aan mekaar beloof het, waar slegs een party daartoe instem. Die huweliksband word deur een party verbreek terwyl die ander party steeds verbind is tot daardie huweliksband en die laasgenoemde party geen ander uitweg het as om teen sy/haar wil, deur 'n egskeidingsproses te gaan nie.

Met die uitklaring van die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is dit nou moontlik om die pastorale beginsels wat van toepassing is op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding vas te stel.

## 2.2. Beginsels vanuit die Skrif rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding

Met 'n Gereformeerde teologiese beskouing op die pastoraat, is die eerste stap in die vasstelling van toepaslike pastorale beginsels rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding om die Skrif te raadpleeg. Die Skriftuurlike beginsels wat hier vasgesel word bepaal, saam met ander faktore en 'n vasgestelde pastorale model, die basis vanwaar pastorale hulpverlening kan geskied aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

Vanuit die Heilige Skrif bestaan sekere afgeleide beginsels wat op egskeiding van toepassing is. Dit bly egter moeilik om beginsels vanuit die Skrif neer te lê rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding aangesien dit nie 'n verskynsel is waarna die Skrif in die besonder verwys nie. Beginsels vanuit die Skrif rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding sal onafwendbaar afgeleide beginsels wees vanuit die Skrif se verwysings na egskeiding.

Vanuit al die verwysings in die Skrif na egskeiding, word die verwysings in Matteus 19: 1 – 12 en 1 Korintiërs 7: 10 – 16 gekies om Skrifbeginsels neer te lê rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Hierdie twee vermelde gedeeltes word vervolgens elk afsonderlik bespreek en toepaslike beginsels daaruit word neergelê:

### 2.2.1. Matteus 19: 1 – 12:

Vanuit Christus se antwoorde aan die Fariseërs en sy dissipels se vrae in hierdie Skrifgedeelte blyk dit duidelik dat die saak van egskeiding hier op 'n etiese vlak hanteer word. Hagner (1995:

547) wys daarop dat Christus se antwoorde op die vrae van die Fariseërs en die dissipels die gronde van 'n egskeiding aanspreek.

Die vraag wat in vers 3 aan Christus gestel word, het dit ten doel om te probeer vasstel by watter denkskool oor die gronde vir egskeiding Hy Hom sou skaar – die denkskool van die Shammai, wat egskeiding toegelaat het op grond van seksuele immoraliteit of die denkskool van Hillel wat egskeiding op byna enige gronde toegelaat het. In sy antwoord (in verse 3 tot 6) begin Christus met 'n aanhaling vanuit Genesis 2: 24 waarin dit duidelik gestel word dat die oorsprong van die huwelik by God lê. Op grond van hierdie aanhaling is dit duidelik dat man en vrou nie twee is nie, maar een en dat geeneen mag skei wat God in die huwelik saamgevoeg het nie. Hiermee wil Christus dit onomwonde stel dat egskeiding nie deel was van God se bedoeling vir die huwelik nie en dat dit verbied moet word aangesien egskeiding die unieke en heilige band tussen man en vrou verbreek. Christus vestig die aandag daarop dat die sewende gebod van die Tora 'n bevestiging is van God se aanvanklike bedoeling met die huwelik (Boring 2002: 385; Hagner 1995: 548).

Met Christus se antwoord het die Fariseërs gevoel het dat hulle vraag Hom vasgetrek het. Vandaar die vraag in vers 7 dat Christus moet verduidelik waarom Moses dan egskeidings toegelaat het. In sy antwoord gee Christus wel toe dat Moses egskeidings toegelaat het, maar Hy meld ook die rede – die hardheid van mense se harte. Hiermee wil Hy aandui dat dit 'n uitsondering is as gevolg van menslike swakheid en nie God is wat teruggaan op sy Woord nie. Hy wil dit ook aan die Fariseërs duidelik stel dat Moses se wette ondergeskik aan die wil van God is. Boring (2002: 386) vermeld in hierdie opsig dat Christus se woorde die huwelik uitbeeld as 'n element van die wil van God. Christus gaan verder in vers 9 deur egskeiding gelyk te stel aan egbreuk en daarmee aan te toon dat dit voor God 'n baie ernstige saak is. Die uitsondering van owerspel as grondige rede tot egskeiding word wel hier gemaak. Hagner (1995: 549) stel dit dat hier wel 'n duidelike uitsondering gemaak word en dat die uitspraak nie verstaan kan word in die sin van "selfs in die geval van" nie.

Die dissipels kom in vers 10 onder die diepe indruk van die erns van die woorde wat Christus aan die Fariseërs rig. Hul gevolgtrekking dat dit dan beter is om nie te trou nie, spruit uit 'n vrees dat daar, na aanleiding van Christus se leer, die risiko bestaan dat 'n man lewenslank verbind kan word deur die huwelik aan 'n vrou wat hom nie behaag nie. Daarom is dit, volgens die dissipels, beter om nie te trou nie as om die gevaar te loop om in 'n ongelukkige huwelik begewe te raak. Boring (2002: 386) wys daarop dat hierdie reaksie van die dissipels spruit uit hul eensydige toepassing van die woorde van Christus op hul eie verwysingsraamwerk. Christus antwoord op die dissipels se gevolgtrekking deur daarop te wys dat dit nie vir alle mense moontlik is om hulself

daarvan te weerhou om te trou nie en so wys Hy aan die dissipels uit dat sy lering 'n wyer toepassing het as net hul eie verwysingsraamwerk. Wanneer Christus hier verwys na persone wat hiertoe in staat is, verwys Hy letterlik na persone wat van geboorte of deur kastrasie nie tot 'n huwelik in staat is nie of figuurlik na persone wat weens 'n besondere amp in die koninkryk nie tot die huwelik kan toetree nie (Hagner 1995: 550).

Wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding betref, bring hierdie perikoop bepaalde etiese aspekte na vore. Christus verwys na die skeppingsverhaal van Genesis rakende die aangeleentheid van egskeiding. Hiermee wil Hy daarop wys dat die koms van die Koninkryk in die wêreld uiteindelik die herstel van die oorspronklike skeppingsdoel waarmee God man en vrou geskape het, ten doel het. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die streng etiese uitsprake van Christus die koms van die Koninkryk as oogmerk het en dat die ideaal van 'n samelewing sonder egskeiding, 'n ideaal is waarna voortdurend gestrewe moet word (Hagner 1995: 550, 551 en Chetty 2002: 138).

Die verskil tussen die aansoekende party en die verwerende party in 'n Geen-Uitweg Egskeiding, lê in hierdie opsig by die strewe na 'n suksesvolle huwelik en die mate waarop daar 'n etiese verbintenis tot die voortbestaan van die huwelik is. Die aansoekende party laat vaar die verbintenis tot die huwelik en neem 'n besluit vir 'n egskeiding wat in stryd is met die beginsels wat in Matteus 19: 1 – 12 neergelê word. Die verwerende party, daarenteen, bly verbind tot die voortbestaan van die huwelik – 'n besluit wat geneem word op grond van 'n gewetensverbintenis tot die etiese aanspraak van hierdie teksgedeelte.

### 2.2.2. 1 Korintiërs 7: 1 – 16:

In 1 Korintiërs 7: 1 – 16 is Paulus besig om spesifieke vrae te beantwoord wat deur die Korinte aan hom gerig is. Die aangeleenthede rakende die huwelik, egskeiding, hertrou en 'n selibate leefwyse word hier deur Paulus aangespreek. Die Joodse instellings rondom egskeiding het aan 'n man egskeiding toegelaat vir byna enige denkbare rede terwyl die vrou in hierdie verband baie min regte gehad het. In die Romeinse samelewing was egskeiding egter aan beide mans en vrouens toegestaan vir 'n wye verskeidenheid van redes (Sampley 2002: 875). Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die volgende kritieke vrae wat in hierdie gedeelte die aandag van Paulus geniet: Keur God egskeiding onder sekere omstandighede goed? Indien God in sekere omstandighede egskeiding goedkeur, wat is daardie omstandighede (Johnson 2004: 104)?

Paulus se siening oor die huwelik in hierdie gedeelte kan saamgevat word as dat 'n huwelik met voortgaande, vervulde en gemeenskaplike seksuele bevrediging wenslik en goed is en dat

enkelingskap net so wenslik en goed is. Buitehuwelikse seks word afgewys as sleg en net so ook enkelingskap wat met 'n brandende seksuele begeerte gepaard gaan. Enkelingskap is nie beter as om getroud te wees nie – dit is alleenlik beter as om enkel te wees en terselfdertyd 'n brandende seksuele begeerte te hê of om in 'n huwelik buite-egtelike verhoudings te hê (Johnson 2004: 106). Paulus rig hierdie gedeelte aan die Korinte as 'n etiese appél om onsedelikheid rakende die verskillende aspekte van die huwelik in hul samelewing aan te spreek. Paulus rig 'n etiese appèl tot die Korinte om die invloed van onsedelikheid op huweliksverhoudings aan te spreek.

Johnson (2004: 109) interpreteer die woorde van vers 1 dat dit meen om te sê: "Dit is goed vir 'n man om nie seksuele gemeenskap met 'n vrou te hê nie..." In vers 2 word die enigste alternatief hiervoor deur Paulus daargestel – 'n monogame huwelik. Hiermee word die monogame huwelik as die enigste veilige ruimte vir die uitleef van seksualiteit beklemtoon. Seksuele losbandigheid is vir Paulus die bedreiging vir die voortbestaan van 'n monogame huwelik soos wat God dit aan die begin met die skepping van man en vrou bedoel het. Vandaar die woorde van vers 4 waarin Paulus 'n totale seksuele oorgawe van huweliksmaats aan mekaar bepleit. Huweliksmaats behoort nie aan mekaar omgang te weier nie, aangesien dit ruimte laat vir verleiding deur die Satan. Dit bring mee dat die huwelik as die enigste plek waar seksuele vervulling verkry kan word in gedrang kom (Johnson 2004: 111).

Nadat Paulus die basis van sy argument in verse 1 – 7 gestel het, gaan hy voort om spesifieke instruksies te rig aan verskillende persone met betrekking tot hulle verhouding ten opsigte van die huwelik. Hier het Verse 10 en 11 betrekking aangesien Paulus die aspekte rakende 'n bestaande huwelik en die moontlikheid van 'n egskeiding aanspreek. Egskeiding word ook hier as 'n uitsondering gestel. Paulus doen moeite om die moontlikheid van 'n egskeiding te ontmoedig deurdat hy aandring dat daar nie weer getrou mag word na 'n egskeiding nie (Johnson 2004: 116). Hoewel Paulus in hierdie geval toegee dat egskeiding wel onder sekere omstandighede plaasvind, wil hy dit duidelik maak dat sulke egskeidings die uitsondering is en dat in stryd is met die heilige aard van die huwelik soos God dit bedoel het om te wees (Sampley 2002: 875).

Paulus gaan vervolgens voort om in verse 12 tot 16 die aangeleentheid van 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige aan te spreek. Paulus leer in hierdie verband dat 'n gelowige nie van 'n ongelowige mag skei op grond van geloofsverskil nie. Verder leer hy dat indien 'n ongelowige van 'n gelowige wil skei, so 'n egskeiding toegelaat moet word. Die morele verbintenis wat Paulus in voorafgaande verse beklemtoon, is ook in hierdie geval van toepassing (Johnson 2002: 118). Vir die gelowige beteken dit dat daar 'n morele verbintenis bestaan tot die huwelik, al is dit

met 'n ongelowige. Die ongelowige is egter nie verbind tot hierdie morele verbintenis nie en moet derhalwe toegelaat word om te skei (Sampley 2002: 877).

In hierdie Skrifgedeelte kom die beginsel van die huwelik as die enigste ruimte waarbinne seksualiteit vrylik uitgeleef kan word na vore (Johnson 2004: 111). Die toepaslikheid van hierdie beginsel op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is daarin geleë dat die verbintenis tot die beginsel al dan nie, bepalend is tot die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. In 2.3.1.1. hieronder, word die invloed van 'n veranderende siening van seksualiteit bespreek. Die koppeling wat Paulus in 1 Korintiërs 7: 10 – 11 maak tussen seksualiteit en die huwelik is van kardinale belang in 'n Bybelse verstaan van 'n huwelik. Huwelike wat nie op hierdie beginsel gefundeer is nie, loop die gevaar van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, aangesien daar by een of albei van die partye geen etiese verbintenis bestaan tot die seksuele sekuriteit wat 'n Bybelse huwelik bied nie (Chetty 2002: 189 - 193).

Net soos in die gedeelte uit Matteus hierbo behandel, kom daar uit 1 Korintiërs 7: 1 – 16 'n bepalende etiese perspektief op die keuse van 'n egskeiding. Die aansoekende party in 'n Geen-Uitweg Egskeiding se keuse vir 'n egskeiding kan aan die hand van hierdie beginsels uit die Skrif op 'n moreel etiese vlak bevraagteken word. Die feit dat die verwerende party in die Geen-Uitweg Egskeiding nie instem tot die egskeiding nie, maak dit duidelik dat die Skrifbeginsels soos hierbo bespreek, 'n duidelike etiese toepassing het op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

### 2.2.3. Afgeleide Skrifbeginsels toepaslik op 'n Geen-Uitweg Egskeiding

Die gekose gedeeltes uit die Skrif (Matteus 19: 1 – 12 en 1 Korintiërs 7: 1 - 16) bring die volgende Skrifbeginsels, wat van toepassing is op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, na vore:

2.2.3.1.) **Egskeiding is teen die wil van God**: Die manier waarop Christus in Matteus 19 teruggaan na die begin (Met die aanhaling uit Genesis 2: 24) bevestig dat God die huwelik bedoel het om permanent te wees. Man en vrou wat een word in die huwelik, en as eenheid deur God so saamgevoeg is, is nie bedoel om weer van mekaar verwyder te word nie. Op grond van hierdie samevoeging deur God, is egskeiding teen die wil van God (Boring 2002: 385; Hagner 1995: 548). Christus se verduideliking dat Moses egskeidings toegelaat het as gevolg van die hardheid van mense se harte, bevestig dat egskeiding plaasvind as gevolg van menslike swakheid (a.g.v. sonde) en nie binne die wil van God nie. Waar Paulus in 1 Korintiërs 7 oor die huwelik op die vrae van die Korinte antwoord, wys hy uit dat seksualiteit heilig is en alleenlik tot die huwelik hoort (Johnson 2004: 111). Die huwelik is die spesiale ruimte wat God skep vir die

uitleef van seksualiteit en waar Paulus die Korinte antwoord op hulle vrae wil hy dit aan hulle verduidelik dat enige ander vorm van seksuele uitlewing in stryd is met die wil van God. Daarom is egskeiding, wat dikwels plaasvind as gevolg van seksuele oorwegings (Sien 2.3. hieronder) teen die wil van God. Binne die konteks van die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, bestaan daar 'n etiese appèl op die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding ondervind in die Skrifbeginsel dat egskeiding teen die wil van God is.

2.2.3.2.) **Daar is gronde vir egskeiding**: Waar die Skrif dit duidelik stel dat egskeiding teen die wil van God is, is daar wel gronde waarop 'n egskeiding geregverdig is. Christus gebruik in Matteus 19: 9 die woorde "*behalwe vir owerspel*" om die uitsondering vir die regverdiging van 'n egskeiding te stel. Hieruit kan afgelei word dat Christus owerspel as 'n grondige rede vir egskeiding stel. Hy doen dit immers binne die ruimte van die historiese Joodse verstaan van egskeiding, soos dit algemeen bekend was in daardie tyd (Hagner 1995: 549). Die konteks van Paulus se verduideliking aan die Korinte in 1 Korintiërs 7, waar die huwelik die heilige ruimte is waarbinne seksualiteit uitgeleef word, bevestig dat owerspel, waar hierdie heilige ruimte vir die uitleef van seksualiteit geskend word, basiese vertrekpunt van 'n huwelik skend (Johnson 2004: 111). Waar seksuele losbandigheid, wat met owerspel gepaard gaan, plaasvind is 'n huwelik met die afgesonderde en toegewyde seksuele omgewing wat dit bied, nie meer moontlik nie. Derhalwe kan afgelei word dat owerspel, en die meegaande seksuele losbandigheid, Skriftuurlike gronde vir 'n egskeiding is. Waar 'n persoon 'n Geen-Uitweg Egskeiding ondervind en worstel met die etiese appèl wat dit op sy/ haar lewe het, kan hierdie Skrifbeginsel vertroosting bied, mits die egskeiding plaas as gevolg van owerspel op seksuele losbandigheid.

2.2.3.3.) **Egskeiding is die gevolg van sonde**: Christus se verklaring in Matteus 19 van Moses se uitgee van skeibriewe, is dat Moses egskeiding toelaat as gevolg van mense se harde harte. Jesus sê in Matteus 19: 8: "*Dit is oor die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie.*" Volgens Boring (2002: 386) kan daar uit hierdie stelling van Christus afgelei word dat sonde die oorsaak is dat mense begin skei het van mekaar, anders as wat die bedoeling van 'n huwelik van die begin af was. Waar Paulus in 1 Korintiërs 7 waarsku teen die gevaar seksuele losbandigheid en owerspel, kan daar ook afgelei word dat egskeiding die gevolg van sondige praktyke is (Sampley 2002: 875). Die Skrifbeginsel dat egskeiding die gevolg van sonde is, is 'n beginsel wat 'n groot rol speel in die noutetiese pastorale benadering van Adams (soos bespreek in 2.4.1.6. hieronder), waar sonde hanteer word as die oorsaak van pastorale probleme. In die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding kom hierdie Skrifbeginsel dikwels na vore wanneer 'n persoon op soek is na die redes waarom sy/ haar huweliksmaat hom/ haar verlaat het en gedwing het tot 'n egskeiding.

Met hierdie Skrifbeginsels wat uit die Skrif afgelei is aan die hand van die gekose teksgedeeltes, gaan die literatuurstudie voort om ondersoek in te stel na die faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Veral wat betref die beginsels van 2.2.3.2. en 2.2.3.3. (Gronde vir egskeiding en egskeiding as 'n gevolg van sonde) hierbo, sal 'n literatuurstudie rakende gesins- en sosiale faktore 'n baie belangrike rol speel om die faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding beter te verstaan.

## 2.3. Faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding

Om die gesins- en sosiale faktore te verstaan wat aanleiding gee tot die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, word die faktore bespreek vanuit die perspektief van die aansoekende party tot 'n egskeiding en die verwerende party in daardie egskeiding. Die onderskeid word getref omdat daar 'n konflik van intensie bestaan by die genoemde twee partye. Volgens die titel van hierdie studie, het die studie ten doel om te handel oor die pastorale begeleiding van die persoon in 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Dit impliseer volgens die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding dat die pastorale begeleiding van die verwerende party hier ter sprake is. In die behoorlike oorweging van die faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding in die lewe van die verwerende party, is dit onafwendbaar om ook te verwys na die faktore wat aanleiding daartoe gee dat die aansoekende party tot die daad oorgaan om 'n aansoek tot die hof te rig vir 'n egskeiding. Vervolgens 'n beredenering van die faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding vanuit die perspektief van beide die aansoekende party en die verwerende party tot die egskeiding:

### 2.3.1. Die Aansoekende Party

Faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding by die aansoekende party sal uiteindelik deel vorm van die amptelike regstukke waarin die redes vir die aansoek tot egskeiding aangevoer word. Wetlik word hierdie party verplig om redes vir die toestaan van 'n egskeiding deur die hof, te verskaf (Wysigingswet op Egskeiding, No. 95 van 1996, Art 3).

Die feit dat die aansoekende party die egskeidingsgeding inisieer, beteken dat so 'n persoon reeds by die punt gekom het dat 'n besluit tot 'n egskeiding geneem is. Omdat die aasoekende party 'n egskeidingsgeding aanhangig maak, word die faktore wat tot die egskeiding aanleiding gee as direkte oorsake vir die egskeiding beleef deur die aansoekende party. Die effek van die somtaal van die faktore wat aanleiding gee tot die egskeiding veroorsaak dat die aansoekende party die keuse van 'n egskeiding uitoefen. Alhoewel daar nie vanuit die perspektief van die aansoekende party direk gepraat kan word van faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg

Egskeiding nie, speel die faktore wat tot die uiteindelike besluit tot 'n egskeiding aanleiding gegee het, 'n bepaalde rol in die oorweging van die pastorale bediening aan 'n persoon in 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

Faktore wat bydra daartoe dat die aansoekende party 'n egskeidingsgeding aanhangig maak, sluit in:

2.3.1.1.) **Veranderende sieninge oor seksualiteit**: Aan die einde van die vorige eeu het dit duidelik geword dat huwelike diepgaande geraak word deur sieninge oor seksualiteit wat in die samelewing verander (Woodward & Pattison 2000: 233 - 247). Dat seksualiteit in 'n huwelik beperk is tot die huweliksmaats van daardie huwelik, word nie meer algemeen in die moderne samelewing aanvaar nie (Cosgrave 2001: 114 - 118). Dat die huwelik 'n lewenslange verbintenis tussen man en vrou is, word deur 'n groot deel van die samelewing verwerp en dit word aanvaar dat 'n persoon in sy/haar leeftyd in verskeie huwelike of langtermyn seksuele verhoudings kan verkeer. Buitehuwelikse seksuele verhoudings vind algemeen plaas onder persone wat in 'n bestaande huweliksverhouding is. Die aansoekende party kan by die punt kom dat hy/sy, moontlik na aanleiding van 'n buitehuwelikse verhouding met 'n ander party, besluit om voort te beweeg na die volgende huweliksmaat of langtermyn seksuele verhouding. Dit kan gebeur terwyl die verwerende party nie die veranderde siening oor seksualiteit met sy/haar maat deel nie, of dit kan gebeur wanneer die aansoekende party die punt bereik waar hy/sy aanbeweeg na die volgende verhouding terwyl die verwerende party steeds verbind is tot die bestaande huwelik.

2.3.1.2.) **Die beklemtoning van regte bo pligte**: In die ontwikkeling van die Westerse samelewing het die regte van huweliksmaats algaande belangriker geword. Met die beklemtoning van die regte van huweliksmaats het pligsbesef in huwelike en die algemeen aanvaarde pligte in die huwelik plek gemaak vir die regte van die individu. Die postmoderne mens beskik oor 'n deeglike bewustheid van die regte van die individu. Regte word in so 'n erge mate beklemtoon dat normale huwelikspligte daardeur in die slag bly (Van Zyl 2002: 245). So 'n oorbeklemtoning van regte deur 'n huweliksmaat bring die normale funksionering van 'n huwelik in gedrang deurdat die uitvoering van normale huwelikstake agterweë bly. Cornes (1993: 14) beskryf hierdie verskynsel as 'n terapeutiese gesindheid – terapeuties, omdat die individu se oormatige bewustheid van sy/haar regte by uitstek gaan oor 'n omsien na die eie emosionele belang. Met verwysing na die aansoekende party in 'n Geen-Uitweg Egskeiding, is 'n oormatige bewustheid van regte as individu bo die uitvoering van normale huwelikspligte 'n bydraende faktor tot daardie persoon se besluit tot 'n egskeiding.

2.3.1.3.) **Onrealistiese verwagtinge van volhoubare lewensgeluk**: Ekonomiese vooruitgang veroorsaak dat 'n daaglikse bestaan makliker geword het. Basiese behoeftes soos kos en klere is nie in die hedendaagse manier van leef vir baie gesinne in gedrang nie, wat 'n groter toegang tot die vermaaklikheidswêreld (radio, letterkunde en die televisie) meebring. Omdat mense se lewensomstandighede verbeter, verander hul verwagtinge betreffende die huwelik en algemene lewensgeluk. Die verwagting van 'n volmaakte huweliksmaat word geskep deur die romantisering van die huwelik in die vermaaklikheidswêreld. Vanweë hierdie romantisering word onrealistiese verwagtinge van die huwelik en volhoubare lewensgeluk geskep (Cornes 1993: 15). Die aansoekende party in 'n Geen-Uitweg Egskeiding wat sulke onrealistiese verwagtinge gekoester het in sy/haar huwelik, beleef 'n ontnugtering wanneer sy/haar huweliksmaat nie aan daardie verwagtinge voldoen nie. Die huwelik word dikwels beëindig met die verwagting dat daar 'n ander ideale lewensmaat bestaan en gevind moet word (Cornes 1993: 16 en Louw 1983: 4).

2.3.1.4.) **Die emansipasie van die vrou**: In die verlede was man en vrou interafhanklik van mekaar. Die man het hoofsaaklik die rol vervul van voorsiener, terwyl die vrou die huishoudelike verantwoordelikhede waargeneem het. Die vooruitgang op die terreine van voorbehoedmiddels, huishoudelike tegnologie en huishoudelike dienste, het die weg gebaan vir die emansipasie van die vrou. Cornes (1993: 17) dui vier gevolge van die emansipasie van die vrou aan: groter toegang tot die professionele arbeidsmark vir die vrou; groter ekonomiese onafhanklikheid van die vrou; 'n verandering in die huishoudelike rolverdeling tussen man en vrou; en 'n afname in die hoeveelheid kinders wat vrouens baar (Cosgrave 2001: 119 - 120). Cornes (1993: 18) beweer dat die effek van hierdie gevolge veroorsaak dat vrouens in die meeste gevalle van egskeiding die aansoekende party is. Hieruit kan afgelei word dat die bediening van pastorale begeleiding van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, in baie gevalle aan 'n man mag wees, omdat die man in baie gevalle van 'n Geen-Uitweg Egskeiding die verwerende party sal wees. Die emansipasie van die vrou het veroorsaak dat vrouens baie makliker tot die finale stap om aansoek te doen om 'n egskeiding sal oorgaan as mans.

2.3.1.5.) **Die verwydering van ouerlike ondersteuning**: Waar egpare tradisioneel relatief naby aan hulle ouers gewoon het, bestaan daar in die postmoderne samelewing in baie gevalle groter verwydering tussen egpare en hulle ouers. Dit beteken dat ouerlike ondersteuning en leiding wat egpare van hulle ouers kon ontvang nie altyd meer moontlik is nie. Huwelike ly onder die gebrek aan ouerlike ondersteuning en leiding wat egpare van hulle ouers ontvang (Cornes 1993: 19 en Baum 2004: 175 - 177). Dié verwydering veroorsaak dat aansoeke tot egskeiding toeneem en het ook tot gevolg dat die voorkoms van Geen-Uitweg Egskeidings toeneem.

2.3.1.6.) **Afwatering van 'n Bybelse huweliksbeskouing**: Hoewel die meeste huwelike vandag steeds in die kerk voltrek word, het die beoefening van godsdiens in die verhoudingslewe voor die huwelike en in die huwelikslewe daarna, afgeneem. Dit het 'n merkbare effek op die voorkoms van egskeidings gehad. Cornes (1993: 24) verwys daarna dat huwelike wat voorafgegaan is deur saamwoon, wat in godsdienskringe afgekeur word, baie meer geneig is om uit te loop op 'n egskeiding. Dit word toegeskryf aan die sekulêre beoefening van die huwelik waarin lewenslange trou aan een huweliksmaat nie as 'n gegewe aanvaar word nie. Hier is die onderskeid tussen 'n Skriftuurlike huweliksbeskouing en 'n wêreldse huweliksbeskouing belangrik om te tref (Van Zyl 2002: 247). Waar 'n huwelik wat begrond is op Skrifbeginsels lewenslange trou aan een huweliksmaat as uitgangspunt aanvaar, is 'n wêreldse huwelik nie verbind tot hierdie beginsel nie. In die geval waar 'n Geen-Uitweg Egskeiding plaasvind, kan hierdie onderskeid bepalend wees waar die aansoekende party 'n wêreldse huweliksbeskouing kan hê teenoor 'n Skriftuurlike huweliksbeskouing van die verwerende party.

2.3.1.7.) **Sosiale aanvaarbaarheid van egskeiding**: Met 'n hoë egskeidingsyfer in die samelewing is dit onafwendbaar dat mense egskeiding al meer aanvaar (Cosgrave 2001: 124). Die morele stigma wat verbind word aan 'n egskeiding is nie meer deel van die samelewing nie (Cornes 1993: 26). Hierdie sosiale aanvaarding van egskeidings veroorsaak dat Geen-Uitweg Egskeidings meer voorkom aangesien die sosiale aanvaarbaarheid van egskeiding, egskeiding 'n veel groter moontlikheid maak vir die persoon wat ongelukkig is in sy/haar huwelik.

2.3.1.8.) **Kinderlike belewing van egskeiding**: Die hoë egskeidingsyfer wat in die samelewing voorkom, is nie 'n nuwe verskynsel nie. Hoë egskeidingsyfers kom alreeds vir meer as een geslag voor (Cornes 1993: 26). Kinders maak onafwendbaar deel uit van egskeidings. Dit beteken dat baie jongmense wat trou in hulle kinderdae die egskeiding van hulle ouers moes beleef het. Die verwagting sou wees dat so 'n jongmens se ondervinding van die egskeiding van sy/haar ouers, 'n afkeer van egskeiding by so 'n jongmens in sy/haar eie huwelik sal kweek. Die teendeel blyk egter waar te wees – kinders leer die gedrag van egskeiding by hulle ouers aan en dit veroorsaak dat egskeiding vir hulle 'n werklike opsie word wanneer hulle huweliksprobleme ondervind (Shansky 2002: 73 – 87).

### 2.3.2. Die Verwerende Party

Die faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding sal blootgestel wees aan ontkenning deur die verwerende party aangesien hy/sy nie tot 'n egskeiding instem nie. Sulke faktore sal normaalweg nie deur die verwerende party as geldig beskou word nie omdat die verwerende party te midde van 'n moontlike bewustheid van sulke faktore steeds hoop gehad het

dat die huwelik waarin hy/sy verkeer, suksesvol sou wees. Behalwe vir 'n konflik van intensie tussen die aansoekende party en die verwerende party, kan daar in hierdie opsig ook konflik in die regverdiging van 'n egskeiding as gevolg van die bovermelde faktore bestaan (Chetty 2002: 102).

Faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding word anders beleef deur die verwerende party. Daar kan ontkenning wees, waar die verwerende party bloot in ontkenning leef teenoor die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat sy/haar huweliksmaat hom/haar tot 'n egskeiding dwing. Dit kan ook wees dat die verwerende party bewus was van die faktore wat in sy/haar huweliksmaat se lewe aanleiding gegee het daartoe dat hy/sy op 'n egskeiding besluit, maar nie gevoel het dat dit 'n egskeiding regverdig nie. In so 'n geval was die verwerende party nie net bewus van die faktore nie, maar ook bereid om in 'n gesindheid van versoening 'n daadwerklike poging aan te wend om daardie faktore aan te spreek. 'n Derde moontlikheid is dat die aansoekende party die egskeiding verlang, maar nie die werklike rede daarvoor vooraf aan die verwerende party bekend wil maak nie (De Klerk 2002: 74). Dit kan gebeur dat die aansoekende party doelbewus inligting oor sy/haar beweegredes tot die egskeiding van die verwerende party weerhou. In so 'n geval word die verwerende party gedwing tot 'n egskeiding sonder dat hy/sy werklik seker is van die ware redes waarom die aansoekende party van hom/haar wil skei. Wanneer dit gebeur, is die redes wat in die amptelike stukke verskaf word in 'n algemene vorm, soos wat dit algemeen deur regsgeleerdes verwoord word (Wet op egskeiding 70/1979). 'n Voorbeeld van 'n algemene rede wat in hofstukke verskaf word, is "die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik." Die ware redes vir die egskeiding word verskans en die verwerende party gaan deur die proses van 'n egskeiding sonder dat hy/sy klarigheid het oor die werklike redes waarom die egskeiding plaasvind.

Die aard van die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding veroorsaak dat die verwerende party nie werklik beheer het oor die faktore wat aanleiding gee tot die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding in sy/haar lewe nie. In al drie die bogenoemde moontlike maniere waarop die verwerende party hierdie faktore kan beleef, erken die verwerende party nie die faktore as geldig om 'n egskeiding te regverdig nie. Dit beteken nie dat die genoemde faktore (in 2.3.1. hierbo) ongeldig is nie, want dit moes aanleiding gegee het tot die finale stap van 'n egskeiding. Dit beteken egter wel dat daar tussen die aansoekende party en die verwerende party 'n gaping oor die regverdiging van die egskeiding is. Hierdie gaping in die regverdiging van die egskeiding is die grootste faktor wat oorweeg moet word in die pastorale begeleiding van die verwerende party wat die Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Al die faktore wat hierbo in 2.3.1. bespreek is, behoort ook oorweging te geniet, maar moet altyd oorweeg word in die lig van hierdie gaping in die regverdiging van die egskeiding wat die verwerende party in die Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

Met 'n studie van die literatuur rakende die faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding in gedagte, kan daar nou voorgegaan word om 'n studie te maak van toepaslike Pastorale benaderings wat betrekking het op die faktore wat aanleiding gegee het tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding, asook die spesifieke situasie van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

## 2.4. Toepaslike Pastorale Benaderings van 'n Geen-Uitweg Egskeiding

In die vorming van 'n basisteorie rakende die toepaslike pastorale beginsels van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, is dit noodsaaklik om die belangrikste protagoniste in die wetenskap van die pastoraat te verreken ten einde in Hoofstuk 4 riglyne te kan neerlê vir die pastorale bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Die literatuurstudie van die toepaslike pastorale benaderings word gemaak vanuit 'n diakonologiese epistemologie, waar die beginsels van die Skrif in die benadering tot die pastoraat voorop gestel word.

### 2.4.1 Die Fundering van 'n Diakonologiese Pastorale Model

In die benadering tot die pastorale begeleiding van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef word die verbond as 'n vertrekpunt geneem. Die verhouding wat God met sy kinders het, en in die besonder in die konteks van die verbond wat God met sy volk het, plaas die verbond sentraal in pastorale gesprekvoering (De Klerk 1985: 23). In 'n pastorale benadering vanuit die verbond as vertrekpunt, kan daar na die pastor verwys word as herder (in ooreenstemming met die Skriftuurlike metafoor van die herder).

In die pastorale proses is die trou en omgee-karakter van die verbond 'n bron van vertroosting en aanmoediging. 'n Verbreking van die verbondsverhouding kan plaasvind en die rol van die herder in hierdie geval is om te vermaan, om te waarsku en om te weerlê rakende die oorsake van die verbreking van die verbondsverhouding. In hierdie konteks kan die herder die herstel van die verbondsverhouding aankondig vanuit die Skrifbeginsels van God wat sy kinders opbou en versterk (Janse van Rensburg 1996: 152 - 165). In hoofstuk 4 sal die toepassing van hierdie beginsels op die situasie van 'n persoon wat deur die proses van 'n Geen-Uitweg Egskeiding gaan, bespreek word.

Die volgende protagoniste in die wetenskap van die pastoraat ondersteun die keuse van 'n diakonologiese benadering tot die pastoraat:

2.4.1.1. **Clinebell** (1992): Clinebell maak gebruik van 'n holistiese benadering tot pastorale versorging. Die doel van pastorale gesprekvoering is om 'n weerlose persoon te begelei tot 'n weerbare lewe. Om hierdie doelstelling te bereik, is 'n deeglike teologiese en pastorale kennis onmisbaar. In pastorale versorging moet genesing verkry word op elke terrein van 'n persoon se lewe. Dit sluit in: verhoudings, lewensiklusse, sosiale terreine, normale funksionering en lewenskrisisse (waarna Clinebell verwys as groei-geleenthede). Hy stel 'n langtermyn-rekonstruktiewe benadering voor (Clinebell 1992: 26). Langtermyn, omdat groei langtermyn berading veronderstel en omdat genesing normaalweg 'n redelike hoeveelheid tyd in beslag neem. Hiervoor word 'n verbintenis benodig dat die pastorale proses enduit gevolg sal word. Dit vereis ook geduld teenoor die persoon wat begelei word. Rekonstruksie word voorgestel sodat 'n gekrenkte selfbeeld en geknakte selfvertroue herstel kan word en sodat 'n gedisorganiseerde lewe geherstruktureer kan word. Hiervoor maak hy gebruik van die model van groei (Clinebell 1992: 74). Die pastor behoort ten alle tye bewus te wees van die vermoëns van die persoon wat die terapie ondergaan, sodat hy/sy begelei kan word om sy/haar volle potensiaal te ontdek of te herontdek. Hierin behoort die pastor 'n fyn balans te handhaaf tussen pastorale sorg en pastorale konfrontasie. Die doel van die terapie behoort deurentyd in gedagte gehou te word deur van 'n sistematiese werkswyse gebruik te maak. Terapie moet uiteindelik lei tot genesing op 'n geestelike vlak en 'n sin van vervulling (Clinebell 1992: 103 – 135). Baie geestelike probleme het 'n dieperliggende psigososiale probleem as oorsaak. In so 'n geval word die persoon wat begelei word, gebring tot by 'n selfverstaan van die oorsaak van die probleem deur direktiewe vrae of narratiewe tegnieke. Hierdie proses skep die geleentheid vir die aanwend van geestelike hulpmiddels soos gebed en die toepassing van Skrifbeginsels en meditasie, mits dit op 'n diskrete manier toegepas word.

2.4.1.2. **Louw** (1997): Die pastorale model van Louw is gebaseer op 'n eskatologiese perspektief (Louw 1997: 80 – 85). Die dilemma van die kliënt word deur die eskatologie onderskep. Die bydrae van die kliënt staan relatief tot die betrokkenheid van God in sy/haar lewe. Die kliënt kan nie as 'n gelyke vennoot met God beskou word in die pastorale proses nie. Die oplossing vir die dilemma van die kliënt lê by die inisiatief van God. Die eskatologie plaas die verhouding tussen God en mens in 'n voorwaardelike konteks, waarin daar 'n interaksie bestaan tussen die "nog nie" en die "alreeds." Tussen die swaarkry (nog nie) en die opstanding (alreeds) verenig die eskatologie die spanning wat bestaan tussen die ervaring van geloof (swaarkry) en die hoopvolle verwagting van die geloof (oorwinning). Die eskatologie veroorsaak dat die element van hoop na vore kom in die pastorale proses. Die eskatologie het ook 'n konvergerende doel om die dialogiese en pneumatologiese aspekte van pastorale versorging nader aan mekaar te bring (Louw 1997: 85 – 92). Hierdie eskatologiese benadering inkorporeer die pastorale geleentheid met die oomblik van oorwinning deur middel van die verhouding tot die verbond. Dit verskil egter

van De Klerk (1985) en Janse van Rensburg (1996) waar die verbond sentraal tot die pastoraat staan en nie in verhouding tot die eskatologie nie.

2.4.1.3. **Thurneysen** (1963): Thurneysen behou dwarsdeur sy kerugmatiese pastorale model 'n "So sê die Here, Here"–benadering. Dit beteken dit dat sy pastorale model geskoei is rondom die prediking (Thurneysen 1963: 11 – 31). In hierdie proses word die soewereiniteit van God gehandhaaf in die konteks van die menslike agteruitgang as gevolg van die sonde en die verlossing deur die genade van God. Die lewe-gewende werking van die Heilige Gees moet hiermee ook sy regmatige plek gegee word in die pastorale proses, terwyl die konteks van die plaaslike gemeente ook in ag geneem moet word. Die groot bydrae van Thurneysen tot 'n diakonologiese benadering tot pastorale versorging lê in die verkondiging van die Woord van God te midde van die pastorale proses.

2.4.1.4. **Hiltner** (1949): Die eduktiewe model van Hiltner (1949: 15 – 33) word gekenmerk deur die woorde: "Hoe elke pastor mense kan help om hulself te help." In hierdie non-direktiewe benadering bestaan daar baie ooreenkomste met die metodiek van die bekende sielkundige Carl Rogers (veral met verwysing na sy werk *Counseling and Psychotherapy* – Houghton Miffin, 1942). Daar kan ook parallelle getrek word tussen hierdie benadering en die narratiewe benadering wat tans baie gewild is in pastorale kringe.

2.4.1.5. **Heitink** (1979): Heitink (1979: 78) gebruik bipolariteit as 'n hermeneutiese beginsel. God en mens, pastor en kliënt, teologie en sielkunde staan in 'n bipolêre verhouding tot mekaar. Elke pool het die ander nodig en is afhanklik van die ander pool se inset. In sy definisie van pastorale versorging, beskryf Heitink (1979: 75 – 81) pastorale versorging as hulpverlening aan die kliënt in sy/haar krisis. Die konsep van bipolariteit bring hom in kontras met Thurneysen (1963: 11 – 31). Met Thurneysen se klem op die soewereiniteit van God, word die soewereiniteit van God in 'n lynregte kontras met die mens geplaas. Die mens kan derhalwe nie 'n gelyke gespreksgenoot met God wees nie. Heitink (1979: 82 – 134) poog in sy benadering om die kerugmatiese model van Thurneysen (1963) met 'n eduktiewe model (soos dié van Hiltner – 1949) te kombineer. Dit verklap egter 'n antropologiese ondertoon in sy pastorale benadering. Die bydrae wat Heitink (1979: 284 – 326) egter lewer, is te vinde in die verskillende funksies van pastorale versorging wat hy identifiseer: genesing, ondersteuning, leiding en versoening.

2.4.1.6. **Adams** (1973): Die belangrikste aspekte van die noutetiese model van Adams (1973) is die ontmitologisering van psigoterapie (1973: 71 – 102) en die klem op die rol van sonde as oorsaak van pastorale probleme (1973: 117 – 140). Alhoewel sonde nie as onafwendbare oorsaak van pastorale probleme beskou kan word nie, kan sonde wel 'n baie belangrike rol speel

in die pastorale proses. Sy konsep van ontmitologisering is baie skerp teenoor die wetenskap van die sielkunde, maar dit herinner daaraan dat die sielkunde in 'n pastorale benadering altyd in perspektief gehou moet word.

Vanuit die standpunte van hierdie belangrike protagoniste uit die wetenskap van die pastoraat word 'n diakonologiese pastorale model gefundeer. Met 'n diakonologiese pastorale model as grondslag kan verdere pastorale tegnieke, soos die narratiewe gespreksmodel hieronder, aangewend word in die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

### 2.4.2. 'n Narratiewe benadering gegrond op Skrifbeginsels

Hoewel die gebruik van die narratief in die pastoraat nie by uitstek 'n nuwe tegniek is nie (Ganzevoort 1993: 277 – 287, Roux: 1997: 51 – 80), is die aanwending daarvan vanuit 'n diakonologiese epistemologie nie algemene gebruik nie. Tog kom daar menige verhale in die Skrif voor waar God op wonderlike maniere in mense se lewens ingryp. Christus kies immers self om gebruik te maak van gelykenisse in die evangelies om mense te leer. 'n Narratiewe benadering wat op Skrifbeginsels gegrond is, is derhalwe 'n goeie keuse vir die pastorale bediening van persone wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

Die narratiewe benadering het dit ten doel om 'n rekonstruksie te laat plaasvind in die kliënt se lewensverhaal wat skeefgeloop het tot 'n nuwe gerekonstrueerde lewensverhaal (Anderson & Goolishian 1988: 372). Die uiteindelike gerekonstrueerde lewensverhaal is die resultaat van die pastorale begeleiding wat die oorsake tot die pastorale nood in die aanvanklike lewensverhaal van die kliënt aangespreek het. Dit is noodsaaklik dat die pastor doelwitte opstel vir die begeleiding tot 'n gerekonstrueerde lewensverhaal van die kliënt. Die funksies van pastorale sorg (genesing, ondersteuning, leiding en versoening) wat Heitink (1979: 284 - 326) identifiseer, is hier van toepassing. Dit kan aanvaar word as die doelwitte waarmee die pastorale proses aangepak word. In aansluiting hierby, beklemtoon Louw (1997: 78 – 80) die aspek van redding en genesing. Hy maak die afleiding dat redding gelykstaande is aan genesing, vryspraak en 'n nuwe lewe, en dat dit dan weer die effek van die terapeutiese proses verteenwoordig. Hierdie aspek van redding funksioneer binne die raamwerk van die eskatologie (Louw 1997: 80 – 92). Dit is hier waar die bediening van hoop na vore kom in die funksionering van die eskatologie saam met die beloftes van God in die verbond. Die herstel van hoop is daarom 'n baie belangrike doel in die proses van die rekonstruksie van die narratief of lewensverhaal van die kliënt.

In die pastorale gesprek waar hoop bedien word, staan die verbondsverhouding tussen God en sy kinders sentraal (De Klerk 1985: 23 - 28). Elke mens beskik oor sy/haar eie lewensverhaal en is self die interpreteerder van sy/haar lewenservaring in die vorming van 'n eie identiteit. Deur die genade van God kan elke mens deel word van die verbondsverhouding tussen God en sy kinders. Om deel te word van die verbondsverhouding tussen God en sy kinders, impliseer dat so 'n persoon ook deel kry aan die voorregte van die verbond. 'n Verbondsverhouding hou nie alleen voorregte in nie, maar bring ook verantwoordelikhede mee. 'n Gerekonstrueerde lewensverhaal as uiteinde van die pastorale proses kan beskryf word as 'n verbondsverhouding waarin die identiteit van die kliënt volledig funksioneer in terme van die uitleef van die voorregte van die verbond asook die aanvaarding van die verantwoordelikhede wat die verbond inhou.

Janse van Rensburg (1995: 152 – 165) omskryf die funksionering van die verbond in pastorale versorging. Volgens hom kan dit in drie dele ingedeel word:

a) **Die trou en die omgeekarakter van die verbond**: Die trou van die verbond word omskryf in die volgende Bybelse terme: *Sorg* verwys na die herderlike sorg van die Here op grond van sy beloftes. Dit beklemtoon die besondere versorgingskarakter van die herder teenoor die kudde. Die betekenis dui in pastorale terme op die voorsienigheid van God wat saamhang met die leiding wat God aan die mens gee vanuit die Skrif. Die *lankmoedigheid* van die Here is sinoniem met die trou van die verbond. Hier word die geduld van God met die volgehoue sonde van die mens beklemtoon. Die *lankmoedigheid* van die Here kan in 'n pastorale gesprek troos verskaf, veral waar die toorn van die Here gevrees word in dit wat skeefgeloop het in die lewe van die kliënt. *Bemoediging* is van strategiese belang in die pastorale proses. Dit vind plaas deur die pastorale gesprek en die feit dat die *bemoediging* wat tydens die pastorale gesprek plaasvind ten diepste *bemoediging* van God is, beklemtoon die omgeekarakter van die verbond.

b) **Die verbreking van die verbond en vermaning**: Vermaning en die verbreking van die verbond word verwoord met: *Waarskuwing* binne die pastorale gesprek plaas die liefdesmotief van die Skrif voorop. In liefde word die kliënt op grond van die Skrif *gewaarsku* teen optredes wat mag lei tot verdere ellende. Hiermee word die gevolge van die verbreking van die verbond deur die kliënt duidelik uitgespel. *Tug* dui op die manier waarop God te werk gaan om die verbreking van die verbond deur die kliënt reg te stel. Dit is 'n handeling waarin die mens teruggebring word na 'n lewensweg wat strewe na die wil van God. Dit is onafwendbaar dat die *tug* deel sal vorm van 'n pastorale gesprek, want die pastorale proses vind plaas sodat die wil van God betekenis kan kry in die lewe van die kliënt. *Teregwysing* sluit aan by die motief van vermaning en het ten doel om veral verkeerde beredeneringsprosesse by die kliënt aan te spreek. Dit is noodsaaklik

om beredeneringsprosesse aan te spreek in die pastorale proses ten einde die verbreking van die verbond uit te wys en met die oog op die toekoms te voorkom.

c) **Die herstel van die verbond**: Die volgende woorde omskryf die herstel van die verbond in die pastoraat: *Opbou* geskied binne die konteks van die plaaslike gemeente. In die proses van die herstel van die verbond vind *opbou* plaas deurdat die kliënt ten volle inskakel by die gemeente as geloofsgemeenskap. Dit is binne hierdie geloofsgemeenskap waar die herstel van die verbond en 'n groei na geestelike volwassenheid plaasvind. *Oprigting* vind plaas waar die kliënt algaande sy/haar voete vind in die samelewing. In pastorale terme beteken dit dat die kliënt begelei word tot die vaardighede wat nodig is om normaal te kan funksioneer en om oor 'n goeie selfbeeld te beskik. *Versterking* van geloof vind plaas wanneer die verbond herstel word. Hier speel die Heilige Gees 'n integrale rol, waar God in die pastorale proses, deur die kragtige werking van die Gees, die geloof van die kliënt voortdurend versterk.

Botha (2003) het die narratiewe gespreksmodel suksesvol toegepas op die situasie van 'n egskeiding. Dieselfde tegniek is derhalwe toepaslik in die pastorale bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. In die lig van die diakonologiese benadering tot die pastoraat wat hierbo verkies word, is dit egter noodsaaklik om die narratiewe benadering aan te wend in die lig van die Skriftuurlike beginsels hierbo vermeld en van toepassing is op die pastoraat. Die gebruik van die narratief as hulpmiddel in die pastorale gesprek kan derhalwe suksesvol aangewend word in die pastorale bediening van hoop aan persone wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

### 2.4.3. Afgeleide beginsels ten opsigte van die pastorale benadering van 'n Geen-Uitweg Egskeiding

Na aanleiding van die bespreking hierbo in 2.4.1. en 2.4.2. kan die volgende beginsels afgelei word vir die pastorale benadering van 'n Geen-Uitweg Egskeiding:

Met die verbondsverhouding wat God met sy kinders het as vertrekpunt, word 'n keuse uitgeoefen vir 'n diakonologiese pastorale benadering van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (De Klerk 1985). Die pastor speel 'n fasiliterende rol as herder in die pastorale proses om herstel in die lewe van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, teweeg te bring. Hierin word Skrifbeginsels toegepas om die verbondsverhouding tussen God en mens, wat versteur is deur die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, weer te herstel (Janse van Rensburg 1996).

In so 'n fasiliterende proses sal die pastor (of herder) 'n langtermyn rekonstruktiewe verbintenis met die kliënt moet hê. So 'n langtermyn rekonstruktiewe proses sal voorsiening maak vir genesing op alle terreine van die lewe wat geraak is deur 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Hier kan ook die hulp ingeroep word van naaswetenskappe, soos die Sielkunde, om pastorale probleme aan te spreek (Clinebell 1992). 'n Langtermyn rekonstruktiewe proses sal die funksies van genesing, ondersteuning, leiding en versoening ten doel hê (Heitink 1979). Die skep van 'n gunstige milieu waarbinne pastorale hulp plaasvind, kan daartoe bydra dat die kliënt positief reageer op die leiding van die pastor tydens hulpverlening (Hiltner 1949).

Wanneer 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef pastoraal bedien word, moet die pastor toesien dat daar hoop aan so 'n persoon bedien word in sy/ haar situasie wat dalk as hopeloos beleef word. Hiervoor is die eskatologiese perspektief waarna Louw (1997: 80 – 85) verwys baie belangrik. Pastorale hulpverlening vind binne hierdie konteks plaas deurdat God se betrokkenheid in die herstelproses sterk beklemtoon word (Camille 2006: 39, 40). Die gebruik van die eskatologiese perspektief vind egter plaas binne die raamwerk van die verbond (De Klerk 1985).

Terwyl pastorale hulpverlening plaasvind, moet die Skrif daadwerklik gebruik word. Alhoewel Skrifbeginsels belangrik is vir die daarstel van 'n toepaslike benadering, moet die Woord van God geproklameer word tydens pastorale versorging (Thurneysen 1963). Waar dit van toepassing is, kan die Skrif die rol van sonde as oorsaak van die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding uitwys (Adams 1973).

Al hierdie afgeleide pastorale beginsels kan gekombineer word in 'n Skriftuurlike Narratiewe benadering, waar rekonstruksie plaasvind van die lewensverhaal van die persoon wie se lewe aan skerwe lê na 'n Geen-Uitweg Egskeiding (Botha 2003). Die verbond staan sentraal in die gebruik van die narratiewe benadering en tydens die proses van rekonstruksie kan die Skrif die belangrikheid van die verbond binne die konteks van die kliënt se lewensverhaal, aantoon. Dit stel die pastor in staat om hoop te bedien aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

## 2.5. Basisteoretiese Pastorale Beginsels vir 'n Geen-Uitweg Egskeiding

'n Basisteorie ten opsigte van die pastorale beginsels vir 'n Geen-Uitweg Egskeiding kan nou gevorm op grond van die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, soos in 2.1. hierbo uitgestippel. Met die deeglike definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding as vertrekpunt, kan die Skrifbeginsels wat afgelei is vanuit Matteus 19: 1 – 12 en 1 Korintiërs 7: 1 – 16 (in 2.2. hierbo), saam met die gesins- en sosiale faktore wat aanleiding gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding (soos

bespreek in 2.3 hierbo) verder help met die vorming van 'n basisteorie. 'n Basisteorie van die pastorale bediening van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, word afgerond deur van duidelike diakonologiese pastorale model gebruik te maak wanneer 'n narratiewe benadering gegrond op Skrifbeginsels (2.4. hierbo) aangewend word tot die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

# HOOFSTUK 3

# DIE PASTORALE BEHOEFTES VAN 'N PERSOON WAT IN 'N GEEN-UITWEG EGSKEIDING VERKEER

In hierdie hoofstuk van die studie word die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer geïdentifiseer. Dit word gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe empiriese studie wat vyf gevallestudies behels. Heitink (1999:221) toon aan dat die woord "empiries" afgelei is van die Griekse woord *empeira* – wat ervaring beteken. In hierdie ondersoek word 'n *kwalitatiewe* empiriese metode gevolg deurdat halfgestruktureerde onderhoude met 'n vooraf gekose groep individue gevoer en met 'n raamwerk van vrae gewerk word, wat dan verduidelik en dieper ingevra word tot die presiese bedoeling van die respondent bepaal is (vergelyk Pieterse, 1990:83; 1998:191)). Die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, word uitgewys deur die invul van vraelyste deur, en die voer van onderhoude met persone wat alreeds 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef het. Naas die kwalitatiewe empiriese studie van vyf gevallestudies, word die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer verder geïdentifiseer deur 'n literatuurstudie van die naaswetenskappe rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Dit sluit die psigologiese aspekte wat oorweeg moet word in 'n Geen-Uitweg Egskeiding asook sosiologiese faktore rakende die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding in.

## 3.1. Die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer aan die hand van vyf gevallestudies

Vraelyste wat uitgestuur is, het die volgende vrae bevat:

1. Hoe lank was u getroud?
2. Hoe oud was u en u huweliksmaat toe u getroud is met hom/haar?
3. Wanneer is u geskei?
4. Was u die verweerder in die skeisaak? Ja / Nee
5. Was u gewillig om te skei? (verstrek besonderhede)
6. Wat was die redes vir die egskeiding wat aan u verskaf is deur u vorige huweliksmaat?
7. Sou u hierdie redes as geldig beskou? (motiveer asb.)
8. Wat sou u meen was die werklike redes waarom u vorige huweliksmaat van u geskei het?
9. Het u sielkundige of pastorale berading ontvang tydens u egskeiding? Ja / Nee

10. Indien wel, sou u meen dat hierdie berading voldoende en effektief was? Ja / Nee
11. Indien nie, waarin het die berading wat u ontvang het tekort geskied?
12. Sou u sê dat u die trauma van u egskeiding al verwerk het? Ja / Nee
13. Indien wel, wat het daartoe bygedra? En indien nie, wat is steeds vir u 'n probleem om te verwerk?
14. Is daar enige iets wat u voel om hierby by te voeg?
15. Sou u bereid wees om 'n onderhoud rakende hierdie vraelys toe te staan?

Verskeie vraelyste is uitgestuur om voltooi te word deur respondente. Eerstens moes elke respondent se besonderhede rondom sy/haar egskeiding geëvalueer word ten einde vas te stel of die betrokke geval wel 'n Geen-Uitweg Egskeiding behels. Verskeie respondente moes gediskwalifiseer word omdat hul situasies nie voldoen het aan die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (waarna verwys word in 2.1. hierbo) nie. Dit was veral met betrekking tot vraag 4 van die vraelys, waar die rol van die respondent in die egskeidingsproses bepaal word, dat baie respondente gediskwalifiseer is.

Nadat vasgestel is watter gevalle aan die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding voldoen het, is vyf gevalle gekies wat die mees geskikte was vir die doeleindes van hierdie studie. Onderhoude is gevoer met die gevalle wat aan die definisie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding voldoen het om vas te stel op watter vyf gevalle die keuse vir hierdie studie sou val. Vervolgens word 'n kort beskrywing gegee van elke geval, waarna die unieke pastorale behoeftes van die betrokke respondent geïdentifiseer word. Waar respondente dit so verkies het, is skuilname gebruik in die beskrywing van die gevallestudie.

#### 3.1.1.1. Die Geval van Louis

*Louis is 'n 35-jarige elektriese ingenieur wat tans werksaam is in Kanada. Hy is vier jaar gelede geskei van Karin na hulle huwelik van ses jaar. Daar is een dogter gebore uit die huwelik en na die egskeiding het Karin toesig verkry oor hulle dogter. Louis sien sy kind op afgespreekte naweke en vakansies. Dit is ook die enigste kontak wat hy met Karin het.*

*Ongeveer twee maande nadat Louis en Karin na Kanada geëmigreer het, het Louis begin agterkom dat Karin depressief raak. Hy het probeer om haar emosioneel te ondersteun, maar sy het al meer teruggetrokke geraak. Ongeveer 'n maand later het sy aangekondig dat sy wou skei. Vir ongeveer nog 'n maand het Louis alles probeer om vir Karin van besluit te laat verander, maar sonder enige sukses. Sy het egter geen poging aangewend om uit te trek nie. Nadat die situasie*

*in sy huis onuithoudbaar geword het, het Louis besluit om tydelik uit te trek. Na ongeveer twee jaar waarin Louis telkens probeer het om die huwelik te red en Karin sy pogings net met emosielose weiering beantwoord het, is die skeisaak deur Karin aanhangig gemaak. Louis moes later uitvind dat sy intussen in 'n verhouding met 'n derde persoon betrokke geraak het.*

*Karin het as redes vir die egskeiding aangevoer dat Louis 'n emosioneel afwesige persoon in hulle huwelik was en dat hy min of geen belangstelling getoon het in die opvoeding van hulle dogter nie. Sy het ook aangevoer dat hy haar emosioneel mishandel het. Louis was baie geskok met die beweringe wat Karin teen hom gemaak het. Die beskuldiging dat hy nie 'n goeie ouer was nie, was vir hom besonder moeilik om te verwerk. Sy het hom ook aanvanklik daarvan beskuldig dat hy haar fisies mishandel het, maar nadat hy haar daaroor gekonfronteer het, het sy die beskuldiging verander na emosionele mishandeling.*

*Na deeglike besinning oor die omstandighede wat aanleiding gegee het tot sy egskeiding, het Louis besef dat hulle emigrasie na Kanada 'n groot rol gespeel het in die egskeiding. Karin was nie gelukkig in Suid-Afrika nie en het gesmag na 'n ander situasie waarin sy beter sou voel. Terwyl sy swanger was in Suid-Afrika het sy haar hoop op die koms van 'n kind in haar lewe geplaas om haar beter te laat voel. Toe dit haar nie beter laat voel het nie, was dit die uitsien na die emigrasie na Kanada. Nadat sy uiteindelik in Kanada aangekom het en sy besef het dat die emigrasie ook nie die oplossing vir haar ongelukkigheid was nie, wou sy nie meer in 'n huwelik met Louis wees nie. Die kwessie van 'n derde persoon wat later op die toneel verskyn het, was die finale nekslag van hulle huwelik. Louis het nog geglo dat Karin dit oorweeg het om hulle huwelik nog 'n kans te gee en dat haar besluit op 'n mespunt gebalanseer was toe die derde persoon op die toneel verskyn het. Die derde persoon was die oorsaak dat Karin nie verder die moontlikheid van 'n rekonsiliasie wou oorweeg nie.*

*Louis het nie pastorale of sielkundige hulp ontvang tydens die proses van sy egskeiding nie. Dit het hom jare geneem om die trauma van sy Geen-Uitweg Egskeiding te verwerk. Hy kan uiteindelik sê dat hy sy egskeiding suksesvol verwerk het. Hy het intussen betrokke geraak in 'n nuwe suksesvolle verhouding en is baie gelukkig. Hy is van mening dat hierdie nuwe verhouding die deurslag gegee het dat hy sy egskeiding kon verwerk en dat sy geloof in homself weer herstel is deur die positiewe bydrae wat sy nuwe maat met betrekking tot sy selfbeeld gemaak het.*

*Die situasie rondom die besoeke aan sy dogter bly egter nog 'n frustrasie vir hom. Karin se keuses in hierdie verband beïnvloed steeds sy lewe. Net soos wat hy nie 'n keuse in die egskeiding gehad het nie, het hy dikwels ook nie 'n keuse in die tyd en plek waar en wanneer hy sy dogter kan besoek nie. Dit voel vir hom asof Karin steeds 'n invloed het op die besluite wat hy*

*en sy nuwe vrou moet neem. Gelukkig vir Louis ondersteun sy nuwe vrou hom baie hierin deur hom gedurigdeur te herinner aan dit wat die beste vir sy dogter is.*

**3.1.1.2. Die Pastorale Behoeftes van Louis**

**a.) Hulp met die gevoel van onvermoë om sy huweliksmaat se emosionele behoeftes waar te neem en aan te spreek:** Louis het, na aanleiding van die situasie met hul emigrasie na Kanada en Karin se ongelukkige emosionele toestand, ontoereikend gevoel om die emosionele behoeftes van sy vrou aan te spreek. Nadat hulle huwelik in 'n egskeiding geëindig het, was dit vir hom moeilik om te besef dat sy onvermoë om op 'n emosionele vlak aan sy vrou se behoeftes te voldoen, waarskynlik 'n aandeel gehad het aan die egskeiding. Met die terugblik op veral die swangerskap van Karin met hul dogter en die emigrasie wat daarmee gepaard gegaan het, kon Louis die gevolgtrekking maak dat sy ongelukkig was en dat sy telkens gehoop het op 'n verbetering met die vooruitsig van 'n volgende groot gebeurtenis in hulle lewens. Louis voel dat as hy net hierdie waarneming kon maak terwyl hulle getroud was hy dalk iets kon doen om die huwelik te red.

**b.) Die verwerking van die belewing van verraad in valse beskuldigings wat as redes vir die egskeiding aangevoer is:** Die redes wat deur Karin vir hulle egskeiding aangevoer is, was volgens Louis leuens. Sy het hom beskuldig van mishandeling en dat hy 'n afwesige ouer was. Die feit dat dit leuens was, veral wat die beskuldiging van mishandeling betref en dat sy dit op 'n gewetenlose manier gebruik het om haar egskeiding van hom te probeer regverdig, was vir Louis baie moeilik om te verwerk. Dit bly tot vandag toe vir Louis, as pa, 'n bitter pil om te sluk dat hy daarvan beskuldig is dat hy 'n afwesige ouer was net sodat sy vrou 'n rede kon kry om van hom te skei. Louis kan ook nog nie vir Karin vergewe vir die verraad wat sy in die valse beskuldigings teenoor hom gepleeg het nie.

**c.) Hulp om die ervaring van magteloosheid in die rol wat 'n derde persoon in die egskeiding gespeel het, te verwerk:** Die manier waarop Karin na 'n lang tyd van worsteling in hulle huwelik summier moed op gegee het, het vir Louis laat voel dat hy beroof is van die geleentheid om hulle huwelik te red. Louis voel dat daar nog 'n kans was op herstel toe 'n derde persoon op die toneel verskyn het. Dit was vir hom 'n frustrasie om te ervaar hoe hierdie kans op herstel in sy huwelik deur 'n derde persoon uit sy hande geneem is. Deel van die frustrasie was dat hy voel dat hy die slagoffer was van 'n situasie wat nie meer in sy hande was nie.

**d.) Verwerking van die aanhoudende ervaring van magteloosheid in die verhouding met sy dogter:** Die feit dat toesig oor hulle dogter aan Karin toegestaan is, veroorsaak dat Louis steeds

afhanklik is van die reëlings wat Karin tref in verband met die tye wat hy by sy dogter deurbring. Louis het die behoefte daaraan gehad om na sy egskeiding met Karin daardie deel van sy lewe as 'n hoofstuk af te sluit. Hy kan dit egter nie doen nie omdat hy 'n dogter met Karin deel. Dit veroorsaak dat dit vir hom swaar is om steeds opofferings in sy lewe te moet maak wat gedeeltelik deur Karin se besluite gereël word.

**e.) Hulp met die behoefte om te sin te maak van sy ervaring van die egskeiding:** Uit 'n onderhoud met Louis blyk dit duidelik dat hy nie 'n man is wat graag oor sy emosies praat nie. Hy erken self dat dit moontlik deel van die probleem in hulle huwelik was. Tog was daar aanduidings dat hy wel 'n behoefte het om sin te maak van alles wat hy gedurende sy egskeiding ervaar het. Tydens die egskeiding en daarna het hy geen pastorale of sielkundige hulp ontvang nie. Hy is wel van mening dat hy die trauma van sy egskeiding verwerk het en dat die nuwe verhouding waarin hy staan met sy nuwe vrou hom finaal gehelp het om die trauma te verwerk. Ten spyte hiervan is daar nog vrae by hom wat onbeantwoord is en wat hy nog nie goed op 'n emosionele vlak kan verwoord nie.

### 3.1.2.1. Die Geval van Daisy

*Daisy is 'n 66-jarige vrou met twee dogters. Sy was vir sewentien jaar getroud met 'n prokureur, Donald. Hulle is getroud toe sy 26 jaar oud was en hy 25. Hulle is alreeds 23 jaar geskei en sy is vyf jaar na haar egskeiding weer getroud met 'n man wat self geskei is en die vader van drie kinders is. Die hersaamgestelde gesin uit die nuwe huwelik het baie uitdagings in haar lewe gebring. Tans worstel sy steeds met die uitdagings daarvan, veral omdat daar nou kleinkinders ter sprake is.*

*Daisy se egskeiding met Donald het as 'n groot skok vir haar gekom. Donald het een aand by die huis opgedaag en haar in kennis gestel dat sy die volgende dag 'n dagvaarding om 'n egskeiding sou ontvang. Sy het geen vermoede gehad dat hy die egskeiding beplan het nie. Die hele familie, Donald se familie ingesluit, was geskok met die nuus van hulle egskeiding. Hulle is drie maande later op 'n koue, kliniese wyse geskei. Donald het geweier om met haar te praat oor die redes vir sy egskeiding en sy is nooit die geleentheid gegun om te verstaan waarom hy op 'n egskeiding besluit het nie. Hy het ook geweier om huweliksberading te ondergaan. Sodoende was sy gedwing om 'n enkelouer te word vir haar twee dogters van veertien en twaalf jaar onderskeidelik.*

*Tydens die proses van skikkingsonderhandelinge met die oog op die egskeiding het Daisy bly hoop op versoening in hulle huwelik. Sy het vas geglo dat Donald net 'n middeljare-krisis beleef en dat hy tot sy sinne sou kom. Dit het veroorsaak dat sy besonder inskiklik in die onderhandelinge om 'n skikking was en dat die hele egskeiding binne drie maande afgehandel was. In die dagvaardiging het Donald aangevoer dat hulle nie met mekaar versoenbaar was nie en dat 'n huwelik daarom nie meer moontlik was nie.*

*Sy het glad nie vermoed dat Donald in 'n buite-egtelike verhouding betrokke was ten tye van die egskeiding nie. Later moes sy uitvind dat Donald betrokke geraak het by 'n ou skoolvriendin en dat hy reeds voordat hy die egskeiding aangekondig het, onder valse voorwendsels met haar op 'n romantiese vakansie gegaan het.*

*Die wete dat Donald haar verlaat het vir 'n ander vrou uit sy verlede, het haar selfbeeld 'n ernstige knou gegee. Daisy glo dat sy die oorsaak is dat Donald haar verlaat het, aangesien sy nie aan sy verwagtinge voldoen het nie. Tog is sy van mening dat Donald se onvermoë om sy behoeftes te verbaliseer ook 'n groot rol gespeel het in sy besluit op 'n egskeiding. Donald se kinderjare was gevul met hartseer. Hy het nooit 'n normale gesinslewe geken nie. Sy pa is dood in die Tweede Wêreldoorlog en hy het later by sy grootouers aan sy ma se kant gebly nadat hy glad nie met sy stiefpa oor die weg kon kom nie. Daisy glo dat Donald sy lewe lank groot geword het sonder 'n rolmodel.*

*Ten spyte van alles wat Daisy geweet het van Donald se verlede en die moontlike impak wat dit op hulle huwelik kon hê, het sy steeds bly glo dat sy nie aan Donald se verwagtinge voldoen het nie. 'n Jaar na haar egskeiding het sy 'n pos by die weermag aanvaar as maatskaplike werker. Die aard van haar werk en die feit dat sy daagliks met ander se probleme te doen gekry het, het haar gehelp om haar selfbeeld weer op te bou. Sy was betrokke by die reëlings van sosiale funksies en het gereeld openbare toesprake gehou. Vandag besef Daisy die waarde daarvan in die herstelproses van die trauma van haar egskeiding. Sy kon in 'n nuwe beroep stukkie vir stukkie begin bou aan 'n nuwe lewe totdat sy na vyf jaar gereed was om weer te trou.*

### 3.1.2.2. Die Pastorale Behoeftes van Daisy

**a.) Verwerking van die ontnugtering deur die koue, kliniese beplanning van 'n egskeiding sonder haar medewete:** Die manier waarop Daisy se egskeiding vooraf beplan is tot in die fynste detail sonder dat sy geweet het dat dit besig was om te gebeur, was vir haar 'n groot ontnugtering. Toe Donald een aand by die huis vir haar in kennis stel dat sy die volgende dag 'n dagvaarding vir 'n egskeiding sou ontvang, was sy tot in haar diepste wese geskok. Vir haar was

daar geen geleentheid om haarself voor te berei vir die trauma van 'n egskeiding wat oor haar pad sou kom nie. Die nuus van die egskeiding was vir haar amper soos 'n doodstyding – skielik en onverwags. Dit was nie net sy wat geskok was nie, maar die hele familie daarmee saam. Vir Daisy was die verwerking van hierdie ontnugtering en skok oor die onverwagte egskeidingsaankondiging 'n groot uitdaging.

**b.) Verwerking van die feit dat daar aan haar geen redes verskaf is vir die egskeiding nie:** Behalwe vir die koue, kliniese wyse waarop Donald van Daisy geskei het, het hy deurgaans geweier om die redes vir sy skielike besluit aan haar te verskaf. Sy het hom verskeie kere genader om haar te help om die ware redes vir die egskeiding te verstaan, maar hy het telkens geweier om met haar te praat oor sy motivering. Daisy was hierdeur ontneem van die geleentheid om haar egskeiding behoorlik te verstaan en sy moes die trauma van haar egskeiding verwerk sonder dat sy uitsluitsel hieroor gekry het.

**c.) Hulp met die hantering van die uitbuiting tydens die egskeidingsproses:** Die feit dat Daisy gedurende die verloop van die egskeidingsproses op 'n versoening bly hoop het, het haar kwesbaar vir uitbuiting gemaak. Donald het haar uitgebuit met sy regskennis as prokureur. Haar kwesbaarheid in die situasie van die skikkingsonderhandelinge het veroorsaak dat sy besonder toegeeflik was – sy het immers deurgaans bly hoop dat daar versoening sou kom. Die skok en ontnugtering van haar egskeiding (soos bespreek in a.) hierbo), het haar ook ontneem van die geleentheid om genoegsame beplanning te doen vir haar lewe na die egskeiding. Daisy het hulp nodig gehad om hierdie uitbuiting waarvan sy 'n slagoffer was, te verwerk.

**d.) Herstel van haar selfbeeld nadat die waarheid van owerspel op die lappe gekom het:** Toe Daisy later, na die egskeiding, uitvind dat owerspel die ware rede vir die egskeiding was, het haar selfbeeld 'n erge knou gekry. Sy het gevoel dat sy nie goed genoeg was vir die man vir wie sy lief was nie en dit het veroorsaak dat sy 'n baie swak selfbeeld ontwikkel het. Sy het geworstel met die gevoel dat sy nie aan haar man se verwagtinge kon voldoen nie. Sy het ook baie vrae gehad oor wat daar met haar fout was dat haar man nie meer met haar tevrede was nie. Dit was nodig dat Daisy se selfbeeld geleidelik herstel en dit was vir haar moontlik deurdat sy met nuwe ywer haar werk as 'n maatskaplike werker aangepak het. Dit is opmerklik hoe Daisy self daarvan getuig dat haar selfbeeld in haar uitlewing van haar werk, stelselmatig verbeter het. Die aard van haar werk, waar sy vir ander kon omgee en iets beteken, het haar gehelp om weer waardig te voel en haar selfbeeld weer op te bou.

### 3.1.3.1. Die Geval van Wilhelm

*Wilhelm is 'n 42-jarige predikant wat twaalf jaar gelede geskei is van Hermien. Hulle was 6 jaar getroud en daar is geen kinders uit hul huwelik gebore nie. Wilhelm is 'n predikant en Hermien 'n dokter. Hulle is getroud toe Wilhelm besig was met sy tweede jaar van teologiese studie en Hermien 'n sesde jaar mediese student was. Hermien het vir die res van Wilhelm se studies die pot aan die kook gehou tydens haar gemeenskapsdiens en in die tyd daarna. Nadat Wilhelm sy studies voltooi het, het hy 'n beroep ontvang na 'n gemeente in die Vrystaatse platteland. Hermien het net deeltyds gewerk en haarself daartoe verbind om as predikantsvrou vir Wilhelm te ondersteun in die uitvoering van sy bediening van die Woord.*

*Na ongeveer 'n jaar in die gemeente het Hermien die behoefte uitgespreek om op 'n deeltydse basis in die buiteland te gaan werk. Sy het te hore gekom van geleenthede waarin jong dokters in die Verenigde Koninkryk kon gaan werk op 'n drie- of ses maande-basis. Wilhelm wou eers nie toegee nie, maar nadat Hermien later daarop aangedring het, het hy uiteindelik ingestem. Sy is weg na die Verenigde Koninkryk met die belofte dat sy na drie maande sou terugkeer. Wilhelm was onder die indruk dat sy hom liefhet toe hy haar op die lughawe gegroet het. Sy het selfs 'n liefdesbrief agtergelaat waarin sy baie beloftes gemaak het oor wat sy nog alles saam met hom gaan aanpak wanneer sy teruggekeer het.*

*Ongeveer drie weke nadat sy weg is, het Hermien telefonies vir Wilhelm meegedeel dat sy van hom gaan skei. Hy sou later uitvind dat die hele egskeiding vooruit beplan was en dat al die beloftes en mooi woorde voor Hermien se vertrek, leeg en vals was. Hermien het geweier om Wilhelm te woord te staan na die aankondiging van haar besluit om te skei. Wilhelm het dit selfs oorweeg om na die Verenigde Koninkryk te reis in 'n poging om sin te maak van alles wat so skielik met hom gebeur het. Hulle is twee maande later koud en klinies geskei, nadat Hermien se prokureur die skikkingsprosedure namens haar hanteer het terwyl sy steeds in die buiteland was.*

*Wilhelm het nooit die kans gehad om aan Hermien te vra wat presies die redes vir die egskeiding was nie. In die amptelike hofstukke het sy aangevoer dat sy emosioneel geïntimideerd was in haar lewe as predikantsvrou en dat sy en Wilhelm onversoenbaar van mekaar geraak het as gevolg van sy werk as predikant. Vir Wilhelm was dit baie traumaties om met hierdie beskuldigings gekonfronteer te word aangesien Hermien nooit by hom daaroor gekla het of 'n aanduiding gegee het dat sy ongelukkig was nie. Wilhelm vermoed vandag nog dat daar inligting oor hulle egskeiding was wat van hom weerhou was. Daar was by hom 'n groot behoefte om net met Hermien te praat oor alles sodat hy kan verstaan waarom sy hom net so skielik onder valse voorwendsels verlaat het.*

*As predikant moes Wilhelm met sy egskeiding blootgestel word aan 'n kerklike ondersoek rakende sy egskeiding. Die kerklike vergadering wat aangewys is om sy egskeiding te ondersoek, het ook probeer om met Hermien kontak te maak. Sy het egter volstrek geweier om hulle behulpsaam te wees in hulle ondersoek. Wilhelm is deur die kerklike vergadering toegelaat om voort te gaan in sy amp as leraar, nadat hulle bevind het dat hy nie 'n tugwaardige aandeel in die egskeiding gehad het nie. Vir Wilhelm was die hele kerklike proses baie pynlik. Vir hom was dit ook baie swaar om weer met sy werk as predikant aan te gaan te midde van al die onbeantwoorde vrae wat daar ook nog by gemeentelede was.*

*Wilhelm het by 'n pastorale sielkundige hulp gekry om die trauma van sy skielike egskeiding te verwerk. Die berading wat hy ontvang het, was nie vir hom bevredigend nie – hy het voortdurend gevoel dat die pastorale sielkundige nie sy situasie mooi verstaan nie. Vanuit sy agtergrond as predikant het hy ervaar dat die sielkundige sy geval soos enige ander egskeiding probeer hanteer het, in plaas daarvan om die unieke omstandighede van sy egskeiding te verreken. Wilhelm sê dat sy egskeiding vir hom veel meer soos die dood van 'n geliefde voel, as 'n gewone egskeiding waar man en vrou voortdurend baklei en nie meer oor die weg kom nie. Dit is op hierdie terrein wat Wilhelm voel dat die begeleiding wat hy ontvang het, nie genoegsaam was nie.*

*Wilhelm is later weer getroud met Lucia. Hy beskou haar as sy lewensmaat in alle opsigte. Hulle het twee kinders wat by hom 'n leemte gevul het wat hy gemis het in sy huwelik met Hermien. Wilhelm kan vandag sê dat hy die trauma van sy onverwagse egskeiding verwerk het. Hy is van mening dat sy huwelik met Lucia tog 'n positiewe bydrae gelewer het in die verwerking van sy egskeiding.*

**3.1.3.2. Die Pastorale Behoeftes van Wilhelm**

**a.) Verwerking van die gevoel van verraad na die misleiding wat die egskeiding voorafgegaan het en vergifnis:** Die manier waarop Hermien vir Wilhelm mislei het voordat sy hom verlaat het en die misleiding wat daar was toe sy na die buiteland vertrek het, het Wilhelm diep seer gemaak. Toe sy vertrek het, was hy nog onder die indruk dat hulle huwelik gelukkig was en dat sy hom liefgehad het. Daar was vir hom geen manier om homself te kon voorberei op die trauma van 'n egskeiding nie. Die impak van die egskeiding het hom skielik getref en hy het gevoel dat Hermien hom verraai het. Sy het hom alleen agter gelaat in sy werk as predikant, waar sy ook deel daarvan was voor haar vertrek. Wilhelm was kwaad vir Hermien omdat sy hom in die steek gelaat het. Daarom het hy hulp nodig gehad om die verraad wat teenoor hom gepleeg is te verwerk. In hierdie opsig was dit vir hom baie moeilik om Hermien te vergewe.

**b.) Hulp met die maak van sin van al die gebeure en die verstaan van hoekom dit gebeur het:** Hermien het volstrek geweier om met Wilhelm te praat oor die redes vir die egskeiding. Sy het moeite gedoen om Wilhelm te vermy en het hom so die geleentheid ontneem om vrae te vra en sin te probeer maak van alles wat gebeur het. Omdat hy nie met Hermien kon praat oor die redes vir hulle egskeiding nie, kon hy nooit verstaan hoekom presies die egskeiding plaasgevind het nie. Al wat daar vir Wilhelm was om te probeer sin maak en verstaan hoekom die egskeiding plaasgevind het, was herinneringe uit hulle huwelik. Die herinneringe het gepaard gegaan met vrae oor spesifieke situasies wat dalk kon aanleiding gee tot 'n egskeiding. Dit het egter by vrae gebly aangesien Hermien nooit die vrae beantwoord het nie. Wilhelm het hulp nodig gehad in die opsig dat daar iemand moes wees wat as 'n klankbord vir hom moes optree terwyl hy hierdie vrae oor hulle verlede aan homself gevra het. Hy het 'n neutrale opinie nodig gehad oor enige moontlike teorie wat hy kon gehad het waarin die egskeiding plaasgevind het.

**c.) Die hantering van vals beskuldigings op die hofstukke:** Omdat Hermien nooit met Wilhelm wou praat oor die egskeiding nie, het hy geweet dat die redes wat in die amptelike hofstukke vir die egskeiding aangegee is, vals was. Hy het hierdie amptelike redes vir die egskeiding as valse beskuldigings ervaar. Dit was ook vir hom traumaties omdat Hermien nooit vantevore hieroor gekla het nie. Sy het aangevoer dat sy emosioneel geïntimideerd was in die rol wat sy as predikantsvrou in hulle huwelik gespeel het. Wilhelm meld in 'n onderhoud dat Hermien hom nog altyd onder die indruk gebring het dat sy haar predikantsvrouskap gesien het as 'n roeping. Dit was veral vir hom swaar omdat sy aangevoer het dat sy geïntimideerd gevoel het – 'n indirekte aanklag voor sy deur. Wilhelm moes begeleiding ontvang om te kon verstaan dat hierdie aantygings nie op hom persoonlik van toepassing is nie en dat hy nie die verantwoordelikheid kan aanvaar vir Hermien se gevoel dat sy emosioneel geïntimideerd was nie.

**d.) Die verwerking van die implikasies van 'n egskeiding op sy beroep as predikant:** Die kerklike proses van 'n ondersoek na hulle egskeiding was vir Wilhelm baie traumaties. Dit was ook vir hom moeilik om weer met sy werk as predikant voort te gaan na die ondersoek afgehandel was aangesien hy met die gereelde kontak met mense gedwing was om baie te praat oor die gebeure rondom sy egskeiding. Hier was die pastorale behoefte om begeleiding te ontvang om te kan voortgaan met sy normale take as predikant, sonder om toe te laat dat die invloed van 'n egskeiding hom van stryk bring.

**e.) Behoefte aan rou-begeleiding eerder as egskeidingsberading:** Omdat sy egskeiding meer vir hom gevoel het na die verlies van 'n lewensmaat as 'n gewone egskeiding, was daar by

Wilhelm 'n sterk behoefte om begeleiding deur sy gepaardgaande rou te ontvang. Wilhelm het met die pastorale hulp wat hy tydens sy egskeiding ontvang het, ervaar dat die pastor wat hom begelei het glad nie hierdie behoefte van hom om te rou asof Hermien deur die dood van hom weggeneem was, identifiseer nie.

**f.) Goedkeuring van die rol van 'n nuwe verhouding in die herstel na sy egskeiding:** Wilhelm is oortuig daarvan dat sy gelukkige huwelik met Lucia hom finaal gehelp het om die trauma van sy egskeiding met Hermien te verwerk. Dit was egter vir hom moeilik dat mense na aan hom, hom voortdurend gewaarsku het dat hy nie weer dieselfde fout moet begaan nie. Toe hy met Lucia getrou het, was daar baie van sy vriende wat hom gewaarsku het dat 'n huwelik nie die wonde van die verlede kon herstel nie. Dit het veroorsaak dat Wilhelm afgesonder van sy ondersteuningsbronne gevoel het toe hy met Lucia getrou het. Tyd wat verloop het, het bewys dat sy huwelik met Lucia op vaste grond staan en dat sy vriende se vrese ongegrond was. In die tyd net voor sy tweede huwelik het Wilhelm egter goedkeuring van 'n vertroueling, wat 'n pastor kon wees, nodig gehad.

### 3.1.4.1. Die Geval van Hariet

*Hariet is 'n 62-jarige vrou met twee kinders wat tans op universiteit studeer. Sy is ses jaar gelede geskei van Paul met wie sy 17 jaar getroud was. Sy was 39 jaar oud en Paul 25 jaar oud met hul troue. Sy woon tans alleen op 'n plattelandse dorp in die Karoo, waar sy as boekhoudster by 'n finansiële instansie werksaam is.*

*Ten spyte van die ouderdomsverskil wat daar bestaan het tussen haar en Paul, was hulle baie gelukkig in hulle huwelik. In haar eie woorde beskryf Hariet hul huwelik as "besonder gelukkig." Paul was in alle opsigte haar beste vriend en sy het niemand anders in die wêreld gehad waarmee sy soveel belangstellings gedeel het nie. Sy het hom beskou as 'n ware lewensmaat en vreugde as eggenoot. Sy het ook 'n besondere bewondering vir sy vaderskap gehad waar hy as gelowige vader aan sy kinders die grondslag gelê het vir 'n lewende geloof.*

*Twee jaar voor hul egskeiding het sy begin bemerk dat Paul nie meer dieselfde teenoor haar optree as waaraan sy in 15 jaar se huwelik gewoond geraak het nie. Hulle kon nie meer met mekaar deel wat op hulle harte was nie. Hariet het begin ervaar dat daar 'n emosionele afstand tussen haar en Paul gekom het. Een aand aan die etenstafel, waar die hele gesin teenwoordig was, het Paul bekend gemaak dat hy nie meer in die Bybel en in die verlossing in Jesus Christus glo nie. Dit was vir Hariet en die kinders 'n verskriklike ontnugtering, aangesien hulle as gesin 'n*

*besondere bewondering vir Paul gehad het vir die leiding wat hy as vader aan die gesin gegee het op geestelike terrein.*

*Later het dit ook aan die lig gekom dat Paul 'n verhouding met sy sekretaresse gehad het. In sy werk moes hy en sy sekretaresse van tyd tot tyd reis om inspeksies by ander dorpe te gaan doen. Hulle moes telkens vir dae oorbly. Paul het later erken dat hy tydens hierdie werksreise saam met sy sekretaresse, owerspel gepleeg het. Na hulle egskeiding is Paul getroud met sy sekretaresse en hulle woon tans nog op dieselfde dorp as Hariet. Sy sien vir Paul nog gereeld wanneer die kinders op die dorp kom kuier en kontak tussen haar en Paul onafwendbaar is.*

*In die dagvaarding tot 'n egskeiding wat op haar bestel is, het Paul aangevoer dat die rede vir hul egskeiding 'n gebrek aan kommunikasie is. Hariet erken dat die kommunikasie tussen haar en Paul doodgeloop teen die einde van hulle huwelik, maar sy is oortuig dat daar ander redes vir die egskeiding was. Sy voer drie redes aan waarom sy meen hulle huwelik skeefgeloop en sy teen haar wil 'n egskeiding moes beleef. In die eerste plek beskou sy die verandering van geloofsoortuiging wat Paul gehad het as primêre rede vir die egskeiding. Hiermee saam, in die tweede plek, glo Hariet dat dit vir Paul ongemaklik was om te leef in gesin wat gelowig is en getrou hul godsdiens beoefen het. In die derde plek voer Hariet die owerspel wat Paul met sy sekretaresse gepleeg het aan as rede waarom Paul haar verlaat het.*

*Onderwyl hulle huweliksprobleme ondervind het, het Paul en Hariet 'n sielkundige gesien vir huweliksberading. Vir Hariet was die huweliksberading 'n groot teleurstelling. Sy het 'n groot behoefte daaraan gehad om vanuit die Woord en met gebed begelei te word tydens die berading. Sy is oortuig daarvan dat leiding vanuit die Woord en in gebed vir Paul baie sou help tydens geloofsvertwyfeling. Die sielkundige het aan haar die opdrag gegee om 'n lys op te stel van die dinge van Paul wat haar in hulle huwelik teleurgestel het. Sy het met moeite die lys opgestel net om met die volgende sessie te vind dat dit verniet was. Sy het ervaar dat die sielkundige haar nie geglo het dat sy waarlik gelukkig was in hulle huwelik nie. Die stap van 'n egskeiding is na slegs 'n paar sessies deur die sielkundige voorgestel.*

*Op die vraag of sy kan sê dat sy die trauma van haar egskeiding al verwerk het, het sy voorwaardelik 'ja' geantwoord. In haar eie woorde sê sy: "'Ja' beteken ek funksioneer met vreugde in die lewe. Dit beteken nie dat ek klaar getreur het nie!" Uiteindelik was dit medegelowiges wat haar gehelp het om die trauma van haar Geen-Uitweg Egskeiding te verwerk. Die feit dat sy met vrymoedigheid en vertroue kon praat met medegelowiges het die emosionele pyn vir haar help verwerk. Gebed was ook vir haar 'n anker in die swaar tye, omdat sy met vrymoedigheid haar pyn en smart na die Vader kon neem.*

*In 'n onderhoud sê Hariet dat sy nooit weer sal trou nie, want Paul is haar man. Sy beskou hom as haar enigste lewensmaat, alhoewel hulle nie meer getroud is nie en hy nou met 'n ander vrou getroud is. Die egskeiding wat met haar gebeur het, is 'n tragedie waarvan sy die slagoffer is en dit vir die res van haar lewe sal wees. Sy het geleer om normaal te funksioneer en kan voortgaan met die lewe, maar sy dink steeds aan haarself as die slagoffer.*

### 3.1.4.2. Die Pastorale Behoeftes van Hariet

**a.) Hulp met die besondere verlies van 'n lewensmaat en vader vir haar kinders:** Hariet het 'n besondere bewondering vir Paul gehad in die manier waarop hy vir haar 'n man was en 'n pa vir haar kinders was. Sy het baie vreugde geput uit hulle huwelik in die tye toe dit met hulle goed gegaan het. Harriet het hulle egskeiding as 'n besondere verlies ervaar aangesien sy nie wou skei nie en op 'n manier aan Paul as die goeie lewensmaat en goeie pa vir haar kinders bly vashou het. Sy ervaar dat haar lewe baie leeg is na die verlies van Paul as 'n lewensmaat. In haar geval het sy, ten spyte van die lang aanloop tot hulle egskeiding waar hulle probleme ondervind het, die egskeiding baie meer as 'n verlies van 'n lewensmaat (soos met die dood) ervaar. Sy het in die besonder bystand benodig om hierdie verlies te verwerk.

**b.) Verwerking van die trauma van haar man se verlies van geloofsoortuiging:** Hariet was baie geskok toe Paul een aand aankondig dat hy nie meer in God glo nie. Dit was vir haar baie traumaties aangesien hy so 'n groot rol gespeel het in die godsdienstige opvoeding van hulle kinders. Paul was baie beginselvas voordat hy sy geloofsoortuiging verloor het. Nadat hy aangekondig het dat hy nie meer glo nie, glo Hariet hy het ook sy beginsels daarmee prysgegee. Hariet skryf die owerspel wat hy met sy sekretaresse gepleeg het toe aan Paul se verlies van geloofsoortuiging. Sy het hulp nodig gehad in haar eie geloofslewe om hierdie skielike aankondiging van Paul te hanteer. Sy moes ook haar kinders begelei deur hulle pa se verlies van geloofsoortuiging. Dit alles moes in haar lewe gebeur te midde van die dreigende egskeiding waarmee sy ook moes saamleef.

**c.) Oorkoming van die teleurstelling van huweliksberading:** Onderwyl hulle probleme in hulle huwelik ondervind het, het Paul ingestem dat hulle huweliksberading ondergaan. Vir Hariet was die huweliksberading 'n laaste hoop op versoening in hulle huwelik. Sy het haar volle samewerking aan die sielkundige gegee. Sy het egter met die verloop van die huweliksberading die aanvoeling gekry dat die sielkundige nie werklik omgegee het vir hulle situasie nie. Sy was baie geskok toe die sielkundige na slegs 'n paar sessies die aanbeveling gemaak het dat hulle moes skei – dit terwyl sy gevoel het daar was nog baie wat sy wou deel wat 'n verskil sou kon

maak. Hierdie slegte ervaring met die huweliksberading het veroorsaak dat Hariet haar vertroue in pastorale hulp verloor het. Sy het egter nog hulp nodig met die verwerking van haar egskeiding, maar dit sal alleenlik kan plaasvind as sy die teleurstelling van haar ervaring met die sielkundige kan oorkom.

**d.) Hulp met haar onvermoë om deur die rouproses oor haar egskeiding te gaan:** Jare na haar egskeiding en Paul se tweede huwelik met sy sekretaresse, treur Hariet nog steeds. In haar eie woorde is dit asof sy net kan ophou rou nie. Sy het aangepas in die opsig dat sy kan funksioneer by haar werk en dat sy 'n bestaan kan voer. Sy beleef egter nog elke dag 'n diepe hartseer en rou oor die man wat sy verloor het. Daar bestaan 'n teenstrydigheid in haar gemoed – aan die een kant kan sy daarvan praat dat sy lewensvreugde ervaar in die kringe waarbinne sy daagliks beweeg, maar aan die anderkant beleer sy nog elke dag intense rou. Hierin het sy ernstige hulp nodig. Sy moet begelei word deur die rouproses wat sy beleef tot op die punt waar sy kan funksioneer met net die lewensvreugde waarvan sy praat en nie meer elke dag intense rou beleef nie.

**e.) Oorkoming van haar gevoel dat sy vir die res van haar lewe 'n slagoffer sal wees:** Op 'n vraag in 'n onderhoud of sy ooit weer sal trou, het Hariet met 'n besliste nee geantwoord. Sy sien Paul nog steeds as haar man. Sy sal hom egter ook nie terugneem as eggenoot nie. Hierin beskou sy haarself as 'n slagoffer van owerspel vir die res van haar lewe. Sy kan aan die een kant nie meer saam met Paul leef nie, want sy sal hom nooit weer kan vertrou nie; maar aan die ander kant beskou sy hom steeds as haar man, wat beteken dat daar vir haar geen moontlikheid is om weer 'n lewensmaat te kry en te trou nie. Die feit dat sy haarself as 'n lewenslange slagoffer sien, beteken dat sy haarself die moontlikheid tot verdere lewensgeluk ontneem. Sy kan hierin pastorale begeleiding kry sodat sy haar gevoel van permanente slagoffer wees, kan oorkom en so vir haarself die moontlikheid laat vir nuwe lewensgeluk.

### 3.1.5.1. Die Geval van Thinus

*Thinus is 'n 36-jarige boer van die Noord-Kaap wat tans besig is om te skei van Elize. Hulle het twee seuns, waarvan die oudste uit 'n vorige huwelik van Elize is en deur Thinus aangeneem is. Hulle is bykans ses jaar getroud. Die wetlike proses van hulle egskeiding sloer alreeds 'n geruime tyd as gevolg van 'n dispuut oor die toesig oor en onderhoud vir die kinders. Elize se besluit op 'n egskeiding was vir Thinus totaal onverwags. Hulle het onlangs verhuis vanaf die Oos-Kaap na die Noord-Kaap, juis omdat Elize nie gelukkig was in die Oos-Kaap nie. Thinus het baie moeite gedoen om vir Elize die aanpassing in die Noord-Kaap so maklik as moontlik te*

*maak. Volgens hom was sy baie tevrede met die moeite wat hy gedoen het om die aanpassing vir haar maklik te maak. Die nuus dat sy van hom wou skei, het as 'n groot skok tot hom gekom.*

*By sy navrae na die redes vir die skielike egskeiding het Elize vir Thinus daarvan beskuldig dat hy die oudste seun, uit haar vorige huwelik, onregverdig in die huis hanteer en dat sy hom net nie meer lief het nie. Volgens Thinus was sy optrede teenoor die oudste seun nie onregverdig nie – hy het immers die seun as sy eie aangeneem en besef die belangrikheid daarvan dat die kinders as broers in hulle huis groot word. Elize het ook gekla dat sy nie gelukkig was met die plaaslewe nie en dat die normale dagtake van 'n plaaslewe vir haar te veel is – dit nadat hulle op haar aandrang verhuis het na die plaas in die Noord-Kaap.*

*Thinus beskou die redes wat Elize verskaf vir die skielike egskeiding as ongeldig, aangesien hy baie ernstig daarmee is om die twee seuns dieselfde te behandel in alles. Dit voel ook vir hom dat Elize baie onregverdig was om die plaaslewe as 'n rede aan te gee, aangesien sy grootliks verantwoordelik daarvoor was dat hulle verhuis het na die Noord-Kaap, waar sy vooraf geweet het dat sy so 'n plaaslewe met die gepaardgaande take sou hê. Nadat hy met skok verneem dat Elize nie meer vir hom lief is nie, wonder Thinus of sy ooit regtig vir hom lief was. Hy vermoed dat sy met hom getrou het weens finansiële redes, aangesien sy voor hulle troue in 'n redelike finansiële krisis was as gevolg van haar egskeiding kort te vore.*

*Dit is vir hom swaar om die trauma van die skielike egskeiding te verwerk. Hy worstel met baie vrae in die situasie waarin hy homself tans bevind. Hierdie vrae sluit in: Wat kon hy anders gedoen het om die egskeiding te voorkom? Wat is fout met hom as persoon? Het Elize hom van die begin af in hulle huwelik mislei? Hoekom het hy nie vroeër die tekens raakgesien dat daar fout in hulle huwelik was nie?*

*Behalwe vir die vrae, worstel hy met die feit dat sy huwelik op 'n mislukking uitgeloop het. Die magteloosheid wat hy beleef het in die hele manier waarop alles verloop het, is vir hom moeilik om te verwerk. Die feit dat hy geen beheer gehad oor die verloop van sake in die hele proses van hulle egskeiding tot dusver nie is vir hom moeilik om te aanvaar, want hy was van die begin af bereid om te doen wat nodig is om die huwelik te red. Saam met die magteloosheid is dit vir Thinus moeilik om te aanvaar dat Elize hom valslik beskuldig dat hy onregverdig met die kinders was, terwyl hy oortuig daarvan is dat dit nie die waarheid is nie.*

*Terwyl die proses van hulle egskeiding sy verloop neem, kry Thinus baie swaar om met tye van die kinders verwyder te wees. Hy is 'n hegte gesinsmens wat graag die seuns op die plaas rondgeneem het waar hy boer. Dit is nie meer moontlik dat hy op so 'n gereelde basis met die*

*kinders alles van die boerdery sal kan deel nie. Dit veroorsaak dat hy baie keer eensaamheid beleef, veral waar hy alleen in die veld tussen die skape rondbeweeg.*

*Thinus het baie bystand ontvang van sy plaaslike predikant. Die plattelandse gemeenskap ondersteun hom ook baie in die moeilike tyd wat hy tans in sy lewe beleef. Hy doen ook moeite om in te skakel by die aktiwiteite wat by die kerk en in die gemeenskap aangebied word. So is hy onlangs verkies as diaken in die gemeente waar hy lidmaat is. Hy geniet dit om na die mense in sy wyk om te sien en het sodoende ook nuwe mense leer ken wat hy net vroeër in die dorp gesien het.*

### 3.1.5.2. Die Pastorale Behoeftes van Thinus

**a.) Verwerking van sy onsuksesvolle pogings om hulle huwelik te red en die verwerping van sy pogings:** Toe Elize ongelukkig was in hulle huwelik en met die lewensomstandighede in die Oos-Kaap, het Thinus alles in sy vermoë gedoen om die lewensomstandighede vir haar meer aanvaarbaar te maak. Hulle het verhuis na die Noord-Kaap en daar het Thinus geen moeite ontsien om die nuwe huis vir Elize in te rig nie. Sy het aan hom laat blyk dat sy baie tevrede is met die skuif na die Noord-Kaap en dat sy haar nuwe omstandighede geniet. Toe sy skielik die egskeiding aankondig en as deel van die redes haar ongelukkigheid met die plaaslewe aanvoer, was dit vir Thinus baie moeilik om te verwerk. Hy was ook ontnugter deur die valsheid waarmee Elize skynbaar gelukkig voorgekom het tot en met die dag wat sy die egskeiding aangekondig het. Hy het dit so ervaar dat sy al sy pogings om versoening verwerp het en geen waardering daarvoor getoon het nie. Thinus voel dat hy alles in sy vermoë gedoen het om in Elize se behoeftes te voorsien, maar dat dit net nie goed genoeg was nie. Thinus het hulp nodig gehad om die verwerping van sy edele pogings en die misleiding deur die valsheid van Elize se skynbare geluk, te kon verwerk.

**b.) Die herbevestiging van rol as vader, nadat sy optrede teenoor die kinders as rede vir egskeiding aangevoer is:** Elize het agterna vir Thinus daarvan beskuldig dat hy die kinders sleg behandel het. Thinus het homself nog altyd beskou as 'n gesinsmens en was oortuig daarvan hy 'n goeie verhouding met sy kinders gehad het. Die aantygings van Elize ten opsigte van sy verhouding met die kinders het egter veroorsaak dat hy begin twyfel het in sy vermoë as vader. By nadere ondersoek blyk dit egter dat die beweringe van Elize nie so ernstig was dat dit gronde vir egskeiding kon wees nie en dat dit daarom nie genoeg rede vir Thinus was om ongenoegsaam as vader te voel nie. Hierin het Thinus begeleiding nodig gehad om sy rol as vader te herontdek en om met selfvertroue pa vir sy kinders te kon wees.

**c.) Verwerking van die ontnugtering in die ontdekking van die liefdeloosheid van sy huwelik:** Tydens Thinus se pogings om hulle huwelik te red, het Elize hom geskok met die woorde dat sy hom nooit regtig liefgehad het nie. Dit het hom met die vermoede gelaat dat sy net met hom getrou het vir geld. Die meedeling van Elize dat sy hom nooit regtig liefgehad het nie was vir Thinus baie traumaties aangesien hy in hulle huwelik opreg lief was vir Elize. Hy het ook geglo dat sy hom lief gehad het. Dit was daarom vir hom nodig om die valsheid waarop hulle huwelik gebou was te verwerk en te besef dat sy opregte liefde vir Elize nooit regtig met dieselfde opregtheid beantwoord was nie.

**d.) Aanvaarding van die feit dat hy altyd onbeantwoorde vrae oor hulle huwelik en egskeiding sal hê:** Die baie vrae oor hulle huwelik en egskeiding wat onbeantwoord bly in Thinus lewe, is vir 'n hom groot bron van groot frustrasie. Die vrae wat hy vra is vrae wat ontstaan uit sy behoefte om te verstaan presies hoe en hoekom sy huwelik met Elize in 'n egskeiding geëindig het. Hy voel magteloos omdat hy besef dat hy waarskynlik nooit antwoorde op hierdie vrae sal kry nie. Thinus het hulp nodig met die aanvaarding dat daar altyd in sy lewe vrae oor hulle huwelik en egskeiding sal wees wat onbeantwoord sal bly. Hy het ook begeleiding nodig om met hierdie onbeantwoorde vrae in sy lewe te kan saamleef en normaal te funksioneer.

**e.) Hulp met die heropbou van sy selfbeeld:** Te midde van die onbeantwoorde vrae en die valse beskuldigings teenoor hom, het Thinus se selfbeeld 'n ernstige knou gekry. Omdat hy hoë verwagtinge vir hulle huwelik gekoester het en opreg lief was vir Elize, het die skielike egskeiding sy selfbeeld aan skerwe gelaat. Pastorale begeleiding in sy geval moet fokus op die heropbou van sy selfbeeld wat hom in staat kan stel om sy kop op te tel en sy plek in die gemeenskap te kan volstaan.

**f.) Hantering van die voortgaande dispuut oor die toesig oor en die onderhoud van die kinders:** Die voortgaande wetlike dispuut oor die toesig oor en die onderhoud van die kinders is vir Thinus 'n groot bron van frustrasie. Elize bemoeilik die proses omdat sy nie baie inskiklik is oor die aangeleentheid van toesig en onderhoud nie. As deel van die proses is 'n forensiese maatskaplike werker besig met 'n ondersoek. Dit is vir Thinus moeilik om al die aspekte van die ondersoek te hanteer, aangesien die maatskaplike werker as deel van die ondersoek al die aspekte van sy lewensomstandighede tot in die fynste besonderhede moet ondersoek. Dit sluit 'n ondersoek na sy huisopset en sy finansies en 'n karakterondersoek in. In die hantering en verwerking van hierdie uitgerekte proses het Thinus hulp nodig.

**3.1.6. 'n Samevatting van die Pastorale Behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer na aanleiding van vyf gevallestudies**

Na aanleiding van die vyf gevallestudies wat hierbo bestudeer is, is daar pastorale behoeftes wat in die breë voorgekom het by elkeen van die vyf gevallestudies. Dit gee 'n goeie aanduiding van die algemene pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Hierdie pastorale behoeftes, saamgevat uit die vyf gevallestudies, sluit in:

3.1.6.1. **Verwerking van die magteloosheid om teen 'n persoon se wil in 'n egskeiding gedwing te word:** Die persone in gevalle wat hierbo bestudeer is, het almal te doen gehad met 'n diepe gevoel van magteloosheid. Hulle was nie deel van die besluit tot 'n egskeiding nie en hulle is derhalwe gedwing om te skei. Daar het 'n behoefte bestaan om die gevoel van magteloosheid te verwerk.

3.1.6.2. **Hantering van die hartseer rondom die redes wat aangevoer was vir die egskeiding:** In al die gevalle was daar valsheid in die redes wat deur die aansoekende party vir die egskeiding verskaf is. Daar het ook misleiding voorgekom waar die redes òf verdraai is deur leuens òf weerhou is van die verwerende partye. In die verwerking van die egskeiding was daar egter by almal 'n sterk behoefte om die redes ten volle te verstaan. Wanneer dit nie kon plaasvind nie, het hartseer gevolg.

3.1.6.3. **Heropbou van die selfbeeld:** Die trauma van die Geen-Uitweg Egskeiding wat die persone in die gevallestudies beleef het, het hulle selfbeeld 'n ernstige knou toegedien. Daar was dikwels tydens onderhoude tekens van 'n geknakte selfbeeld – veral in die onbeantwoorde vrae wat daar was. Onbeantwoorde vrae soos: "Wat het ek verkeerd gedoen?"; "Was ek nie goed genoeg vir my maat nie?"; "Wat kon ek gedoen het om die egskeiding te keer?", het veroorsaak dat die respondente aan 'n swak selfbeeld gely het. Hulle het hulp benodig in die heropbou van hulle selfbeeld.

3.1.6.4. **Oorkoming van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek:** Tydens die onderhoude met die respondente het dit duidelik geblyk dat hulle gevoel het dat hulle ontneem was van die geleentheid om hulle huweliksprobleme uit te sorteer. Daar was gevalle waar van die respondente nie behoorlik bewus was dat hulle huweliksmaats probleme in die huwelik ondervind het nie. Die feit dat hulle niks kon doen om die probleme wat hulle huweliksmaats ervaar het nie, was baie traumaties. Waar hulle bereid was om werk te maak van hulle huweliksprobleme, het hulle ervaar dat die egskeiding waardeur hulle gegaan het, hulle

beroof het van die geleentheid om juis dit te doen. Die verlies van geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek was 'n aangeleentheid waarin daar hulp nodig was om dit te oorkom.

3.1.6.5. **Hulp in die rouproses waar 'n Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef is as egskeiding:** Twee van die respondente het dit so verwoord dat hulle hulle Geen-Uitweg Egskeiding meer as dood ervaar het as egskeiding. Uit onderhoude met die ander respondente blyk dit ook waar te wees dat hulle ook 'n sterk element van dood beleef het. Dit impliseer dat hulp nodig was met 'n unieke rouproses – die rouproses van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

## 3.2. Die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer aan die hand van die naaswetenskappe van Psigologie en Sosiologie

Vanuit die naaswetenskappe van Psigologie en Sosiologie word die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, meer belig. 'n Literatuurstudie van hierdie naaswetenskappe dra by tot die verstaan van die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, soos in die gevallestudies hierbo aan die lig gekom het.

### 3.2.1. Psigologiese aspekte wat oorweeg moet word in die bepaling van die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer

Daar bestaan bepaalde psigologiese aspekte wat moontlik 'n rol kan speel in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Die aansoeker kan aan 'n psigologiese afwyking ly wat aanleiding kan gee tot sy/haar behoefte om te skei. Eweneens kan die verweerder in 'n Geen-Uitweg Egskeiding ly aan bepaalde psigologiese afwykings. Die volgende psigologiese aspekte behoort verreken te word wanneer die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer bepaal word:

3.2.1.1. **Selfkonsep**: Van Staden (1987: 13) toon die belangrikheid van selfkonsep in 'n huweliksverhouding aan: *"Die selfkonsep van die individu moet ook as 'n komponent van die huweliksverhouding gesien word. Die betekenis wat die individu aan hom- of haarself heg vanaf die stadium dat toontjies en handjies ontdek word tot volwassenheid, het met die selfbeeld te doen."* Selfbeeld speel 'n belangrike rol in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, aangesien invloede uit die verlede (soos ouers, naby-familie en leermeesters) 'n daadwerklike

invloed het op die vorming van selfbeeld in 'n huweliksverhouding. Hier is die gedurige vergelyking met ander persone van besondere belang, asook die persoon se selfbeoordeling op grond van sy/haar vermoëns/onvermoëns of suksesse/mislukkings (Van Staden 1987: 13). In die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is dit veral die verweerder wat geraak word ten opsigte van selfkonsep, aangesien hy/sy gekonfronteer word met die verwerping wat gepaard gaan met 'n egskeiding wat teen sy/haar wil en instemming gebeur. (Marlow & Sauber 1990: 90, 91) Hierdie verwerping het 'n daadwerklike impak op die selfbeeld van die verweerder in 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

3.2.1.2. **Seksualiteit**: Seksualiteit is 'n komponent van die huweliksverhouding wat besondere groot invloed het op die ontwikkeling of verbrokkeling van die verhouding tussen huweliksmaats. Dikwels is daar minderwaardigheidsgevoelens, vrees, skaamte en selfs homoseksuele neigings wat 'n normale seksuele verhouding tussen man en vrou in gedrang bring (Van Staden 1987: 14 - 16). Hierdie probleme met betrekking tot die seksuele verhouding tussen man en vrou veroorsaak seksuele afwykings in die huwelik soos masturbasie, homoseksualisme, frigiditeit en impotensie (Levine 2005: 144 - 148). In soverre dit 'n Geen-Uitweg Egskeiding betref, kan seksuele afwykings 'n groot rol speel in die totstandkoming van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (Thornes & Collard 1979: 130 - 132). Enersyds kan die verweerder aan 'n seksuele afwyking ly waarvan hy/sy nie bewus is nie, wat die werklike oorsaak vir die aansoeker se behoefte om te skei is. Andersyds kan die aansoeker aan 'n seksuele afwyking ly, soos byvoorbeeld homoseksualisme, en die verweerder kan onbewus daarvan wees, terwyl dit die oorsaak is van die aansoeker se begeerte om te skei. In albei gevalle is dit belangrik om die invloed wat seksualiteit op 'n psigiese terrein tot die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding ondergaan, te verreken.

3.2.1.3. **Huweliksontrou**: Huweliksontrou behels die verbreking van die spesiale seksuele band wat eksklusief tussen man en vrou bestaan. Wanneer hierdie eksklusiewe seksuele band wat tussen man en vrou verbreek word, ondervind die huweliksmaat teenoor wie huweliksontrou gepleeg word baie probleme met die vertrouensaspek van die huwelik (Van Staden 1987: 17). Die vertrouensbreuk wat met huweliksontrou gepaard gaan, kan moontlike ander psigologiese versteurings aanwakker by die persoon teenoor wie die huweliksontrou gepleeg is. Dit is veral wat gemoedsversteurings betref, waar huweliksontrou as 'n potensiële oorsaak beskou kan word (Barlow & Durand 1995: 275, 276). Hoewel Sweeney & Horwitz (2001: 305) bevind het dat die invloed van huweliksontrou op psigologiese gesondheid nie so groot is as wat verwag sou word nie, bestaan daar wel 'n beduidende ooreenkoms tussen die voorkoms van depressie by slagoffers van huweliksontrou.

3.2.1.4. **Onverenigbaarheid as gevolg van onkunde oor psigologiese afwykings**: Onverenigbaarheid tussen huweliksmaats het dikwels 'n psigologiese oorsaak. Huweliksmaats sukkel om mekaar se gedrag te verstaan, wanneer daar psigologiese afwykings by een of albei persone in die huwelik aanwesig is (Thornes & Collard 1979: 133 - 136). Volgens Barlow & Durand (1995: 73) kom psigologiese afwykings baie meer algemeen in die samelewing voor as wat algemeen aanvaar word. Die voorkoms van psigologiese afwykings in erge graad is egter meer beperk. Wat die huwelik betref, lewer die misverstande tussen huweliksmaats wat betref hulle onkunde oor moontlike psigologiese afwykings (in erge of ligte graad), 'n groot bydrae tot die onverenigbaarheid wat daar tussen huweliksmaats ontstaan (Van Staden 1987: 26 - 31).

3.2.1.5. **Psigologiese Nood voortgebring deur Sosiale stressore**: Sweeney & Horwitz (2001: 306) toon aan dat 'n verskeidenheid van sosiale stressore 'n daadwerklike impak het op die ontstaan van psigologiese nood in die situasie van 'n egskeiding. Op 'n primêre vlak kan owerspel en die status van verweerder wees in 'n egskeiding, direk aanleiding gee tot die ontstaan van depressie. Op 'n sekondêre vlak kan ander sosiale stressore soos die verlies aan inkomste en die verlies van die sosiale ondersteuning wat 'n huwelik bied, ook bydra tot die ontstaan van depressie by persone wat 'n egskeiding ondergaan. In die geval van 'n Geen-Uitweg Egskeiding waar die kliënt die verweerder is, speel die sosiale stressore wat Sweeney & Horwitz (2001: 306) uitwys nog 'n groter rol in die ontstaan van depressie by die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

3.2.1.6. **Persoonlikheidsverandering**: Die impak wat egskeiding op emosies soos woede, angstigheid, hartseer en neerslagtigheid het, kan direk daartoe aanleiding gee dat 'n persoon wat 'n egskeiding beleef 'n persoonlikheidsverandering ondergaan (Cardenal et al 2005: 269, 270). Die gebeure van 'n egskeiding dra verder by tot die belewing van hulpeloosheid, hopeloosheid, 'n gebrek aan beheer oor dit wat gebeur met die persoon en die onvermoë om in 'n nuwe sosiale opset van 'n egskeiding aan te pas. Volgens Cardenal et al (2005: 269, 270) kan hierdie faktore 'n persoonlikheidverandering by 'n persoon wat 'n egskeiding beleef teweegbring. Dit is veral op die terreine van aggressiwiteit en streshantering waar egskeiding die persoonlikheid van persoon wat 'n egskeiding beleef, beïnvloed. Die hulpeloosheid en gedwonge aard van 'n Geen-Uitweg Egskeiding dra baie sterk by tot die belewenis van die bovermelde emosies (Van Staden 1987: 10), wat meebring dat 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef by uitstek blootgestel is aan die gevaar van 'n persoonlikheidsverandering.

3.2.1.7. **Langtermyn effek van ouerlike egskeiding**: Die voorkoms van egskeiding onder persone wie se ouers self geskei is, is baie hoër as by persone wat in normale omstandighede, waar albei ouers aanwesig en getroud is, grootgeword het (Kulka & Weingarten 1979: 51). Daar

bestaan 'n noue verband tussen psigologiese gesondheid en die huislike omstandighede waarin 'n persoon groot word (Kulka & Weingarten 1979: 74). Die voorkoms van psigologiese nood by persone wat in gebroke huise grootgeword het, is veel hoër as diegene wat in sogenaamde normale huise grootgeword het – hierdie verskynsel raak veral mans (Kulka & Weingarten 1979: 73). In hierdie opsig word die ontwikkeling van huweliksvaardighede van huweliksmaats geraak. Persone wat in gebroke huise grootgeword het, het nooit uit hulle ouers se voorbeeld as rolmodel die vaardighede van 'n huweliksmaat aangeleer nie. Sulke persone se gedrag in die huwelik is dikwels onaanvaarbaar vir hul huweliksmaats (Kulka & Weingarten 1979: 74).

### 3.2.2. Sosiologiese faktore rakende die situasie van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer en bydra tot die pastorale behoeftes van so 'n persoon

Sosiologiese faktore speel 'n rol in die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding in die samelewing. Ten einde die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef behoorlik te kan verstaan, behoort die volgende Sosiologiese faktore wat 'n bydrae kan lewer tot die voorkoms van 'n Geen-Uitweg Egskeiding in ag geneem te word.

3.2.2.1. **Verminderde ekonomiese interafhanklikheid**: In die verlede het huishoudings baie swaarder geleef as in die onlangse verlede. Die meeste gesinne het 'n enkel broodwinner (die man) in die huishouding gehad en in uitsonderlike gevalle het die vrou ook 'n inkomste huis toe gebring. Hierdie stand van sake het egter so verander dat dit vandag baie algemeen is dat daar twee inkomstes in 'n huishouding is en dat veral vroue in die hedendaagse tyd baie meer as in die verlede verdien (Miller et al 2007: 399). Hierdie verskynsel in die samelewing het veroorsaak dat huweliksmaats al minder interafhanklik van mekaar geraak het op 'n ekonomiese vlak (Lamana & Riedmann 1994: 535 & Cunningham et al 1997: 283). Dit gebeur ook dat persone wat 'n egskeiding beplan, meestal die vrou, 'n betrekking aanvaar om ekonomiese onafhanklikheid te bekom in antisipasie van die finansiële las wat 'n egskeiding meebring (Lamana & Riedmann 1994: 535). Wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding betref, is ekonomiese onafhanklikheid 'n besliste bydraende sosiale faktor.

3.2.2.2. **Verminderde sosiale, morele en wetlike beperkings**: Die verandering in die kulturele waardes en gesindhede het 'n bydrae daartoe gelewer dat egskeiding meer algemeen voorkom (Lamana & Riedmann 1994: 535, 536). Morele beperkings wat mense verhoed het om egskeiding te oorweeg, het afgeneem en wetlike beperkings ten opsigte van egskeiding het ook afgeneem (Schaefer 2006: 316). Die feit dat daar verminderde sosiale, morele en wetlike

beperkings betreffende egskeiding is, veroorsaak dat daar 'n ideale klimaat ontstaan vir 'n hoër voorkoms van Geen-Uitweg Egskeidings (Miller et al 2007: 397, 398).

3.2.2.3. **Hoë verwagtings ten opsigte van 'n "ideale huwelik"**: Om in 'n media-belaaide wêreld te leef, bring mee dat die mens voortdurend blootgestel word aan die ideale. Dit geld veral vir die huwelik waar ideale verhoudings voortdurend voorgehou word. Gedurige blootstelling aan die voorhou van ideale deur die media, skep baie hoë verwagtings ten opsigte van die huwelik (Lamana & Riedmann 1994: 536). Verwagtings van 'n huwelik wat te hoog is, veroorsaak dat huweliksmaats baie maklik teleurgesteld raak met mekaar, wat aanleiding gee tot 'n hoë egskeidingsyfer in die samelewing (Miller et al 2007: 399). In die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding het hoë verwagtings ten opsigte van die huwelik 'n sterk invloed.

3.2.2.4. **Veranderde aard van die huwelik**: As gevolg van 'n verhoogde voorkoms van egskeiding het die aard van 'n huwelik as 'n permanente verhouding tussen man en vrou vervaag tot bloot 'n moontlikheid van 'n permanente verbintenis (Lamana & Riedmann 1994: 536). As gevolg van die gebrek aan 'n permanente begrip van die huwelik, kom die huwelik onder druk wanneer egpare normale huwelikstwis ervaar. Wanneer die aard van die huwelik verander van 'n permanente verhouding na 'n tydelike verbintenis, word die moontlikheid van 'n egskeiding al groter wanneer egpare van mekaar verskil in die huwelik. Egpare wat die huwelik nie as 'n permanente verhouding aanvaar nie se huwelik het 'n groot kans om in 'n egskeiding te eindig (Miller et al 2007: 396). Die veranderde aard van die huwelik in die onlangse verlede het ook veroorsaak dat die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding toegeneem het (Schaefer 2006: 316).

3.2.2.5. **Sosiale en Politieke verandering**: Cunningham et al (1997: 282) skryf die verhoogde egskeidingsyfer onder blanke Suid-Afrikaners toe aan die sosiale en politieke verandering wat na 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het. Blanke Suid-Afrikaners beleef 'n tyd van groot onsekerheid as gevolg van die sosiale en politieke verandering in die land. Hierdie onsekerheid strek tot in verhoudings in die gesin en meer spesifiek die verhouding tussen man en vrou (Cunningham et al 1997: 283). 'n Onseker uitkyk op die lewe dra by tot onsekerheid ten opsigte van die rol wat huweliksmaats in die huwelik speel, wat verder veroorsaak dat huweliksprobleme en uiteindelik egskeiding voorkom (Miller et al 2007: 399). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die onsekerheid wat sosiale en politieke verandering teweegbring, 'n bydrae lewer tot die voorkoms van Geen-Uitweg Egskeidings.

3.2.2.6. **Gesinsgeweld**: Bewustheid van die voorkoms van gesinsgeweld in die samelewing het in die onlangse verlede baie toegeneem (Cunningham et al 1997: 282). Gesinsgeweld tel onder

die mees algemene oorsake van egskeiding, alhoewel dit dikwels baie lank neem voordat persone wat onder gesinsgeweld gebuk gaan, oorgaan tot die stap van 'n egskeiding (Lamana & Riedmann 1994: 536, 537). Cunningham et al (1997: 282) wys daarop dat egskeiding in die meeste gevalle van gesinsgeweld 'n uitkoms is vir gesinslede wat gebuk gaan onder jarelange teistering. Die teistering waarna Cunningham et al (1997: 282) verwys sluit fisiese geweld en emosionele geweld in. As gesinsgeweld 'n oorsaak by 'n Geen-Uitweg Egskeiding is, beteken dit dat die verweerder die persoon is wat die gesinsgeweld pleeg, want die aansoeker voer gesinsgeweld aan as rede vir die egskeiding.

3.2.2.7. **Paartjies wat te jonk of te vinnig trou**: Cunningham et al (1997: 283) wys daarop dat egskeidingsyfers van paartjies wat tydens hul tienerjare trou baie hoog is. Dit geld ook vir paartjies wat baie vinnig trou voordat hulle genoeg tyd gehad het om mekaar behoorlik te leer ken voor die troue. Cunningham et al (1997: 283) vermeld dat die goedkeuring van die huwelik deur vriende en familie 'n goeie aanduider is van die potensiaal tot sukses van die huwelik. Lamana & Riedmann (1994: 536) stel dit dat persone wat baie jonk is wanneer hulle trou geneig is om hierdie gevaartekens van 'n huwelik wat skeefloop, mis te kyk en uiteindelik, wanneer dit te laat is, besef dat hulle 'n fout gemaak het om te trou. Hieruit is dit duidelik dat persone wat baie jonk trou of baie vinnig trou nadat hulle mekaar ontmoet het, 'n goeie kans staan om 'n slagoffer te word van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, hetsy as verweerder of aansoeker van die egskeiding.

3.2.2.8. **Verskille in ouerskapstyle**: Die styl waarmee ouers hulle kinders grootmaak reflekteer terug na die styl waarmee hulle deur hulle ouers grootgemaak is. Dikwels verskil die ouerskapstyle tussen huweliksmaats, wat aanleiding gee tot onverenigbare konflik en uiteindelik uitloop op 'n egskeiding (Cunningham et al 1997: 283). Miller et al (2007: 412) wys daarop dat verskille in ouerskapstyle een van die mees onversoenbare oorsake van 'n egskeiding is. Ouers kies vir 'n egskeiding sodat hulle hul kinders self kan grootmaak sonder die inmenging van 'n huweliksmaat wat 'n ander ouerskapstyl het (Miller et al 2007: 412). Die verskille in ouerskapstyle is 'n belangrike sosiologiese faktor wat aanleiding kan gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

### 3.2.3. 'n Samevatting van die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer na aanleiding van die literatuurstudie van die naaswetenskappe van Psigologie en Sosiologie

Die literatuurstudie rakende die psigologiese en sosiologiese faktore gee 'n goeie aanduiding wat op psigologiese en sosiologiese gebied verreken moet om die pastorale behoeftes van 'n

persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, behoorlik te verstaan. Op die terrein van die Psigologie het dit duidelik geword dat selfkonsep; seksualiteit; huweliksontrou; onverenigbaarheid as gevolg van onkunde oor psigologiese afwykings; psigologiese nood voortgebring deur sosiale stressore; persoonlikheidsverandering; en die langtermyn effek van ouerlike egskeiding 'n rol speel in die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

Op die terrein van Sosiologie dra verminderde ekonomiese interafhanklikheid; verminderde sosiale, morele en wetlike beperkings; hoë verwagtings ten opsigte van 'n "ideale huwelik"; veranderde aard van die huwelik; sosiale en politieke verandering; gesinsgeweld; paartjies wat te jonk of te vinnig trou; en verskille in ouerskapstyle by tot die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer.

## 3.3. 'n Samevatting van die Pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-uitweg Egskeiding verkeer

'n Metateorie is in hierdie hoofstuk gevorm deur die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef aan te dui en moontlike bydraende faktore tot die verstaan van die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, is geïdentifiseer deur 'n literatuurstudie van die naaswetenskappe van die Psigologie en die Sosiologie. Hierdie metateorie kan nou by die basisteorie (Hoofstuk 2) gevoeg word, ten einde in die volgende hoofstuk by 'n praktykteorie te kan uitkom (Zerfass 1974: 166 e.v.).

# HOOFSTUK 4

# RIGLYNE VIR DIE VERWERKING VAN DIE TRAUMA VAN EN DIE BEDIENING VAN HOOP AAN 'n PERSOON WAT IN 'n GEEN-UITWEG EGSKEIDING VERKEER

Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie is: Watter riglyne vir pastorale begeleiding van 'n persoon in 'n Geen-Uitweg Egskeiding kan deur middel van navorsing daargestel word? Met inagneming van die resultate van die literatuurstudie (die basisteorie in Hoofstuk 2) en die empiriese studie (die metateorie in Hoofstuk 3) word daar in hierdie hoofstuk gepoog om aan die sentrale navorsingsvraag antwoorde te verleen. Dit geskied deur die neerlê van riglyne aan die pastor vir die bediening van hoop aan en die verwerking van die trauma van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer. Hierdie riglyne word saamgestel vanuit die verskeidenheid van pastorale modelle, soos bespreek in die literatuurstudie van Hoofstuk 2, en die spesifieke situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, soos bepaal in Hoofstuk 3. In die neerlê van riglyne in hierdie hoofstuk word gepoog om die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer, die beste op 'n pastorale vlak aan te spreek.

## 4.1. 'n Narratiewe Benadering ten opsigte van Verwerking van die Trauma van, en die Bediening van Hoop aan 'n Persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef

4.1.1. **'n Narratiewe benadering ten opsigte van die verwerking van die trauma wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding tot gevolg het**: Vir die pastorale hulpverlening in die verwerking van die trauma wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding in die lewe van die persoon wat dit moet beleef teweegbring, word die Narratiewe benadering gekies (De Klerk 2002: 74 e.v.). Die weerloosheid en hulpeloosheid wat trauma in die lewe van 'n persoon wat daardeur geraak word veroorsaak, kan baie goed aangespreek word binne die veilige konteks van God se verbond met die mens (Janse van Rensburg 1995: 152 – 165) (vergelyk ook 2.4.2. in Hoofstuk 2). Die verbond bied die ruimte waarbinne die persoon wat trauma ten opsigte van 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef (vergelyk 3.1.6. in Hoofstuk 3), deur middel van 'n Narratiewe benadering aangespreek kan word. Die motief van rekonstruksie in die Narratiewe benadering bied aan die kliënt die geleentheid om die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding te verwerk en te kan voortgaan met sy/haar lewe

sonder dat die Geen-Uitweg Egskeiding wat hy/sy beleef het, 'n permanente invloed op sy/haar lewe het.

4.1.2. **Die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef deur 'n Narratiewe benadering**: Na aanleiding van die literatuurstudie in Hoofstuk 2 word die Narratiewe benadering gekies as 'n model vir bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Die eskatologiese perspektief wat Louw (1997: 80 – 85) aan die pastoraat stel, het by uitstek die bediening van hoop in die pastoraat as 'n sentrale motief. Met 'n diakonologiese epistomologie (vergelyk 2.4.1. in Hoofstuk 2) tot die pastoraat geskied die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, aan die hand van afgeleide beginsels uit die Skrif (vergelyk 2.2.3. in Hoofstuk 2). Die riglyne vir die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, word neergelê aan die hand van 'n narratiewe benadering (vergelyk 2.4.2 in Hoofstuk 2) tot die pastoraat wat gegrond is op die bogenoemde Skrifbeginsels (Botha 2003). Die riglyne vir die bediening van hoop word vervolgens aangedui met betrekking tot die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef soos wat dit na vore gekom het uit die gevallestudies (vergelyk 3.1.6 in Hoofstuk 3).

In die res van Hoofstuk 4 word pastorale riglyne neergelê vir die verwerking van die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding en die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Hierdie riglyne word neergelê aan die hand van die keuse tot 'n narratiewe benadering soos hierbo uiteengesit is en wat in 2.4.2. van Hoofstuk 2 beskryf word.

## 4.2. Pastorale Hulp met die verwerking van die magteloosheid wat ervaar word wanneer 'n persoon teen sy/haar wil in 'n Geen-Uitweg Egskeiding gedwing word

4.2.1. **Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma van die magteloosheid van die persoon wat teen sy/haar wil in 'n egskeiding gedwing word**: 'n Geen-Uitweg Egskeiding word van 'n gewone egskeiding onderskei in die opsig dat dit plaasvind waar een van die partye in die huwelik gedwing word om te skei (vergelyk 2.1. in Hoofstuk 2). Die groot trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is juis hierin geleë dat dit plaasvind deurdat een van die partye (die verweerder) nie tot die daad instem nie. Die voorbeeld van verkragting kan hier genoem word om die trauma van 'n gedwonge egskeiding te illustreer. Soos wat die privaatheid van 'n persoon se liggaam op 'n traumatiese wyse binnegedring word met 'n verkragting, so word die sekuriteit wat 'n persoon in sy/haar huwelikslewe beleef, binnegedring deur die aansoeker se eensydige

versoek om te skei. Die magteloosheid van hierdie situasie is 'n diepe bron van trauma in die lewe van die kliënt.

Die pastor moet die nodige sensitiwiteit ten opsigte van die unieke situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding in ag neem. Die trauma van die kliënt moet op so 'n wyse aangespreek word dat hy/sy tot die besef kan kom dat die pastor vertrou kan word. Dit geskied deurdat die pastor ruim geleentheid aan die kliënt bied om sy/haar lewensverhaal te vertel. Met die vertel van sy/haar lewensverhaal word die trauma van die gebeure gedesensitiseer. Dit sal ook aan die pastor die geleentheid bied om voldoende inligting te versamel sodat hy die kliënt sinvol met blywende hoop kan bedien.

Vanuit die Skrif kan die pastor die kliënt begelei deur te verwys na Skifgedeeltes uit die Psalms en Klaagliedere waarin die lot van die mens bekla word. Dit is belangrik dat die genesing wat in die lewens van Bybelse skrywers plaasvind as gevolg van die uitspreek van hulle klaagliedere, aan die kliënt uitgewys word.

4.2.2. **Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die verwerking van die magteloosheid wat ervaar word om teen 'n persoon se wil in 'n egskeiding gedwing te word**: Met God se verbond met die gelowige (De Klerk 1985: 23; vergelyk ook 2.4.1. in Hoofstuk 2) as vertrekpunt, kan hoop bedien word aan 'n persoon wat magteloosheid ervaar en moet verwerk na aanleiding van 'n egskeiding teen die persoon se wil.

Omdat 'n Geen-Uitweg Egskeiding in die kliënt se lewe plaasvind sonder dat hy/sy daartoe instem, is dit noodsaaklik om hom/haar te begelei vanuit die hopeloosheid van geen beheer oor dit wat met hom/haar gebeur tot nuwe hoop op 'n lewe na die ontbinding van die huwelik. 'n Rekonstruksie van 'n lewe sonder sy/haar huweliksmaat moet plaasvind. In terme van die narratiewe benadering (vergelyk 2.4.2. in Hoofstuk 2), moet die lewensverhaal van die kliënt oorgeskryf word ten opsigte van die toekoms sonder sy/haar lewensmaat. In hierdie opsig is die begeleiding van die pastor van kritieke belang om blywende hoop by die kliënt te kweek. Sonder behoorlike pastorale begeleiding wat op Skrifbeginsels gegrond is, kan die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef in totale hopeloosheid verval of 'n valse hoop op herstel van die huwelik of 'n nuwe verhouding ontwikkel.

Blywende hoop kan aan so 'n persoon bedien word aan die hand van die karakter van trou in die verbond. In die begeleiding van die kliënt in hierdie opsig kan die Skriftuurlike begrippe van *sorg* en *bemoediging* (vergelyk 2.4.2. a. In Hoofstuk 2) gebruik word.

Wat die *sorg* betref, is dit noodsaaklik dat die kliënt begelei word tot 'n begrip van God se *sorg*, wat plaasvind binne die raamwerk van sy voorsienigheid. Die verbond wat God met die mens gesluit het, behels dat Hy in sy voorsienigheid sal bly sorg vir die mens, ten spyte van die omstandighede waarin hy/sy hom-/haarself bevind. Die feit dat 'n mens kan staatmaak op God se voortdurende *sorg* te midde van baie moeilike omstandighede is tekenend van blywende hoop.

Die *bemoediging* van God is 'n sleutelterm in die bediening van blywende hoop in die situasie waar die kliënt die magteloosheid daarvan beleef om in 'n egskeiding gedwing te word. Die magteloosheid wat beleef word, kan aangespreek word deurdat die kliënt begelei word tot die ontdekking van die *bemoediging* wat God self in sy verbondstrou skenk. Dit is nie die pastor self wat die bemoediging verleen nie, maar God. Die pastor funksioneer in hierdie opsig as die bedienaar van God se *bemoediging*, wat in sy Woord opgeteken is, aan die kliënt. God se *bemoediging* is veral sigbaar in die Psalms, waar bykans elke menslike behoefte aangespreek word in die woorde van die psalmdigters wat daardeur geïnspireer was om sy bemoediging op so 'n wyse op te teken.

Die rekonstruksie van die kliënt se lewensverhaal geskied in hierdie opsig aan die hand van God se trou in sy verbond met die mens. Blywende hoop is moontlik te midde van die magteloosheid daarvan om gedwing te word in 'n egskeiding en aan die hand van God se sorg en bemoediging in sulke omstandighede.

## 4.3. Pastorale Hulp met die hantering van die redes wat aangevoer is vir die Geen-Uitweg Egskeiding

4.3.1. **Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma wat ontstaan het vanweë die redes wat aangevoer is vir die egskeiding**: Die gevallestudies (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3) het aangetoon dat die persoon wat met 'n Geen-Uitweg Egskeiding te make het, dikwels nie saamstem met die redes wat vir die egskeiding aangevoer word nie. Die redes wat deur die aansoeker aangevoer word vir die egskeiding is in baie gevalle so vreemd dat dit traumaties vir die kliënt is om dit aan te hoor. Nie alleen is dit 'n skok om te moet verneem dat daar 'n egskeiding gaan plaasvind sonder dat die kliënt daartoe ingestem het nie – dit is selfs 'n groter skok om te verneem watter redes aangevoer word vir die egskeiding wat sonder die instemming van die kliënt plaasvind.

Die rol van die pastor is om die kliënt by te staan in die verwerking van die trauma wat deur die aanhoor van die redes vir die egskeiding veroorsaak word. 'n Beginpunt is om onmiddellik na die redes aangevoer is aan die kliënt soveel as moontlik geleentheid te gun om van die stortvloed van emosies wat die traumatiese ervaring teweegbring, ontslae te raak. Hierin is dit noodsaaklik dat daar aan die kliënt 'n veilige pastorale ruimte geskep word waar hy/sy van die geleentheid gebruik kan maak om die emosies wat die trauma teweegbring te uiter (vergelyk 2.4.1.1. in Hoofstuk 2). Tydens hierdie uitingsproses moet die pastor se ore gespits wees, aangesien dit die begin is van die Narratiewe proses, waar die kliënt reeds besig is om sy/haar lewensverhaal te skets.

Om uiting te gee aan die onmiddellike emosies wat die trauma teweegbring, is reeds terapeuties vir die kliënt. Die pastor het egter 'n verdere verantwoordelikheid om die kliënt te begelei deur die proses van uiting gee aangesien 'n ongekontroleerde uiting van emosies die gevaar van irrasionele optrede inhou. Die kliënt moet begelei word tot by 'n nugtere oorweging van verdere optrede na die aanvanklike belewing van die trauma.

Die kliënt moet die geleentheid aangebied word om weer van die veilige pastorale ruimte gebruik te maak indien hy/sy nog verdere behoefte uiting te gee aan emosies. Met die rekonstruksie van die kliënt se lewensverhaal as doel, is dit noodsaaklik dat die trauma wat veroorsaak word deur die redes wat die aansoeker vir die egskeiding aanvoer eers verwerk word voordat daar begin kan word met die proses van rekonstruksie en die bediening van hoop.

4.3.2. **Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die hantering van die hartseer rondom die redes wat aangevoer is vir die egskeiding**: In die gevallestudies wat in Hoofstuk 3 behandel is (vergelyk 3.1.), het dit na vore gekom dat die aansoeker in 'n Geen-Uitweg Egskeiding dikwels redes aanvoer vir die egskeiding waarmee die Verweerder nie kan identifiseer nie. In twee van die gevallestudies het die aansoekers geweier om behoorlike redes vir die egskeiding te verskaf. Die feit dat die kliënt (die verweerder) nie die geleentheid gegun word om die redes vir die egskeiding behoorlik te verstaan nie, veroorsaak hartseer by hom/haar wat dit moeilik maak om met hoop voort te gaan na afloop van die egskeiding.

Die pastor kan die kliënt begelei om die hartseer oor die gebrek aan aanvaarbare redes vir die egskeiding te verwerk aan die hand van die eskatologiese perspektief waarop Louw (Louw 1997: 80 – 85) (vergelyk 2.4.1. b. in Hoofstuk 2) wys. Die kliënt het 'n behoefte aan 'n persoonlike oorwinning oor die pyn wat gepaard gaan met die onsekerheid oor die ware redes vir die egskeiding.

Omdat die soeke na die ware redes vir die egskeiding 'n intellektuele oefening is, is die rol van die pastor om die oorweging van die redes vir die egskeiding op 'n intellektuele vlak te fasiliteer. Dit is noodsaaklik dat die kliënt begelei word tot op 'n punt waar al die onsekerheid oor die ware redes van die egskeiding geïdentifiseer word. In so 'n proses van begeleiding speel die pastor 'n baie belangrike rol om te verseker dat die redenering van die kliënt voortdurend realisties bly. Die gevaar bestaan dat die redenering van die kliënt onrealisties kan wees as gevolg van die emosionele kwesbaarheid wat met die hartseer van die kliënt gepaard gaan. 'n Narratiewe rekonstruksie kan nie plaasvind alvorens die kliënt nie op 'n intellektuele vlak die redes vir die egskeiding kon identifiseer nie.

Wanneer die redes vir die egskeiding op 'n intellektuele vlak geïdentifiseer is, kan die pastor voortgaan om die kliënt te begelei tot oorwinning oor die hartseer oor die redes wat deur die aansoeker vir die egskeiding verskaf is. In hierdie opsig speel die verbond 'n integrale rol ten opsigte van die teregwysing wat binne die ruimte van God se verbond met die mens plaasvind. Die ware redes vir die egskeiding, wat met die hulp van die pastor geïdentifiseer is, moet binne die ruimte van die verbond verwerk word sodat die kliënt blywende hoop kan hê vir die toekoms. Dit word gedoen deur etiese aspekte van die redes wat vir die egskeiding geïdentifiseer is, aan te spreek deur die vermaning van die verbond. Vergifnis vir die sondige optrede van die kliënt in sy/haar mislukte huwelik geskied ook in die ruimte van die verbond en die pastor kan hier 'n groot bydrae lewer om die kliënt te help met die aanvaarding van God se vergifnis aan die hand van die Skrif. Dit stel die kliënt in staat om sy/haar aandeel in die ware oorsake van die egskeiding te kan verwerk en sy/haar lewensverhaal ooreenkomstig aan te pas.

In hierdie opsig is die oorwinning van die hartseer daarin geleë dat die onsekerheid in die gemoed van die kliënt oor die ware redes uit die weg geruim word en dat hy/sy die toekoms tegemoet kan gaan met die vergifnis van God wat weer hoop in sy/haar lewe gebring het.

## 4.4. Pastorale Hulp ten opsigte van die selfbeeld van die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef

4.4.1. **Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma wat 'n persoon in die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef in terme van sy/haar selfbeeld**: Die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding het 'n groot invloed op die selfbeeld van die kliënt. Omdat egskeiding onder normale omstandighede die instemming van albei partye het, is daar 'n mate van gedeelde verantwoordelikheid wanneer op 'n egskeiding besluit word. In die geval van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is dit onmoontlik vir die kliënt om verantwoordelikheid te aanvaar, aangesien hy/sy

geen aandeel in die besluitneming oor die egskeiding gehad het nie. Die feit dat die kliënt geen aandeel in die besluit gehad het nie, veroorsaak dat die trauma van die egskeiding sy/haar selfbeeld onder druk plaas.

Voordat die pastor kan begin om die kliënt te begelei ten opsigte van die verwerking van die trauma in terme van sy/haar selfbeeld, moet die kliënt eers die geleentheid gegun word om al die vrae wat die trauma wat die Geen-Uitweg Egskeiding in sy/haar gemoed na vore bring tot uitdrukking te laat kom. Dit is onvermydelik dat die kliënt vrae sal vra oor sy/haar aandeel in die egskeiding – die gevallestudies (vergelyk 3.1.6.3. in Hoofstuk 3) het dit duidelik aangetoon. Te midde van die trauma wat die kliënt in 'n akute fase beleef, moet die pastor die kliënt in hierdie opsig begelei om al die vrae met betrekking tot sy/haar selfbeeld na vore te bring.

Die vra van hierdie vrae moet nie deur die pastor onderdruk word nie. In hierdie opsig kan daar verwys word na die Psalms waarin daar baie kwelvrae deur psalmdigters na vore kom. Dit is juis die vra van sulke vrae wat die ruimte skep vir latere ingryping in terme van 'n rekonstruksie van 'n lewensverhaal aan die hand van die Skrif. As 'n praktiese voorstel, kan die kliënt versoek word om 'n denkbeeldige brief aan die aansoeker te skryf waarin hy/sy die vrae in sy/haar gemoed aan die orde stel. Dit bied aan die kliënt die geleentheid om die vrae in sy/haar gemoed behoorlik te kan verwoord. Die skryf van 'n denkbeeldige brief het groot terapeutiese waarde in terme van die verwerking van die trauma wat die kliënt ten opsigte van sy/haar selfbeeld beleef.

As die pastor die kliënt begelei het tot op die punt waar hy/sy die vrae wat betrekking het op sy/haar selfbeeld behoorlik tot uiting kon bring en verwoord, kan daar voortgegaan word met die bediening van hoop aan die kliënt ten opsigte van sy/haar selfbeeld. In die geval van die pastorale begeleiding ten opsigte van selfbeeld word dit duidelik hoedat die verwerking van trauma en die bediening van hoop hand aan hand gaan in die proses van rekonstruksie van die lewensverhaal van die kliënt.

4.4.2. **Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die heropbou van die selfbeeld**: Die gevallestudies (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3) het duidelik aangetoon dat 'n Geen-Uitweg Egskeiding 'n baie negatiewe invloed op die selfbeeld van die kliënt het. Die feit dat die kliënt geen beheer het oor die Geen-Uitweg Egskeiding in sy/haar lewe nie, plaas sy/haar selfbeeld onder druk. Die pastor moet die kliënt help met hantering van vrae soos: "Wat het ek gedoen dat my huweliksmaat van my geskei het?" en "Was ek dan nie goed genoeg vir my lewensmaat nie?" Dit is hierdie tipe vrae wat die selfbeeld van die kliënt intens raak.

Die pastor se rol in hierdie opsig sal wees om die kliënt by te staan in die toetsing van die geldigheid en realisme van hierdie vrae. Die Narratief van die huwelik tot en met die punt van egskeiding moet breedvoerig behandel word ten einde die pastor in staat te stel om die kliënt by te staan in die toetsing van die geldigheid en realisme van die vrae wat hy/sy vra. Sou die vrae geldig en realisties blyk te wees, sal die rol van die pastor wees om die kliënt te begelei tot die maak van die nodige aanpassings in sy/haar lewensverhaal wat die probleem kan aanspreek. Sou die vrae ongeldig en onrealisties blyk te wees, sal die rol van die pastor wees om die kliënt te begelei om die ongeldigheid en onrealisme van die vrae wat hy/sy vra, te begryp. Insig met *betrekking tot die ongeldigheid en onrealisme van die vrae, kan alreeds 'n groot* bydrae *lewer tot* nuwe hoop in die lewe van die kliënt.

Die Skriftuurlike begrippe van *opbou* en *oprigting* binne die konteks van die verbond kan 'n baie belangrike rol speel in die heropbou van die selfbeeld (vergelyk 2.4.2. in Hoofstuk 2). *Opbou* verteenwoordig die gemeente se positiewe invloed op die kliënt se selfbeeld waar hy/sy deel vorm van die geloofsgemeenskap van die plaaslike gemeente. Die pastor moet hierin die kliënt se aktiewe inskakeling by die plaaslike gemeente aanmoedig ten einde dit moontlik te maak vir *opbou* om te kan plaasvind. *Oprigting* vind plaas deurdat die kliënt die waarde van die Woord vir sy/haar lewe ontdek en deurdat hy/sy 'n lewenswyse aankweek wat gerig word deur die Woord van God. In hierdie opsig het die pastor 'n bydrae te lewer in die toerusting van die kliënt om sy/haar lewe in te rig volgens die Woord van God. Die Woord van God is instrumenteel in die oprigting van die selfbeeld van die gelowige mens.

Met die Narratiewe benadering as 'n vertrekpunt, word hoop bedien aan die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef aan die hand van 'n rekonstruksie van sy/haar lewensverhaal. Dit gebeur deurdat die negatiewe aspekte ten opsigte van sy/haar selfbeeld aangespreek en in 'n nuwe lig gestel word. Rekonstruksie vind dan plaas deurdat die kliënt begelei word om vanuit die Skrif te fokus op die positiewe aspekte van sy/haar selfbeeld.

## 4.5. Pastorale Hulp ten opsigte van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek in 'n Geen-Uitweg Egskeiding

4.5.1. **Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma wat die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek teweeggebring het**: Hoewel die gevallestudies (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3) aangedui het dat die verweerder nie vooraf daarvan bewus was dat hy/sy 'n egskeiding sou beleef nie, het dit na vore gekom dat daar in die meeste van die gevallestudies 'n bewustheid by die verweerder was dat daar probleme in sy/haar huwelik

bestaan het. Dit was probleme wat vir hy/sy nie as onoorkombaar beleef het nie en hy/sy was in die proses om die huweliksprobleme aan te spreek toe hy/sy die nuus gekry het dat hy/sy gaan skei. Sulke pogings om huweliksprobleme aan te spreek, het baie energie en moeite van die verweerder vereis. Dit was derhalwe vir hom/haar 'n groot skok om te midde van pogings om die huweliksprobleme aan te spreek, te moes hoor dat sy/haar huweliksmaat besluit om die huwelik eensydig te beëindig.

Die pastor moet daarop bedag wees dat die trauma wat teweeggebring is weens die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek, emosies van erge teleurstelling en woede by die kliënt na vore kan bring. In hierdie opsig sal dit raadsaam vir die pastor wees om die kliënt toe te laat om sy/haar emosies te verwoord – dit vorm deel van die Narratiewe benadering tot die verwerking van die trauma wat die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek teweeggebring het.

Die teleurstelling, woede en skok van die kliënt nadat hy/sy die tyding van die egskeiding ontvang het, kan verband hou met die kliënt se verbintenis tot die huwelik as 'n Goddelike instelling. In so 'n geval sal die egskeiding vir die kliënt onaanvaarbaar wees en het sy/haar pogings om die huwelik te red verband gehou met 'n respek vir die huwelik as instelling van God. Die pastor kan die kliënt behulpsaam wees in die verwerking van die trauma deurdat gefokus word op sy/haar trou in die huwelik. Daar is inherente troos daarin geleë dat die kliënt getrou gebly het aan die huweliksbelofte wat hy/sy in eerbied vir God se bedoeling vir die huwelik gemaak het. Dit is ironies dat die egskeiding juis as traumaties deur die kliënt ervaar word as gevolg van sy/haar verbintenis tot die huwelik, maar dit juis hierdie verbintenis tot die huwelik is wat uiteindelik vir hom/haar die sleutel is tot die verwerking van die trauma van die verlies aan die geleentheid om sy/haar huweliksprobleme aan te spreek.

Die fokus van die kliënt verskuif met die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Waar hy/sy voor die egskeiding daarop ingestel was om sy/haar huwelik te laat werk, word hy/sy deur die egskeiding daartoe gedwing dat die fokus wegskuif vanaf die huwelik na die aanvaarding van die egskeiding. In hierdie opsig kan die pastor die kliënt bystaan deur hierdie fokusverskuiwing te help teweegbring. Die feit dat die kliënt nie ingestem het tot die egskeiding nie, kan in hierdie geval 'n positiewe bydrae lewer tot die fokusverskuiwing, want daar is 'n mate van verontskuldiging daarin dat die kliënt nie verantwoordelik gehou kan word vir die finale besluit op 'n egskeiding nie.

Die pastor se rol in die rekonstruksie van die lewensverhaal van die kliënt vind in hierdie opsig plaas deurdat die kliënt begelei word vanaf die trauma wat die verlies aan 'n geleentheid om

huweliksprobleme aan te spreek, teweeggebring het, tot by 'n nuwe fokus op die aanvaarding van die egskeiding. Daar moet klem gelê word op die kliënt se verbintenis tot die huwelik as 'n Goddelike instelling, aangesien dit die sleutel is tot die verwerking van die trauma in hierdie opsig.

4.5.2. **Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van die oorkoming van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek**: Die gevallestudies (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3) het aangetoon dat die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek meebring dat die kliënt se hoop ten opsigte van die toekoms 'n ernstige knou kry. Die kliënt was tot so 'n mate verbind tot sy/haar huwelik dat hy/sy bereid was om baie opofferings te maak ter wille daarvan om sy/haar huwelik te red. Egskeiding was nie vir hom/haar 'n opsie nie en sy/haar hoop was stewig gevestig op sy/haar huwelik om 'n sukses te wees. Die Geen-Uitweg Egskeiding wat op sy/haar lewenspad gekom het, het al die hoop op 'n gelukkige huwelik vernietig en hy/sy is daarmee gelaat met 'n groot sin van hopeloosheid.

Hierdie hopeloosheid hou die gevaar in dat die kliënt in 'n totale hopeloosheid kan verval wat sy/haar hele lewe betref. Die pastor het die verantwoordelikheid om die kliënt by te staan in die verwerking van hierdie hopeloosheid. Deur die begeleiding kan die pastor by die kliënt 'n besef tuisbring dat die moeite wat hy/sy gedoen het om hulle huwelik te red, die regte optrede was alhoewel dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Die optrede van die kliënt kan deur die pastor bevestig word as optrede in ooreenstemming met die wil van God, aangesien die huwelik 'n Goddelike instelling is. Hoewel hierdie feit nie onmiddellike troos vir die kliënt sal bring nie, sal dit 'n groot bydrae lewer tot die vestiging van nuwe hoop na die egskeiding.

Die *trou* van God in sy verbond is 'n belangrike Skrifbeginsel waarop die pastor kan fokus in die begeleiding van die kliënt tot nuwe hoop. Dit is 'n bron van troos dat God nie die mens wat getrou is aan sy wil in die steek laat nie. Hoewel die kliënt sy/haar egskeiding mag beleef as 'n verbreking van die verbond met God, bly God getrou in sy verbond met sy kinders. In hierdie opsig kan die *lankmoedigheid* van God in sy verbondsorg deur die pastor belig word. Die feit dat God in sy verbond vir die mens bly sorg en omgee ten spyte van die slegte dinge wat hulle beleef, is die basis waarop hoop deur die pastor in hierdie opsig bedien kan word (vergelyk 2.4.2. a. in Hoofstuk 2).

Dit is ook in die herstel van die verbond waarin daar hoop aan die kliënt bedien kan word te midde van die verlies aan die geleentheid om huweliksprobleme te oorkom. Wat die herstel van die verbond betref, is dit by uitstek die Skrifbeginsels van *versterking* van geloof en *opbou* binne die konteks van die plaaslike gemeente waar daar hoop bedien kan word aan die kliënt. Die trou

wat die kliënt ten opsigte van sy/haar huwelik geopenbaar het, is die basis waarop geloofsversterking uit die Skrif en *opbou* binne die konteks van die plaaslike gemeente plaasvind (vergelyk 2.4.2. c. in Hoofstuk 2).

In die rekonstruksie van die lewensverhaal van die kliënt word hoop aan die kliënt bedien op grond van die sorg en omgeekarakter van die verbond, asook die herstel van die verbond. Die pastor bedien hoop aan die kliënt deur hom/haar te begelei met Skrifgedeeltes wat hierdie aspekte van die verbond belig. Deur in 'n narratiewe benadering op hierdie Skrifbeginsels klem te lê word daar hoop bedien aan die kliënt wat die geleentheid ontneem was om sy/haar huwelikprobleme aan te spreek voordat 'n egskeiding plaasgevind het.

## 4.6. Pastorale Hulp ten opsigte van die rouproses waar 'n Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef word as egskeiding

4.6.1. **Riglyne ten opsigte van die verwerking van die trauma van die belewing van 'n Geen-Uitweg Egskeiding as die dood van 'n geliefde**: Omdat die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef geen aandeel het in die finale besluit tot die egskeiding nie, word die egskeiding meer soos dood beleef as egskeiding onder normale omstandighede. In die gevallestudies (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3) het dit geblyk dat hierdie belewing veral na vore kom waar die aansoekers die verweerders in die egskeiding baie skielik en onverwags verlaat. So 'n skielike en onverwagse verlating deur 'n huweliksmaat is baie traumaties en bring 'n belewing van rou na vore in die persoon wat agtergelaat word.

Wat die verwerking van die trauma betref, is die rol van die pastor om die kliënt by te staan in die verwerking van die skokverlies aan 'n lewensmaat. In hierdie opsig is dit belangrik vir die pastor om die kliënt te begelei in terme van die verlies wat hy/sy as gevolg van die Geen-Uitweg Egskeiding gely het en nie te fokus op die feit dat dit 'n egskeiding is waarmee die kliënt te make het nie. Die kliënt moet begelei word om opreg te rou oor die groot verlies wat hy/sy gely het. Baum (2003: 37 – 50 en 2004: 174 - 185) het aangetoon hoe die rouproses van 'n egskeiding ooreenstem met die rouproses van 'n persoon wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

In die konteks van 'n Narratiewe benadering, moet daar vir die kliënt 'n gunstige ruimte geskep word waarbinne hy/sy kan rou. Die kliënt moet bygestaan word om die trauma wat die verlies aan 'n lewensmaat in sy/haar lewe teweeggebring het, te verwerk. Die pastor kan in hierdie opsig die kliënt bystaan deur hom/haar aan te moedig om die verlies wat hy/sy ly te verwoord.

Dit is noodsaaklik in die narratiewe proses dat die verlies verwoord word, aangesien dit 'n bydrae kan lewer in die behoorlike rekonstruksie van die lewensverhaal van die kliënt.

4.6.2. **Riglyne vir die bediening van hoop ten opsigte van hulp in die rouproses waar 'n Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef word, as egskeiding**: Die verlies van 'n lewensmaat het groot implikasies vir die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Uit die omstandighede wat in die gevallestudies (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3) na vore gekom het, blyk dit dat die verlies 'n verskeidenheid van terreine van die lewe van die persoon wat die Geen-Uitweg Egskeiding beleef, raak. Dit sluit in: 'n verlies aan 'n lewensmaat en sielsgenoot; 'n verlies van 'n hegte gesinsverband; 'n verlies aan 'n vennoot in die opvoeding van kinders; 'n verlies aan inkomste vir die huishouding. Verlies op al hierdie terreine dra by tot 'n verdere verlies aan hoop in die lewe van die persoon wat die lydende party in die geval van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is.

In die pastorale ondersteuning van die kliënt wat 'n rouproses beleef as gevolg van sy/haar egskeiding, is die bediening van hoop 'n belangrike motief in die rekonstruksie van sy/haar lewensverhaal. Die bediening van hoop geskied aan die hand van die verbond, en meer spesifiek aan die hand van God se *sorg, bemoediging* en *versterking.*

God se *sorg* is 'n bron van hoop vir die kliënt, aangesien God in sy verbond met die mens altyd getrou voorsien in die lewensmiddele van sy kinders. Ook in die geval waar die kliënt die groot verlies van 'n lewensmaat deur 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, voorsien God in sy *sorg.* Die pastor moet die kliënt hierin begelei dat hy/sy sy/haar geborgenheid in God se verbond kan besef en daardeur daadwerklik kan leef uit die *sorg* wat God in sy verbond aan sy kinders skenk. In 'n gerekonstrueerde lewensverhaal moet dit as 'n lewenswyse aangekweek word om staat te maak op die *sorg* van God, wat 'n bron van hoop is in moeilike omstandighede.

In die belewing van groot verlies, kan die pastor die kliënt begelei deur die *bemoediging* wat God self in Woord aan sy kinders bied. *Bemoediging* is noodsaaklik in die rouproses en die pastor bedien in hierdie opsig die *bemoediging* van God self aan die kliënt. Dit is die deurgaanse bemoediging van God wat dit vir die kliënt moontlik maak om weer hoop te vind te midde van die hopeloosheid van die verlies wat hy/sy in 'n Geen-Uitweg Egskeiding gely het.

Saam met die *sorg* en *bemoediging* van God, is dit uiteindelik ook die rol van die pastor om die *versterking* wat God deur Woord en Gees aan die mens binne sy verbond gee, aan die kliënt te bedien. In die lewensverhaal van die kliënt kan die pastor hom/haar begelei om te verstaan dat die gebeure rondom sy/haar egskeiding 'n belangrike moment in sy/haar lewensverhaal is. Dit is belangrik dat die pastor hier die kliënt sal begelei om te verstaan dat dit nie einde van sy/haar

lewensverhaal is nie en dat rekonstruksie juis plaasvind sodat sy/haar lewe sinvol kan voortgaan. In die rekonstruksie van die kliënt se lewensverhaal is dit juis die *versterking* van God, deur sy Woord en Gees, wat die deurslag gee in die onstaan van blywende hoop ná die verlies van 'n lewensmaat as gevolg van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

## 4.7. Samevatting

In Hoofstuk 2 is die literatuur rakende die toepaslike pastorale beginsels met betrekking tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding bestudeer. Hoofstuk 3 het die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, uitgewys. In hierdie hoofstuk is riglyne neergelê aan die hand van die toepaslike pastorale beginsels, vir die pastorale versorging van die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, na aanleiding van die pastorale behoeftes wat bepaal is. 'n Keuse is uitgeoefen vir 'n Narratiewe benadering tot die pastorale versorging van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef.

Binne die konteks van 'n Narratiewe benadering, vind die rekonstruksie van die lewensverhaal van die persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef plaas deurdat hy/sy deur die pastor bygestaan word in die verwerking van die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding en deurdat hoop deur die pastor aan die kliënt bedien word in sy/haar belewing van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (De Klerk 2002: 74 e.v.).

In die pastorale riglyne wat in hierdie hoofstuk neergelê is vir hulp met die verwerking van die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, is die skep van 'n veilige omgewing of ruimte waarbinne die kliënt sy/haar emosies tot uiting kan bring van besondere belang (Clinebell 1992: 103 – 135). Die pastor kan nie die kliënt bystaan in die verwerking van die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding as daar nie 'n veilige omgewing, waarbinne die rekonstruksie van die lewensverhaal wat deur trauma geraak is, bestaan nie.

Die bediening van hoop is 'n ander belangrike motief in die riglyne tot die pastorale hulp aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, wat in hierdie hoofstuk neergelê is (Botha 2003). Die riglyne vir die bediening van hoop is neergelê aan die hand van die verbond van God met sy kinders (Janse van Rensburg 1995: 152 – 165). Die bediening van ware hoop vind plaas deurdat die pastor as bedienaar van die verbondsbeginsels uit die Woord, die kliënt begelei in die hantering van die krisistydperk wat hy/sy beleef.

# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

## 5.1. INLEIDING

In hierdie studie het die pastorale versorging van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, aan die orde gekom. In hoofstuk 1 is daarop gewys dat daar nie genoegsame navorsing gedoen is oor die pastorale versorging van persone wat gedwing word om te skei nie. Die belang van hierdie studie is geleë in die sinvolle pastorale versorging van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef (vergelyk 1.2. in Hoofstuk 1). Die studie vind aansluiting by die model wat Zerfass (1974: 166 e.v.) vir die praktiese teologie ontwerp (vergelyk 1.4. in Hoofstuk 1), naamlik dat 'n basisteorie eers ontwerp word (Hoofstuk 2), waarna die praktyk ondersoek word (Hoofstuk 3). Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe 'n nuwe of verstelde teorie (Hoofstuk 4). Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp.

In Hoofstuk 2 is die basisteorie ondersoek. Hierdie ondersoek het bestaan uit die volgende:

- 'n Literatuurstudie wat gedoen is ten einde die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding behoorlik te definieer.
- 'n Literatuurstudie rakende Skrifbeginsels wat op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding van toepassing is, het gevolg. Twee Skrifgedeeltes is bestudeer, nl. Matteus 19: 1 – 12 en 1 Korintiërs 7: 1 – 16.
- Moontlike faktore uit die gesinslewe en sosiale omgewing wat aanleiding kan gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding, is hierna deur middel van 'n literatuurstudie geïdentifiseer.
- 'n Omvattende studie van literatuur wat die pastorale beginsels wat toepaslik is op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, is gedoen om die hoofstuk af te sluit. Hierin is die toepaslike pastorale beginsels met betrekking tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding geïdentifiseer.

Die volgende basisteoretiese perspektiewe is vasgestel (vergelyk 2.5. in Hoofstuk 2):

- Die volgende definisie vir 'n Geen-Uitweg Egskeiding is gemaak na aanleiding van die literatuur wat bestudeer is: 'n Geen-Uitweg Egskeiding is die verbreking van die

huweliksband, waarin twee partye trou aan mekaar beloof het, waar slegs een party daartoe instem. Die huweliksband word deur een party verbreek terwyl die ander party steeds verbind is tot daardie huweliksband en die laasgenoemde party geen ander uitweg het as om teen sy/haar wil, deur 'n egskeidingsproses te gaan nie (vergelyk 2.1. in Hoofstuk 2).

- Die gekose gedeeltes uit die Skrif (Matteus 19: 1 – 12 en 1 Korintiërs 7: 1 - 16) het drie Skrifbeginsels, wat van toepassing is op die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding, na vore gebring: in die eerste plek is die Skrif duidelik dat egskeiding teen die wil van God is, tweedens is daar uit die Skrif afgelei dat daar gronde vir egskeiding bestaan, en in die derde plek is uit die Skrif aangetoon dat egskeiding die gevolg van sonde is (vergelyk 2.2. in Hoofstuk 2).
- In die bepaling van die faktore wat aanleiding gee tot die voorkoms van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is die faktore betreffende die aansoeker tot die egskeiding en die verweerder tot die egskeiding van mekaar geskei (vergelyk 2.3. in Hoofstuk 2). In die geval van die aansoeker het verskeie faktore na vore gekom wat aanleiding kan gee tot 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Dit sluit in: veranderende sieninge oor seksualiteit, die beklemtoning van regte bo pligte, onrealistiese verwagtinge van volhoubare lewensgeluk, die emansipasie van die vrou, die verwydering van ouerlike ondersteuning, afwatering van 'n Bybelse huweliksbeskouing, sosiale aanvaarbaarheid van egskeiding en die kinderlike belewing van egskeiding. Vanweë die aard van 'n Geen-Uitweg Egskeiding (die feit dat die verweerder tot die egskeiding nie deel is van die besluit op 'n egskeiding nie), speel hierdie faktore nie so 'n groot rol soos in die geval van die aansoeker tot die egskeiding nie.
- In die fundering van 'n diakonologiese pastorale model, is die bydrae van die belangrikste protagoniste in die wetenskap van die pastoraat verreken in 'n literatuurstudie (vergelyk 2.4.1. in Hoofstuk 2). Die gebruik van 'n narratiewe benadering tot die pastoraat is gekies tot die pastorale versorging van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef (vergelyk 2.4.2. in Hoofstuk 2).

In Hoofstuk 3 is 'n situasie-analise gedoen om te bepaal wat die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef in die praktyk is. Hierdie studie is as volg gedoen:

- 'n Kwalitatiewe empiriese studie is gedoen aan die hand van vyf gevallestudies. Vraelyste is deur die respondente voltooi rakende hul pastorale behoeftes tydens die Geen-Uitweg Egskeiding wat hulle beleef het. Opvolgonderhoude is gevoer om die inligting wat in die vraelyste verskaf is verder toe te lig (vergelyk 3.1. in Hoofstuk 3).
- 'n Literatuurstudie rakende die naaswetenskappe van die Psigologie en Sosiologie is aanvullend tot die empiriese studie gedoen. Psigologiese aspekte wat oorweeg moet word in

'n Geen-Uitweg Egskeiding asook sosiologiese faktore rakende die situasie van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is in die literatuurstudie verreken (vergelyk 3.2. in Hoofstuk 3).

Die volgende bevindings is gemaak:

- Die vyf gevallestudies wat in 'n kwalitatiewe empiriese studie bestudeer is, het die volgende pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, toegelig (vergelyk 3.1.6. in Hoofstuk 3): die verwerking van die magteloosheid om teen 'n persoon se wil in 'n egskeiding gedwing te word, die hantering van die hartseer rondom die redes wat aangevoer is vir die egskeiding, die heropbou van die selfbeeld, die oorkoming van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek en hulp in die rouproses waar die Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef is as egskeiding.
- Op die terrein van die Psigologie het dit duidelik geword dat selfkonsep; seksualiteit; huweliksontrou; onverenigbaarheid as gevolg van onkunde oor psigologiese afwykings; psigologiese nood voortgebring deur sosiale stressore; persoonlikheidsverandering; en die langtermyn effek van ouerlike egskeiding 'n rol speel in die pastorale behoeftes van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef (vergelyk 3.2.1. in Hoofstuk 3).
- Op die terrein van Sosiologie dra verminderde ekonomiese interafhanklikheid; verminderde sosiale, morele en wetlike beperkings; hoë verwagtings ten opsigte van 'n "ideale huwelik"; veranderde aard van die huwelik; sosiale en politieke verandering; gesinsgeweld; paartjies wat te jonk of te vinnig trou; en verskille in ouerskapstyle by tot die pastorale behoeftes van 'n persoon wat in 'n Geen-Uitweg Egskeiding verkeer (vergelyk 3.2.2. in Hoofstuk 3).

Die gevolgtrekking is dus dat daar pastorale behoeftes in die praktyk geïdentifiseer is (Hoofstuk 3) wat nie voldoende deur die bestaande teorie (Hoofstuk 2) aangespreek word nie.

In Hoofstuk 4 is sekere praktykteoretiese riglyne gegee ten einde die teorie nader aan die eise van die praktyk te bring. Hierdie riglyne is aan die hand van twee pastorale motiewe van 'n narratiewe benadering gestel:

- Die verwerking van die trauma wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding tot gevolg het (vergelyk 4.1.1.).
- Die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef (vergelyk 4.1.2.).

Aan die hand van hierdie twee pastorale motiewe is riglyne neergelê vir pastorale hulp aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Riglyne vir die praktiese toepassing van 'n Skriftuurlike narratiewe benadering is neergelê ten opsigte van die volgende pastorale behoeftes:

- Pastorale hulp met die verwerking van die magteloosheid om teen 'n persoon se wil in 'n egskeiding gedwing te word.
- Pastorale hulp met die hantering van die hartseer rondom die redes wat aangevoer is vir die egskeiding.
- Pastorale hulp met die heropbou van die selfbeeld.
- Pastorale hulp met die oorkoming van die verlies aan 'n geleentheid om huweliksprobleme aan te spreek.
- Pastorale hulp in die rouproses waar die Geen-Uitweg Egskeiding meer soos dood beleef word as egskeiding.

In hierdie hoofstuk word vervolgens 'n finale gevolgtrekking gemaak, waarna sekere terreine vir verdere ondersoek aangedui word.

## 5.2. FINALE GEVOLGTREKKING

'n Persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, het unieke pastorale behoeftes wat 'n unieke pastorale benadering vereis wanneer pastorale hulp aan so 'n persoon verleen word. Die pastor behoort 'n onderskeid te tref tussen die pastorale versorging van 'n persoon wat onder normale omstandighede 'n egskeiding beleef en die pastorale versorging van 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. Hierdie studie het aangetoon dat die narratiewe benadering wat op Skrifbeginsels gegrond word, 'n goeie keuse is vir die pastorale hulpverlening aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. 'n Narratiewe benadering is suksesvol met die bediening van hulp aan die kliënt ten opsigte van die verwerking van die trauma van 'n Geen-Uitweg Egskeiding en met die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef het. Die riglyne wat in hierdie studie neergelê is ten opsigte van die pastorale hulp aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, is geskik om met sukses in die praktyk deur die pastor aangewend te word.

## 5.3. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Gedurende hierdie studie het dit duidelik geword dat verdere studie op die volgende terreine van groot waarde sal wees:

5.3.1. Die pastorale versorging van kinders wie se ouers 'n Geen-Uitweg Egskeiding ondergaan het.

5.3.2. Die gebruik van die narratiewe benadering in die pastorale versorging van persone wat magteloosheid beleef as gevolg van trauma in hul lewe.

5.3.3. Die rol wat die narratiewe benadering kan speel in die heropbou van 'n persoon wie se selfbeeld ernstig onder trauma gely het.

5.3.4. Die rol wat die narratiewe benadering kan speel in die verwerking van rousmart.

5.3.5. Die voorkoming van 'n Geen-Uitweg Egskeiding deur toepaslike huweliksberading.

5.3.6. Die identifisering van die gevaartekens vir die voorkoms van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

5.3.7. Die rol van die gemeente speel in die verwerking van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

5.3.8. Die rol wat 'n nuwe verhouding of huwelik speel in die verwerking van 'n Geen-Uitweg Egskeiding.

# OPSOMMING


## DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE PERSOON IN 'N GEEN-UITWEG (GEDWONGE) EGSKEIDING

Hierdie studie het die pastorale begeleiding van die persoon wat 'n Geen-Uitweg (gedwonge) Egskeiding beleef, ondersoek. In hoofstuk 2 is die verskynsel van 'n Geen-Uitweg Egskeiding gedefinieer. Beginsels uit die Skrif rakende 'n Geen-Uitweg Egskeiding is afgelei aan die hand van Matteus 19: 1 – 12 en 1 Korintiërs 7: 1 – 16. Die faktore wat aanleiding kan gee tot die totstandkoming van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is verreken aan die hand van 'n literatuurstudie. Toepaslike pastorale beginsels van 'n Geen-Uitweg Egskeiding is uitgelig deurdat die belangrikste protagoniste in die wetenskap van die Pastoraat oorweeg is. Hoofstuk 3 het die pastorale behoeftes wat 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, oorweeg. Dit is gedoen deurdat 'n kwalitatiewe empiriese studie gedoen is van vyf gevallestudies. 'n Literatuurstudie van die naaswetenskappe van Psigologie en Sosiologie is gedoen om die empiriese studie van die gevallestudies aan te vul. In hoofstuk 4 word 'n narratiewe benadering voorgestel vir die pastorale begeleiding van die persoon in 'n Geen-Uitweg Egskeiding. Riglyne is neergelê vir die verwerking van die trauma wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding teweegbring en vir die bediening van hoop aan 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef. In hoofstuk 5 is die finale gevolgtrekking gemaak dat 'n Geen-Uitweg Egskeiding unieke uitdagings aan die pastor stel en dat 'n narratiewe benadering die pastor genoegsaam toerus om 'n persoon wat 'n Geen-Uitweg Egskeiding beleef, sinvol op pastorale vlak te begelei.

# ABSTRACT


## THE PASTORAL CARE OF THE PERSON IN A NO-WAY OUT (FORCED) DIVORCE

This study focused on the pastoral care of the person in a No-Way Out (Forced) Divorce. In chapter 2 a definition is formulated of the phenomenon of a No-Way Out Divorce. Principles from Scripture concerning a No-Way Out Divorce are derived from Matthew 19: 1 – 12 and 1 Corinthians 7: 1 – 16. The factors that contribute to the occurrence of a No-Way Out Divorce are considered through a study of relevant literature. Applicable pastoral principles were highlighted by considering the most important protagonists in the science of Pastoral Care. Chapter 3 considered the pastoral needs of a person that lives through a No-Way Out Divorce. This was done by a qualitative empirical study of five study cases. A study of the literature from the congenial sciences of Psychology and Sociology was done to add to the empirical study of five study cases. In chapter 4 a narrative approach to the pastoral care of a person that lives through a No-Way Out Divorce, was proposed. Guidelines were given concerning the coping with the trauma caused by a No-Way Out Divorce and for the ministering of hope in the life of a person experiencing a No-Way Out Divorce. In chapter 5 a final conclusion is drawn from the study. It is concluded that a No-Way Out Divorce poses unique challenges to the pastor and that a narrative approach provides enough pastoral tools to give meaningful guidance on a pastoral level to a person living through a No-Way Out Divorce.

# SLEUTELTERME / KEY WORDS

| SLEUTELTERME | KEY WORDS |
|---|---|
| Pastorale Begeleiding | Pastoral Care |
| Egskeiding | Divorce |
| Geen-Uitweg Egskeiding | No-way out Divorce |
| Gedwonge | Forced |
| Narratief | Narrative |

# BRONNELYS


ADAMS, J.E. 1973 The Christian Counselor's Manual. Presbyterian and Reformed Publishing Company. Philipsburg. New Jersey. 476 p.

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H. 1988 Human Systems as Linguistic Systems: Preliminary and Evolving Ideas About the Implications of Clinical Theory. *Family Process,* 27:371 – 393.

BARLOW, D.H. & DURAND V.M. 1995 Abnormal Psychology: An Integrative Approach. Brooks/Cole Publishing Company. Pacific Grove. 806p.

BAUM, N. 2003 The Male Way of Mourning Divorce: When, What, And How. *Clinical Social Work Journal,* 31(1): 37 – 50.

BAUM, N. 2004 On Helping Divorced Men to Mourn Their Losses. *American Journal of Psychotherapy*, 58(2):174 – 185.

BORING, E.M. 2002 The New Interpreter's Bible, Vol 8. Abingdon Press. Nashville.

BOTHA, J.A. 2003 Narratiewe Pastorale Egskeidingsmediasie: Stories van Hoop. Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – Ph. D.) 321 p.

CAMILLE, A. 2006 Rise, Put Down your Baggage, and Go. *U.S. Catholic,* 39 – 41, February.

CARDENAL, V., SANCHEZ-LOPEZ, M.P. & ORTIZ-TALLO, M. 2005 Impact on Personality Loss or Separation from Loved Ones. *Journal of Loss and Trauma,* 10:267 – 292.

CHETTY, D. 2002 Forced Divorce? A Synthesis of Parallactic Approaches tot the Ethical Pragmatism of Divorce in the Old Testament & New Testament Texts. Universiteit van Durban-Westville. (Verhandeling – M.A.) 316 p.

CLINEBELL, H. 1992 Basic Types of Pastoral Care and Counseling. Abingdon Press. Nashville. 464 p.

CORNES, A. 1993 Divorce and Remarriage: Biblical Principles & Pastoral Care. Eerdmans. Michigan. 528 p.

COSGRAVE, W. 2001 Christian Living Today: Essays in Moral and Pastoral Theology. The Columbia Press. Dublin. 256 p.

CUNNIGHAM, P., BOULT, B. & POPENOE D. 1997 Sociology – First South African Edition. Prentice Hall South Africa. Kaapstad. 521p.

DE KLERK, J.J. 1985 Verbond en Bediening. NGK Uitgewers. Kaapstad. 84 p.

DE KLERK, W.C. 2002 Rekonstruksie van Lewe na Egskeiding. Universiteit van Suid-Afrika. (Proefskrif – D.Th.) 345 p.

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1996 Verbond en die Pastoraat. Perspektiewe vir die Ontwerp van 'n Paradigma vir die Pastoraat. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 37(1):152 – 165.

JOHNSON, A.F. 2004 The IVP New Testament Commentary Series, 1 Corinthians. Intervarsity Press. Downers Grove, Illinois.

GANZEVOORT, R.R. 1993 Investigating Life-Stories: Pastoral Narratives in Pastoral Psychology. *Journal of Psychology and Theology.* 21:277 – 287.

HAGNER, D.A. 1995 Word Biblical Commentary. Vol. 33b. Word Books, Publisher. Dallas, Texas.

HEITINK, G. 1999. *Practical Theology: history, theory, action domains.* Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids : Eerdmans.

HEITINK, G. 1979 Pastoraat Als Hulpverlening. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok, Kampen. 412 p.

HILTNER, S. 1949 Pastoral Counseling. Abingdon Press. Nashville. 291 p.

KULKA, R.A. & WEINGARTEN, H. 1979 The Long-Term Effects of Parental Divorce in Childhood on Adult Adjustment. *Journal of Social Issues,* 35(4):50 – 76.

LAMANA, M.A. & RIEDMANN, A. 1994 Marriages and Families. Making Choices and Facing Change. Wadsworth Publishing Company. Belmont. 709p.

LEVINE, S.B. 2005 A Clinical Perspective on Infidelity. *Sexual and Relationship Therapy,* 20(2):143 – 153.

LOUW, D.J. 1983 Versoening in 'n Huwelikskrisis. [Potchefstroom]: Instituut vir Reformatoriese Studie. 22 p. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1. IRS-studiestukke; no. 182)

LOUW, D.J. 1997 Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting. Lux Verbi. Kaapstad. 571 p.

MACARTHUR, J. 1995 Rediscovering Pastoral Ministry. Word Publishing. Dallas. 439 p.

MARLOW, L & SAUBER, S.R. 1990 The Handbook of Divorce Mediation. Plenium Press. New York. 505p.

MILLER, R.S., PERLMAN, D. & BREHM, S.S. 2007 Intimate Relationships. McGraw Hill. Boston. 480p.

PIETERSE, H.J.C. 1990. Die praktiese teoloog en empiriese navorsing. (*In:* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. *Eerste treë in die Praktiese teologie.* Pretoria : Gnosis. p. 75-87)

PIETERSE, H.J.C. 1998. A theological theory of communicative actions. *Religion and Theology,* 5(2):176-194.

PLUNKET, R.L. 1995 Vow for Now. *National Review;* 47(10):48 – 54, May 29

POWELL, D.E 2003 Divorce on Demand. *National Review*, 55(20):44 – 47, Oct 27

ROUX, J.P. 1997 Die Koinoniale Konstruksie van 'n Toerustingsprogram vir Narratiewe Pastorale Sorg. *Acta Theologica,* 17(1):51 – 80.

SAMPLEY, J.P. 2002 The New Interpreter's Bible, Vol. 10. Abingdon Press, Nashville.

SCHAEFER, R. 2006 Sociology – A Brief Introduction. McGraw Hill. Boston. 507p.

SHANSKY, J 2002 Negative Effects of Divorce on Child and Adolescent Psychosocial Adjustment. *Journal of Pastoral Counseling,* 37:73 – 87.

SUID-AFRIKA. 1979 Wet op Egskeiding, no. 70 van 1979. Pretoria : Staatsdrukker.

SWEENEY, M.M. & HORWITZ, A. V. 2001 Infidelity, Initiation, and the Emotional Climate of Divorce: Are There Implications for Medical Health? *Journal of Health and Social Behavior,* 42:295 – 309.

THORNES, B. & COLLARD, J. 1979. Who Divorces? Routledge & Kegan Paul. London. 223p.

THURNEYSEN, E. 1963 A Theology of Pastoral Care. John Knox Press. Richmond, Virginia. 343 p.

VAN STADEN, S 1987 My Huwelik het Misluk: Riglyne om die Situasie Vóór, Tydens en Ná Egskeiding Beter te Hanteer. Owen Burgess-uitgewers, Kaapstad. 226 p.

VAN ZYL, H. 2002 Die Nuwe Testament en Seksualiteit. *Acta Theologia,* 2002(2):244 – 249.

WETTE ***kyk*** SUID-AFRIKA

WOODWARD, J. & PATTISON, S. 2000 Pastoral and Practical Theology. Blackwell Publishing Ltd. Malden. 334 p.

ZERFASS, R. 1974 Praktische Teologie als Handelungswissenschaft. *In* Klostermann, F & Zerfass, R. Prakticshe Teologie heute. Munchen: Kaiser. P. 164 – 177.